

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



BEWAAR JOU GOEIE PAND

Vraagstukke besien vanuit Gereformeerde standpunt

deur

Ds. P.J. de Bruyn

INHOUD

WOORD VOORAF	4
DEEL I: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE EREDIENS	5
HOOFSTUK 1: DIE KINDERDOOP	5
HOOFSTUK 2: ONDERDOMPELING EN BESPRENKELING.....	7
HOOFSTUK 3: DOOPSONDAE	8
HOOFSTUK 4: DIE NAGMAAL	10
A. BEKER OF KELKIES	10
B. AAN 'N TAFEL OF IN DIE BANKE.....	12
HOOFSTUK 5: ILLUSTRASIES IN DIE PREDIKING.....	14
HOOFSTUK 6: SPESIALE SONDAE	18
I. WAT DIT IS.....	18
II. BESWARE DAARTEEN	18
III KINDERDIENSTE.....	18
HOOFSTUK 7: KOORSANG IN DIE EREDIENS	20
HOOFSTUK 8: PSALMS OF GESANGE	22
I. DIE GETUIENIS VAN DIE SKRIF	22
II. DIE GETUIENIS VAN DIE GESKIEDENIS	23
III. ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN GESANGE	25
IV. BLY BY DIE SKRIF	27
DEEL II: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE GEBED	29
HOOFSTUK 9: GEBEDSGENESING.....	29
WAT ONDER GEBEDSGENESING VERSTAAN WORD.....	29
DIE PRAKTYK	29
DIE LEER.....	30
HULLE BEROEP OP DIE SKRIF	31
REKLAME.....	32
HULLE "RESULTATE".....	32
BEOORDELING.....	32
HOOFSTUK 10: BIDURE.....	34
HOOFSTUK 11: ONVERHOORDE GEBEDE	38
DEEL III: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE KERK	44
HOOFSTUK 12: KERKLIKE BYDRAES.....	44
I. DIE MOTIEF VIR DIE GEE VAN BYDRAES.....	44
II. DIE KARAKTER VAN DIE BYDRAES	45
III. DIE HOEVEELHEID VAN DIE BYDRAES	46
IV. DIE INSAMELING VAN BYDRAES.....	47
HOOFSTUK 13: KERKBESOEK	49
HOOFSTUK 14: ATTESTASIES.....	51
I. WAT IS 'N ATTESTASIE?	51
II. HOE KOM DIE ATTESTASIE BY DIE KERK WAARHEEN GEGAAN WORD?	51
III. KAN 'N ATTESTASIE GEGEE WORD AAN 'N PERSOON WAT 'N GERUIME TYD REEDS UIT DIE GEMEENTE VERTREK HET?.....	51
IV. WAAROM WORD 'N ATTESTASIE AFGELEES?	52
V. WORD 'N ATTESTASIE GEGEE AAN 'N PERSOON WAT DIE GEMEENSAP VAN DIE KERK OPSÉ OM NA 'N KERK IN 'N ANDER KERKVERBAND (N.G. KERK OF HERV. KERK) TE GAAN?	52
HOOFSTUK 15: DIE C.S.V.	53
I. WAT IS DIE C.S.V. ?	53
II. DIE C.S.V. IS "INTERKERKLIK"	53
III. DIE DOEL VAN DIE C.S.V.	54
IV. GEEN BELYDENISGRONDSLAG NIE	56
V. DIE LEUSE VAN DIE C.S.V.	56

HOOFSTUK 16: KERK EN POLITIEK	57
I. DIE KERK EN SY ROEPING.....	57
II. WAT IS POLITIEK?	59
III. KERK EN POLITIEK.....	60
HOOFSTUK 17: KERK EN OWERHEID	62
I. DIE ROEPING VAN DIE KERK TEN OPSIGTE VAN DIE OWERHEID	62
II. DIE ROEPING VAN DIE OWERHEID TEN OPSIGTE VAN DIE KERK	63
HOOFSTUK 18: KERK EN EKUMENISITEIT	67
I. NOODSAAKLIKHEID VAN EKUMENISITEIT	67
II. GESKEIDENHEID EN VERSKEIDENHEID VAN KERKE.....	67
III. DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE.....	68
IV. DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE.....	70
DEEL IV: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE GELOOFSLEWE IN DIE	
ALGEMEEN	72
HOOFSTUK 19: BEKERING	72
HOOFSTUK 20: DANS.....	74
HOOFSTUK 21: BEGRAFNIS OF LYKVERBRANDING	76
HEIDENSE ONDERGROND VAN LYKVERBRANDING	76
ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN LYKVERBRANDING.....	77
WAT LEER DIE SKRIF ONS	78
HOOFSTUK 22: SKOONHEIDSWEDSTRYDE	80
HOOFSTUK 23: LOTERY EN DOBBELARY	82
HOOFSTUK 24: FILM EN BIOSKOOP.....	86
I. DIE DOEL VAN DIE BIOSKOOP.....	86
II. DIE LAAGSTAANDE MORELE PEIL	86
III. VALSE VOORSTELLINGS.....	87
IV. VERVLAKKENDE WERKING	88
V. DIE INVLOED VAN DIE BIOSKOOP	89
VI. INVLOED OP DIE JEUG.....	90
VII. ONS HOUDING TEENoor FILM EN BIOSKOOP	90
HOOFSTUK 25: DIE VERFILMING VAN DIE BYBEL	92
HOOFSTUK 26: STERREWIGGELARY.....	94
HOOFSTUK 27: ONS ARBEID.....	97
HOOFSTUK 28: WIE IS ONS VRIENDE?	99

WOORD VOORAF

Uit gesprekke met baie persone het dit geblyk dat hulle wel weet watter Gereformeerde standpunte ten opsigte van bepaalde vraagstukke ingeneem word, maar nie altyd weet waarom die standpunte ingeneem word nie. Hierdie boek trag om op die waarom-vrae antwoorde te bied.

Verskeie van hierdie hoofstukke het as artikels in "Die Gereformeerde Vroueblad" en "Die Kerkblad" verskyn. Vir publikasie in hierdie boek is dit egter hersien en sommige uitgebrei.

My hartlike dank aan mev. J. du Toit vir die tik van die manuskrip en aan dr. F. van der Stoep vir die taalkundige hersiening.

Ek hoop van harte dat God die verskyning van hierdie boek sal seën en dit diensbaar sal stel aan die verdieping van die geloofslewe van Sy kinders.

Vereeniging

April 1964.

P. J. DE BRUYN

DEEL I: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE EREDIENS

HOOFSTUK 1: DIE KINDERDOOP

Terwyl die kinderdoop in die Roomse Kerk en in die meeste Protestantse Kerke as vanselfsprekend aanvaar word, word dit al die afgelope paar eeue heftig deur die Wederdopers en aanverwante sektes beveg. In die jongste tyd het die invloedryke Duitse teoloog, Karl Barth, wie se invloed ook in ons land reeds duidelik merkbaar is, 'n felle bestryding van die kinderdoop opgebou.

Die Wederdopers en Barth sê dat om gedoop te word, 'n mens geloof moet hê en ook die geloof moet kan bely. Daarom kan kindertjies nie gedoop word nie, want 'n mens weet nie of hulle later sal glo nie.

Oënskynlik het hierdie mense 'n baie sterk argument. Tog toon hulle juis deur hulle argumentasie dat hulle die Skriftuurlike pad heeltemal byster geraak het. Want die groot rede waarom hulle so 'n ernstige beswaar het teen die kinderdoop is òf omdat hulle die verbond van God verkeerdelik interpreteer òf omdat hulle 'n heeltemal onskriftuurlike beskouing daaromtrent het.

In sy verdediging van die kinderdoop gaan ons Kategismus egter juis uit van die verbond.¹ Daardeur word die volle eer aan God gegee — aan Hom wat in Sy vrymagtige welbehag verklaar het dat Hy die kinders van die gelowiges in die genadeverbond wil opneem.

In Gen. 17 lees ons dat God met Abraham as vader van al die gelowiges 'n verbond opgerig het. God het dit nie gedoen omdat Hy Abraham nodig gehad het nie, want Hy is die algenoegsame God. Maar uit vrye genade het Hy Hom tot Bondgenoot van Abraham, wat omring was van soveel gevare en weerloos gestaan het in 'n wrede wêreld, verklaar.

In die verbond het God Homself verbind om vir Abraham 'n God te wees. Dit het onder andere beteken dat God hom om Christus ontwil al sy sondes wil vergewe en hom die ewige lewe wil skenk. Hierdie verbond het God beseël deur die besnydenis. Dit moes vir Abraham die teken wees dat hy 'n verbond met God het, dat God sy God is. Aan die ander kant moes dit hom wys op sy plig in hierdie verbond: om onvoorwaardelik aan die bevele van die Here gehoorsaam te wees.

Hierdie verbond het God egter nie net met Abraham alleen opgerig nie, maar met al sy kinders en dan ook nie net sy natuurlike kinders nie, maar veral sy geestelike kinders. In Gen. 17:7 verklaar Hy: "Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte tot 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou." En om te toon dat die kinders van die gelowiges werklik tot die genadeverbond behoort, het God self beveel dat hulle die teken van die verbond, naamlik die besnydenis moet ontvang. In Gen. 17 sê God: "'n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word . . . Die wat in jou huis gebore word, moet sekerlik besny word. So moet dan My verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond."

Hieruit is dit duidelik dat in die Ou Testamentiese tyd 'n kindjie wat uit gelowige ouers gebore is, 'n verbondskind was en ook die teken van die verbond in die besnydenis ontvang het. Die kind het dus in die tyd die verbondsteken ontvang nog voordat hyself in staat was om sy geloof te bely, met ander woorde voordat hy kon voldoen aan die vereiste wat deur die Wederdopers en Karl Barth gestel word.

As 'n kind nou in die Ou Bedeling reeds in die verbond van God ingesluit was en die teken van die verbond ontvang het, hoeveel te meer geld dit nie vir die Nuwe Bedeling wat tog soveel ryker as die Ou Bedeling is nie! Trouens, as 'n kind van gelowige ouers in die Nuwe Bedeling nie in die verbond ingesluit is en geen reg het op die verbondsteken nie, beteken dit dat ons met die koms van Christus geestelik armer geword het, en dit is tog dwaasheid om selfs net aan so iets te dink.

¹ Heid. Kat. antw. 74.

Bowendien moet ons onthou dat daar maar net *een* genadeverbond is en dat dit slegs twee bedelings het, 'n oue en 'n nuwe. Hierdie verbond is wel met Abraham opgerig—daarom word hy genoem die vader van al die gelowiges—maar tog vind dit sy krag en bestaansreg in Jesus Christus wat die Hoof van hierdie genadeverbond is. En as die genadeverbond in beide bedelings *een* is en ook net *een* Hoof het en die kinders van die gelowiges in die Ou Bedeling tot die verbond behoort het en die besnydenis as teken van die verbond ontvang het, dan is dit tog vanselfsprekend dat hulle in die nuwe en ryker bedeling ook tot die verbond behoort en die doop as teken van die verbond moet ontvang.

Hierby kom nog dat die Nuwe Testament self getuig dat kinders van gelowige ouers tot die verbond behoort sodat die verbondsbelofte hulle ook toekom. As Petrus op Pinksterdag preek (Hand. 2) en hom rig tot die verbondsvolk van Israel, dan sê hy: "Want die belofte (van die verbond) kom aan julle toe *en julle kinders*". En as die kinders nou wel tot die verbond behoort en die verbondsbeloftes vir hulle nie minder geld as vir die volwassenes nie (soos ons Kategismus sê), waarom kan hulle dan nie net soos die volwassenes wat tot die verbond behoort, gedoop word nie?

Naas hierdie verbondopvatting as rede vir die kinderdoop, is daar egter nog ander redes wat ook op een of ander wyse in verband staan met die verbond.

Een van die redes is dat daar in die Nuwe Testament van minstens vyf persone verklaar word dat hulle *saam met hulle huise gedoop is*. (Hand. 10:2, 47; Hand. 16:14, 15; Hand. 16:30-34; Hand. 18:8; 1 Kor. 1:16.)

By die aanvoering van hierdie argument kom die Wederdopers direk en sê dat daar nêrens gesê word dat daar kinders by was nie. Dit is wel waar, maar die ander kant van die saak is dat daar ook nie gesê word dat daar *nie* kinders was nie. En bowendien is dit selfs meer waarskynlik dat daar wel kinders by gewees het, want in die gewone taalgebruik van die tyd was dit tog so dat as van 'n man en sy huis gepraat word, die kinders daarby ingesluit was. Verder, dat *vyf* keer gepraat word van 'n persoon en sy of haar huis en dan aan te neem dat juis in nie een van daardie huise kinders was nie, lyk baie onwaarskynlik.

'n Verdere argument vir die kinderdoop is die feit — wat ook in ons Kategismus beklemtoon word — dat die besnydenis oorgegaan het in die doop. In Kol. 2:11, 12 skryf Paulus aan die Kolossense dat hulle in Christus besny is *met '« besnydenis wat nie met hande verrig is nie, omdat hulle saam met Hom begrawe is in die doop*. So wil hy dus eintlik sê dat die doop die nuwe besnydenis is. Die een teken van die verbond het oorgegaan in die ander een.

As die doop nou gekom het in die plek van die besnydenis en die besnydenis aan klein kindertjies bedien is, dan is dit vanselfsprekend dat die doop ook aan klein kindertjies bedien moet word.

Die laaste argument waarop ons wil wys, vind ons in die woorde van Christus: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan *sulkes* behoort die koninkryk van God" (Mark. 10:14).

Christus sê hierdie woorde nie van alle kinders sonder uitsondering nie, maar van daardie bepaalde kinders (*sulkes*) wat deur hulle moeders na Hom gebring is om deur Hom geseën te word. Hierdie moeders was dus gelowige moeders. Hulle het in Jesus geglo en daarom wou hulle hulle kinders deur Hom laat seën. Aan *sulke* kinders, of liever, aan die kinders van *sulke* ouers, sê Jesus, behoort die koninkryk van God.

As die koninkryk van God nou aan hulle behoort, hoe durf ons die doop as teken van daardie koninkryk aan hulle weier? Hulle is verbondskinders en moet daarom die teken van die verbond en die koninkryk van God ontvang.

Ons handhaaf dus die kinderdoop omdat ons daarvan oortuig is dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God.

HOOFSTUK 2: ONDERDOMPELING EN BESPRENKELING

As Gereformeerdes aanvaar ons sowel die onderdompeling as die besprenkeling as wyse waarop die doop bedien kan word. Dit blyk daaruit dat albei vorms van doopsbediening goedkeurend in ons doopsformulier genoem word as daar gesê word: "Dit word ons geleer deur die indompeling in en besprenkeling met die water, waardeur aan ons die onreinheid van ons siele aangedui word."

Die verskil met die Wederdopers en die mense wat soos hulle dink, lê daarin dat hulle sê dat die doop *alleen* deur onderdompeling kan geskied, terwyl ons beweer dat dit deur onderdompeling *of* besprenkeling kan geskied.

Nou is dit ongetwyfeld waar dat die onderdompeling die inhoud waarvan die doop 'n teken en seël is, naamlik die afwassing van die sondes deur die bloed van Christus, duideliker laat uitkom as die besprenkeling. Tog moet ons daarvan nie 'n beginselsaak maak nie en wel om die volgende redes:

1. Dit is nie die water wat ons sondes afwas nie, maar die bloed van Christus alleen. Die water is alleen maar 'n *teken* en *seël* wat heenwys na die bloed van Christus. Of daar dus baie water of 'n bietjie water gebruik word, maak eintlik nie saak nie. In die Ou Testamentiese tyd is die hele mens ook nie besny nie, maar slegs 'n klein deeltjie van die liggaam.
2. Die geestelike weldaad wat deur die doop afgebeeld word, word nie slegs 'n *afwassing* van die sondes genoem nie, maar ook 'n *besprenkeling* met rein water en met die bloed van Christus. So lees ons in Eseg. 36:25: "Dan sal Ek skoon water *op julle giet*, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al julle drekgode sal Ek julle reinig." En die skrywer van die Hebreërbrief sê dat die gelowiges van die Nuwe Testament gekom het tot "die bloed van *besprenkeling* wat van beter dinge spreek as Abel" (Hebr. 12:24). Petrus spreek ook van die gelowiges as "uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees tot gehoorsaamheid en *besprenkeling* met die bloed van Christus" (1 Petr. 1:2).
3. Hoewel die doop aanvanklik deur onderdompeling bedien was, kry ons reeds in die vroegste tye gevalle van besprenkeling, byvoorbeeld by gebrek aan water of as dit aan krankes op hulle bedde bedien is. Toe was dit reeds as geoorloof beskou.

In die Didaché¹ of die leer van die twaalf apostels, geskryf aan die einde van die eerste eeu, lees ons die voorskrif: Doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees in lewende water . . . As jy dit nie het nie, giet dan driemaal water op die hoof uit in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.²

Die Christelike kerk het ook nooit daaraan gedink om die doop wat deur besprenkeling bedien is, as ongeldig te beskou nie. Die Wederdopers beskou dit egter as sodanig. Daarom doop hulle persone wat tevore deur besprenkeling gedoop is weer as diegene tot hulle geleedere toetree.

Om hierdie gemelde redes reken ons dat die doop ook deur besprenkeling kan geskied.

Tog is dit nodig om die aandag daarop te vestig dat, ook wanneer die doop deur besprenkeling geskied, daar sekerlik nie so weinig water gebruik moet word dat die hele idee en simboliek van afwassing verlore gaan nie.

¹ Aanhalings uit ander tale is in hierdie boek meesal vertaald weergegee en al dergelike vertalings is deur myself gedoen.

² A. D. R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis II, Franeker, s.j. bl. 22.

HOOFSTUK 3: DOOPSONDAE

Onder Doopsondae word die bepaalde Sondae verstaan waarop die doop bedien word. Gewoonlik is daar by die kerke wat die praktyk van Doopsondae ingevoer het, net een sodanige Sondag per maand. Op die ander Sondae word in die reël geen doop bedien nie.

As gevolg van die instelling van hierdie Doopsondae word die bediening van die doop baie vertraag. Want as 'n kind byvoorbeeld op so 'n tyd gebore is dat dit net te laat is om hom op die betrokke maand se Doopsondag te doop, beteken dit dat daar 'n volle maand gewag moet word voor hy gedoop kan word. En as daar by die volgende maand se Doopsondag 'n wettige verhinderende kom weens siekte of andersins, sodat hy dan ook nie gedoop kan word nie, moet daar maar nog 'n maand gewag word. So word die bediening van die doop geweldig vertraag.

Tog mag dit nie so wees nie. Dit was altyd die standpunt van die ou Gereformeerde vaders dat die doop so gou as enigsins moontlik bedien moet word. Guido de Bres, die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelofenis, het die saak so ernstig aanvoel dat hy sy kind laat doop het op dieselfde dag waarop hy gebore is — en dit beslis nie vanweë die Roomse bygeloof dat 'n kind wat ongedoop sterwe nie salig word nie (vgl. Dordtse Leerreëls I, 17); intendeel, hy het aan die galg gesterf vanweë sy stryd teen die Roomse Kerk vir die Gereformeerde waarhede.

Saam met hom bely ons dan ook dat verbondskinders gedoop moet word "kort nadat hulle gebore is" (N.G.B. art. xxxiv). En waar die praktyk van Doopsondae ingevoer word, word gehandel in stryd met hierdie belydenis.

Die redes waarom die kinders van die gelowiges so gou as moontlik gedoop moet word, is die volgende:

1. Die doop is bo alles 'n saak tussen God en die kind. God wil Sy heerlike verbondsbloftes aan Sy verbondskind verseël. Vanselfsprekend wil God dit so gou as moontlik doen. So het Abraham immers die bediening van die verbondsteken verstaan, want toe God aan hom die opdrag gegee het om die te besny wat in sy huis was, het hy dit *op dieselfde dag waarop God dit aan hom gesê het, gedoen* (Gen. 17). Maar deur die instelling van Doopsondae word gereël dat God moet wag tot dit volgens menslike gebruik geskik is om Sy verbondsbloftes aan Sy verbondskind te verseël. Nie die tyd wat God verkies is hier die deurslaggewende nie, maar die tyd wat die mens verkies.

So word God gebind aan menslike reëlings. Hier word die mens groot gemaak en God klein, want God moet wag op die mens met sy reëlings en besluite.

2. Die verbondskind wat van God ontvang is, moet *uit dankbaarheid* weer so gou as moontlik deur die ouers aan God toegewy word deur die doop. Die doopsondae is vir die ouers wat dit werklik wil doen, 'n verhinderende.
3. Dat die onnodige nalaat van die bediening van die verbondsteken vir die Here werklik 'n gruwel is, sien ons duidelik uit die geskiedenis van Moses. In Ex. 4:24-26 lees ons die volgende: "En op pad in die herberg, het die Here hom (Moses) teëgekom en wou hom doodmaak. Toe neem Sippora 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit op sy voete en sê: Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom. En Hy het hom laat staan. Toe het sy gesê: Bloedbruidegom! — met die oog op die besnydenis."

Moses was op pad na Egipte om op bevel van die Here Israel te gaan verlos. Tog kom die Here hom hier nou teë om hom dood te maak. Waarom? Wil Hy Israel nie meer verlos nie? Nee, omdat Moses nalatig was om sy seun (waarskynlik Eliëser) te besny en so die verbond van God aan die kind te verseël.

Waarskynlik is die besnydenis nagelaat op aandrang van Sippora. Hulle albei het egter goed geweet dat hulle deur hierdie nalatigheid die gebod van die Here oortree, want toe

die Here Moses teëkom om hom dood te maak, het Sippora spontaan, sonder dat sy deur iemand aangesê is, haar seun besny. Sy het presies geweet wat die rede vir die toorn van die Here was. En nadat sy die seun besny het, het die Here Moses laat gaan, want aan Sy eis is toe voldoen.

Hier toon die Here dat Hy liever Moses doodmaak en Sy kerk nie verlos nie, as om toe te laat dat Sy verbond verder onheiligh word vanweë die verwaarlosing van die bediening van die verbondsteken, die besnydenis.

Omdat die doop nou volgens Kol. 2:11 en 12 in die plek van die besnydenis gekom het, kan ons sekerlik ook sê dat die oordeel van God wat gerus het op die nalatigheid van die besnydenis, ook rus op nalatigheid by die doop. As die doop van kinders dan een of meer Sondae waarop hulle gedoop kon wees, vanweë 'n kerklike reëling nagelaat word, dan is sodanige reëling die oorsaak dat die toorn van God op die betrokke ouers rus soos dit op Moses gerus het.

Uit die voorgaande kan gesien word dat die doop so gou as moontlik bedien moet word. Daarom is na ons oortuiging so 'n kerklike reëling soos die van die Doopsondae waardeur vertraging van die doopsbediening aan die hand gewerk word, verkeerd; intendeel, die ouers moet gedurig opgewek word om hulle kinders so spoedig moontlik te laat doop. Daarom bepaal art. 56 van ons Kerkorde ook: "Die Verbond van God moet aan die kinders van die Christene verseël word *so spoedig as wat die bediening kan plaasvind*, en dit in die openbare samekoms wanneer die Woord van God gepreek word."

HOOFSTUK 4: DIE NAGMAAL

Ten opsigte van die viering van die heilige Nagmaal is dit ons oortuiging dat dit moet geskied met 'n beker en nie met kelkies nie en verder moet dit plaasvind aan 'n tafel en nie in die banke nie. Hierdie standpunte wil ons nou ondersoek in die lig van Skrif en belydenis.

A. BEKER OF KELKIES

Dit is in die N.G. Kerk gebruikelik dat die Nagmaal hoofsaaklik met kelkies bedien word en nie met 'n gemeenskaplike beker nie. Die redes hiervoor sit dr. Jac. J. Müller soos volg uiteen: "Dit is om praktiese redes dat die kerke algaande die aparte kelkies ingevoer het in plaas van die gemeenskaplike beker. Die besware teen die een beker wat rondgaan en waaruit almal drink, was veral tweërlei: Eerstens was daar iets onkies en hinderliks in om by die heilige tafel iets te doen wat gemeentelede nooit anders in hulle huise sou doen nie, nl. om uit dieselfde beker te drink waaraan ander hulle lippe gesit het; tweedens was daar oorwegings van higiëniese aard, nl. die moontlikheid van oordra van aansteeklike siektes op die wyse. Gedagtes van bogenoemde aard verstoort die siele-kalmte van die nagmaalsganger en trek die aandag af van die geestelike verrigtinge en sy betekenis."¹

Dr. Müller sê verder dat nie die beker die deur Christus ingestelde teken van Sy kruisdood is nie, maar die wyn as gewisse waarteken van die bloed van Christus. "Dit sal daarom nie veel saak maak op welke wyse ons die wyn drink nie, solank ons die wyn gelowig ontvang en gebruik as teken en seël vir ons geloof van die kruisoffer van Jesus tot vergifnis van sondes."²

Hierdie redes is in ons oog nie sterk genoeg om die invoering van kelkies te regverdig nie. Want — om met die laaste argument te begin — dit is wel so dat die *wyn* die teken en seël van die bloed van Christus is, maar dit beteken beslis nie — soos dr. Müller sê — dat dit nou geen saak maak op watter wyse die wyn gedrink word nie. So 'n uitspraak ag ons in stryd met ons belydenis waarin uitdruklik op grond van die Skrif verklaar word dat ons God "op geen ander manier mag vereer as wat Hy in Sy Woord beveel het nie" (antw. 96 Heid. Kat. Vgl. Lev. 10:1-3). En aangesien Christus die Nagmaal met 'n beker ingestel het, is ons aan 'n beker gebonde. Al wat van ons gevra word, is onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Woord van die Here.

Ook die argumente dat die gebruik van die gemeenskaplike beker onkies is en dat aansteeklike siektes daardeur oorgedra word, kan nie aanvaar word nie. Want met hierdie argumente kom 'n mens onbetwisbaar te staan voor die vraag: Het Christus toe Hy die Nagmaal met 'n beker ingestel het miskien vergeet en nie daaraan gedink dat dit onkies is en dat aansteeklike siektes daardeur oorgedra kan word nie? As ons sê dat Hy wel vergeet het, dan rand ons die Godheid van Christus aan. As ons egter sê dat Hy dit nie vergeet het nie en die gevare wat aan die gemeenskaplike gebruik van die beker verbonde is, besef het, dan moet ons glo dat Hy wat die Nagmaal so ingestel het, ons ook met Sy almag van die gevare wat aan so 'n wyse van Nagmaalsviering verbonde is, sal bewaar en beskerm.

Ons kan dus nie anders nie as om te sê dat hierdie laaste argumente ten gunste van aparte kelkies geheel of gedeeltelik "voortkom uit 'n gees van ongeloof."³

Deur die bediening van die Nagmaal met kelkies word die eenheid van die gelowiges in Christus nie so sterk beklemtoon as wanneer dit geskied met 'n gemeenskaplike beker nie.

Op hierdie eenheid van die gelowiges in Christus word in ons Nagmaalformulier sterk

¹ In U Lig, Bloemfontein, 1957, bl. 66.

² Ibid. bl. 66.

³ Handeling van die Algemene Sinode van die Geref. Kerk 1930, bl. 49.

nadruk gelê as daar gesê word: "Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word, en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn en drank vloei, en tot een vermeng word, net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, deur broederlike liefde om Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys."

In die lig van hierdie eenheid in Christus, wat ook in die Nagmaal duidelik na vore moet kom, het die Sinode van die Gereformeerde Kerk soos volg geoordeel: "Die invoering van aparte kelkies maak die Awendmaal (Nagmaal) 'n individualistiese saak. En individualisme is in stryd met die karakter van die Nagmaal self. Daarmee word nie beweer nie dat by so 'n individualistiese gebruik van die Nagmaal die Sakrament sy werking nie kan doen nie. Maar dan bly dit die sakrament van die enkele gelowige, van die individu, en dit word nie die Sakrament van die gemeente nie. Die wese, die eenheid, die samehang van die gemeente kom nie by die individualistiese viering tot sy reg nie. Eers as die gelowiges saam aan een tafel sit, as hulle eet van dieselfde brood, en drink van dieselfde drinkbeker, kom daarin simbolies die eenheid van die Liggaam van die Here uit." En deur hierdie individualistiese viering met aparte kelkies word "die gees van liefdeloosheid in individualisme, wat vyande is van die gemeente van Christus, in die hand (ge)werk."¹

Positief kan ons sê dat dit ons oortuiging is dat die Nagmaal met 'n gemeenskaplike beker gevier moet word omdat Christus dit met 'n beker ingestel het en gesê het dat almal daaruit moet drink. In Matt. 26:27 lees ons: "Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit" (Vgl. Mark. 14:23).

Van hierdie laaste woorde: "Drink almal daaruit" sê dr. F. W. Grosheide: *Pantes* (Griekse woord vir *almal* — P.J.d.B.) staan met nadruk agteraan. Jesus wil dus bepaal dat hulle *almal* uit dieselfde beker sal drink. Daardeur word gemeenskap onder mekaar uitgedruk.²

In verband met Markus 14:23 waar staan dat almal uit dieselfde beker gedrink het, sê dr. E. P. Groenewald: "Nadat almal van die brood geëet het, neem Jesus die beker van danksegging op . . . spreek die dankgebed uit en gee die beker aan die dissipels met die uitdruklike bevel dat almal daaruit moet drink. Die deelname aan dieselfde maaltyd en die eet van dieselfde brood snoer die tafelenote saam tot 'n hegte gemeenskap. Deurdat hulle aan dieselfde beker deel kry, word die eenheidsband nog hefter . . . Die dissipels (word) deur die een beker as 't ware tot 'n familie van Christus, vgl. 3:25; d.i. tot 'n nuwe volk van God wat met die Here en met mekaar in die nouste gemeenskap verkeer."³

Om bogenoemde redes en veral omdat Christus die Nagmaal met 'n beker bedien het en daarby gesê het: "Drink almal daaruit," ag ons dit 'n gebiedende eis dat die Nagmaal met die gemeenskaplike beker bedien moet word.

Die vraag mag nou egter gestel word of dit nie 'n afwyking is as die Nagmaal met meer as een *beker* bedien word nie. Hierop moet ons antwoord dat dit sekerlik altyd ideaal moet bly om die Nagmaal met een beker te bedien en waar dit ook enigsins prakties moontlik is, moet dit so geskied. Tog, al word dit ook met meer as een beker bedien, is dit al heeltemal anders gesteld as met die kelkies, omdat daar dan van 'n individualistiese Nagmaalsviering geen sprake is nie. Die feit dat ek die beker van die persoon aan my een kant ontvang, daaruit drink en dit weer aan die persoon aan my ander kant gee, toon dat ons in Christus aan mekaar verbonde is en deur een geloof tot 'n eenheid saam verbind word.

¹ Ibid. bl. 49.

² Commentaar op het Nieuwe Testament — Mattheüs, Kampen, 1954, bl. 349

³ Die Evangelie volgens Markus, Pretoria, 1948, bl. 351, 352.

B. AAN 'N TAFEL OF IN DIE BANKE

Die bediening van die Nagmaal in die banke het — sover bekend — in Suid-Afrika die eerste keer plaasgevind in die N.G. Kerk van Riversdal in Januarie 1888. Daarteen het ernstige besware opgekom, maar geleidelik het dit by steeds meer en meer kerke ingang gevind sodat dit vandag feitlik algemene gebruik in die N.G. Kerk is.

Teen hierdie gebruik kan daar veral twee belangrike besware ingebring word. Die eerste is dat die idee van die *maaltyd* daardeur verlore gaan en die tweede is dat geen *behoorlike toesig* gehou kan word dat diegene wat nie mag Nagmaal gebruik nie, dit inderdaad nie gebruik nie.

Wat die *eerste beswaar* betref, kan gesê word dat Christus die Nagmaal aan 'n tafel ingestel het en wel in die vorm van 'n maaltyd waarby brood geëet en wyn gedrink word (Matt. 26:26-28). Daaroor kan nie die minste twyfel bestaan nie. Dr. H. Bavinck beklemtoon dit ook dat die plek waar en die tyd waarin die Nagmaal ingestel en in die ou tyd gevier is, duidelik laat uitkom dat dit 'n wesenlike maaltyd is.¹

Nou moet ons in gedagte hou dat die saam eet aan dieselfde tafel, veral in die ou tyd, 'n teken van besondere verbondenheid van die disgenote aan mekaar was. Daarom skryf Paulus ook aan die Korinthiërs: "Maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; *met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie*" (I Kor. 5:11). Die saam eet met so 'n persoon sou 'n verbondenheid aan hom en derhalwe 'n mate van goedkeuring van sy sondes beteken.

Dit laat ons die groot betekenis van die Nagmaal as maaltyd verstaan. Deur saam aan te sit aan dieselfde tafel en saam brood te eet en wyn te drink, word geopenbaar dat die gelowiges wat dit doen in die gemeenskap van die heiliges innig aan mekaar verbonde is. En hierdie karakter van die Nagmaal gaan verlore as daar nie meer saam aan dieselfde tafel aangesit word nie.

Nou is daar wel deur dr. J.A.S. Oberholster² en onlangs ook deur Prof. H. D. A. du Toit³ beweer dat die idee van 'n maaltyd nie verlore gaan as die Nagmaal in die banke bedien word nie, omdat die *tafel* nie heeltemal uit die kerk weggeneem is nie. Wat dit betref is dit nog net soos voorheen. "Die enigste verskil was dat in plaas daarvan dat die nagmaalgangers net in een ry rondom die tafel aangesit het, hulle op hul plekke in die banke bly sit het. Met ander woorde dit was net meer rye agtermekaar rondom die tafel."⁴

Hierdie redenasie gaan egter nie op nie. Trouens, as mense vir 'n maaltyd aan 'n tafel aansit, gaan sit hulle tog nie in verskillende rye agter mekaar rondom die tafel nie, maar slegs in een ry en as daar vir sommige nie plek is nie, wag hulle tot die ander klaar het en dan gaan hulle aan tafel.

Dieselfde geld ook vir die Nagmaal. As dit waarlik sy maaltyd-karakter wil behou — wat noodsaaklik is — dan moet almal aan die tafel kom aansit. Bowendien, as die Nagmaal in die banke genuttig word, verloor die tafel ook sy sin en betekenis en kan dit maar weggeneem word.

Die gevaar is dat as 'n mens ook van "die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is"⁵ begin afwyk, jy steeds verder van die Woord kan wegdwaal. Dat hierdie gevaar nie denkbeeldig is nie, blyk uit wat prof. H. D. A. du Toit verklaar. Hy sê: "'n Ander afbuiging is die nuwigheid dat 'n klein skinkbordjie met brood en wyn voor elke

¹ Gereformeerde Dogmatiek IV, Kampen, 1930, par. 543, bl. 540.

² Die Gereformeerde kerke onder die kruis in Suid-Afrika, H.A.U.M. Kaapstad/Pretoria, 1956, bl. 123, 124.

³ Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, Desember 1962, bl. 52.

⁴ Dr. J. A. S. Oberholster, a.w. bl. 124.

⁵ Kerkorde, Geref. Kerk in S.A., art. 62.

sitplek aan die bank vasgemaak word, sodat die tafel as't ware reeds gedek is en die kommunikant later homself help. Graag wil ek hierteen ten sterkste waarsku, want dan gaan ons al verder weg van die tafelgedagte. Dit word al makliker. Later sal ons die tekens maar tuis gebruik."¹

Die *tweede beswaar* teen die Nagmaalsbediening in die banke, naamlik dat geen behoorlike toesig gehou kan word nie, spreek eintlik vanself. As almal in die banke bly sit — veral in groot kerke — is dit baie makliker vir iemand wat nie die reg het om Nagmaal te gebruik nie om dit wel te doen, sonder dat hy of sy deur die ampsdraers opgemerk word. So iets kan nie gebeur as almal moet opstaan om aan die tafel te kom sit nie.

En dat dit geen geringe saak is as 'n persoon wat nie daartoe geregtig is nie wel die Nagmaal gebruik, blyk uit ons belydenis waarin verklaar word dat so die verbond van God ontheilig word en die toorn van God oor die ganse gemeente verwek word (Heid. Kat. antw. 82).

Die opstaan uit die banke en gaan na die Nagmaalstafel ag ons verder ook wenslik omdat die deelname aan die Nagmaal daardeur des te meer die karakter verkry van 'n positiewe belydenisdaad. Deur deel te neem aan die viering van die Nagmaal, verklaar ek — volgens die Nagmaalsformulier — dat ek 'n doemwaardige mens is wat midde in die dood lê vanweë my sonde, maar ook dat ek my hele saligheid en verlossing buite myself in Jesus Christus soek. Deur op te staan en na die Nagmaalstafel te gaan, word hierdie belydenis des te meer beklemtoon en onderstreep.

Samevattend kan ons dus sê dat ons dit veel meer in ooreenstemming met Skrif en belydenis ag wanneer die Nagmaal met 'n beker en aan 'n tafel bedien word, as wanneer dit met kelkies in die banke bedien word.

¹ A.w. bl. 53.

HOOFSTUK 5: ILLUSTRASIES IN DIE PREDIKING

Dat dit geoorloof is om konkrete illustrasies in die prediking van die Woord aan te wend met die doel om die waarheid wat verkondig word des te duideliker en oortuigender voor te stel en dit 'n des te lewendiger indruk te laat maak op die gees van die hoorders, hoef nie in die minste betwyfel te word nie. In die Skrif vind ons dat dit herhaaldelik gedoen is deur Moses, die digters en profete, deur Jesus self en ook deur die apostels. In sy boek: "Het exempel in de prediking",¹ het dr. Ph. J. Huijser dit duidelik aangetoon. Enkele voorbeelde uit die Skrif kan dit bevestig.

As Moses 'n illustrasie wil gee van God se bewarende trou en goedheid, verwys hy na die geskiedenis van Bileam (Deut. 23:5). Die Spreukedigter illustreer sy prediking oor die luiaard deur te verwys na die mier van wie die luiaard wysheid moet gaan leer (Spr. 6:6-9). As Christus leer dat die gelowige hom nie moet kwel oor voedsel en kleding nie, verwys Hy na die voëls van die hemel en die lelies van die veld (Matt. 6:25-34). Jesus illustreer Sy prediking ook deur te verwys na aktuele gebeurtenisse wat in die tyd van Sy omwandeling plaasgevind het. Om aan sy toehoorders te wys dat hulle hul sonder uitstel moet bekeer, verwys Hy na die toring van Siloam wat omgeval en agtien mense gedood het (Luk. 13:1-5). Paulus illustreer sy prediking oor die verhouding tussen Christus en die gelowiges met 'n verwysing na die verhouding tussen die hoof en die verskillende lede van die liggaam (I Kor. 12:12-31).

Hieruit is dit duidelik dat die aanwending van illustrasies in die prediking heeltal geoorloof is. Dit is ook die gedagte van dr. K. Dijk. Hy is van oortuiging dat 'n voorbeeld, 'n greep uit die lewe, 'n verwysing na die ervaring kan en mag dien om die gesprokene toe te lig . . . In die toepassing mag seer seker gebruik gemaak word van wat die lewe van Gods volk aan ervaring bied . . . Hierin lê ook die waarde van die *illustratiewe* element, waarmee egter versigtig omgegaan moet word.²

Sake word egter anders as hierdie illustratiewe element in die prediking nie *diens betoon* nie, maar *oorheers* en wel sodanig dat die hele preek of die grootste gedeelte daarvan niks anders is as 'n sameflansing van allerlei verhaaltjies nie, sodat die hoorders nie onder die indruk van die Woord kom nie, maar van die verbluffende illustreertegniek³ van die prediker. Daarom waarsku dr. Dijk ook dat met die illustratiewe element in die prediking versigtig omgegaan moet word. Hy sê: Die versigtigheid kom hierin uit dat die prediker sy preek nie volstop met allerlei verhaaltjies en anekdotes nie . . . Die preek is geen film en geen koerant nie en die oorfloed van sulke sensasionele aantreklikhede verraai gewoonlik diepe armoede aan insig in die Skrif en aan kennis van die geestelike lewe; hoe meer versies van ou en nuwe digters en hoe meer illustrasies, ook uit die eie pastorale lewe . . . des te armer en powerder en skraler is die prediking wat in die Woord van God voldoende stof vind om aan die gemeente die boodskap van die Gees te bring.⁴

Ons kan ook ten volle beaam wat die Nederlandse teoloog en digter, Okke Jager, sê: As 'n preek van verhaaltjies aan mekaar hang, is dit geen preek meer nie . . . As ons die leegte van die preek met aardige verhaaltjies wil bedek, word ons amen 'n vloek.⁵

Deur baie predikers in die moderne tyd word hierdie verhaaltjies en anekdotes gebruik as prikkelmiddel om meer belangstelling op te wek in die verkondiging van die *Woord*. Tog word in hierdie doel geensins geslaag nie. Dit word duidelik aangetoon deur dr. B. A. Müller as hy sê: "'n Groot verskeidenheid van retoriese, psigologiese, pedagogiese en liturgiese hulpmiddele word ingeroep om die verveling rondom die kansel te verdryf. Alleurlei kunstoertjies, anekdotes, plastiese beelde, ens., word in die prediking gebruik om

¹ Groningen, 1952.

² De Dienst der Prediking, Kampen, 1955, bl. 109, 166. Vgl. ook dr. T. Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, Wageningen, s.j. bl. 416.

³ Dr. Ph. J. Huijser, a.w. bl. 96.

⁴ A.w. bl. 166, 167.

⁵ Hoe vind u dat er gepreekt moet worden? Zwolle, 1959, bl. 57, 63.

die aandag te trek. So word die preek, en dikwels die hele erediens, 'n potpourri van allerlei onsamehangende elemente sodat die prediking in die smaak van soveel moontlik kan val. Die Woord deurdring en "kersten" nie die nuwe elemente nie, maar word een van die bykomende elemente van die potpourri. Al hierdie middele dien as substituuat vir 'n prediking wat nie daarin geslaag het om 'n ontmoeting tussen die lewende Woord en die werklike situasie te bewerk nie. Dit bied egter geen egte oplossing nie en vertoon daarom geen blywende werking nie. Die aktualiteit van die Woord gaan verlore te midde van allerlei prikkelmiddele en die verveling rondom die Woordverkondiging duur voort."¹

Ook om prinsipiële redes is sulke illustrasies wat ontaard in die vertel van allerlei anekdotes en verhaaltjies, te veroordeel. In II Tim. 4:2-4 lees ons: "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."

Dit is duidelik dat die verkondiging van die Woord en die vertel van fabels hier teenoor mekaar gestel word en wel so dat eersgenoemde aangemoedig en laasgenoemde veroordeel word. Hierdie fabels maak hulle verskyning wanneer deformatsie in die kerk intree, Want Paulus sê dat hulle te voorskyn sal tree wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie, maar in hulle gehoor gestreel wil wees. Die leraars waarna Paulus verwys, sal dan die Woord van God in mindere of meerdere mate loslaat om bevrediging te gee aan die subjektiewe gevoel van die hoorders.²

Die fabels wat Paulus hier in gedagte gehad het, moes ongetwyfeld dieselfde tipe fabels gewees het as wat daar in sy eie tyd bestaan het (Vgl. I Tim. 1:4; 4:1; Tit. 1:14). Destyds was daar Joodse fabels en fantasieë oor die heilige geskiedenis van die Ou Testament³ waarin die geskiedkundige feite van die Ou Testament deur die wonderlikste spekulasies oorwoeker en weggefantaseer is.⁴ Met ander woorde: dit is verhale waarin slegs aangehak word by een of ander Skrifwaarheid, maar daarna gaan die prediker op sy eie 'n verhaal in verband met die Skrifwaarheid ontwikkel. Sulke tipe fabels sou, volgens die apostel, hulle verskyning maak by 'n deformatsie in die kerk as die gesonde leer nie meer verdra sal word nie.

Die waarheid van hierdie woord van die apostel is ook deur die geskiedenis bevestig. Toe die Roomse Kerk sy diepste deformatsiepunt bereik het gedurende die twaalfde en dertiende eeue, is in die prediking ook die verskriklikste fabels en verhale vertel. Dr. Huijser sê Van die predikers van destyds die volgende: Hulle het met die illustrasie *homiletiese goëltoere* verrig, die volksmassa perpleks, met 'n oop mond laat staan en luister, en het aan die sensasiehonger 'n feesmaal van die mees sonderlinge en frappante verhale voorgesit.⁵

In ons eie tyd vind ons nou dat fabels en verhale van soortgelyke tipe as die wat Paulus veroordeel, hulle verskyning op sekere kansels maak. Die preek bestaan nie uit 'n *verklaring* en *toepassing* van die Woord nie, maar in die Woord word slegs 'n *aanknopingspunt* gevind vir een of ander verhaal met 'n min of meer sedelike strekking waarop die hoorders dan getraakteer word. So word die Woord van God verruil vir die woord van mense, vir kunstig, verdigte fabels (II Petr. 1:16).

Die vraag mag miskien nou gestel word: gee die feit dat Christus gelykenisse vertel het nie aan predikers die reg om in die bediening van die Woord van verhale gebruik te maak nie?

¹ Die lewende Woord aan die mens van die hede, Zaandijk, 1961, bl. 225.

² Dr. C. Bouma: K. V. der H. S.: I, II Tim. en Titus, Fil., Kampen, 1953, bl. 173.

³ Ibid. bl. 173.

⁴ Dr. Ph. J. Huijser, a.w. bl. 71.

⁵ A.w. bl. 96.

Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind, moet nagegaan word wat die doel en strekking is van die verhale wat in die prediking van die Woord vertel word, om dan vas te stel of dit ook die doel en strekking van die gelykenisse van Jesus was.

Die doel van die verhale in die prediking is sogenaamd om daarmee te verduidelik wat in God se Woord aan ons meegedeel word. Anders gestel: om die Woord van God so begryplik en verstaanbaar moontlik te maak. (Of daar werklik in hierdie doel geslaag word, is 'n ander saak.) Verder dien dit om die prediking so boeiend en pakkend te maak as wat moontlik is.

Was dit nou ook die doel van die gelykenisse van Christus? Op hierdie vraag antwoord ds. J. Keizer: Dit is dan ook dwaasheid om te beweer dat die Here Jesus in gelykenisse tot die skare gespreek het om die Evangelie aan hulle so boeiend, pakkend en duidelik moontlik te verkondig.¹

Laat ons sien wat sê die Skrif. In Matt. 13:10-13, Mark. 4:11, 12 en Luk. 8:10 word aan ons meegedeel wat die doel van Christus met die gelykenisse was. In eersgenoemde gedeelte lees ons: "En die dissipels het gekom en vir Hom gesê: Waarom spreek u tot hulle deur gelykenisse? Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. Want hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat² hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor nie hoor of verstaan nie."

Hieruit is dit duidelik dat Christus gelykenisse vertel het enersyds om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te openbaar (te verduidelik, te illustreer) en andersyds om met presies dieselfde gelykenisse die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te verberg (nie te verduidelik en nie te illustreer nie).

As die ware gelowiges en dissipels van die Here die gelykenisse hoor en dit nie verstaan nie, kom hulle na Jesus toe en vra 'n verklaring daarvan (Matt. 13:36) en deur die verklaring wat Hy dan gee, word die koninkryk van die hemele aan hulle *geopenbaar*. Op die wyse word deur die gelykenisse die sake van die koninkryk van die hemele aan hulle verduidelik en geïllustreer sodat hulle insig daarin verdiep en hulle begrip daarvan verhelder word. Daardeer word hulle geloof versterk en opgebou. Hulle het reeds geloof en — sê Jesus — vir die wat het, sal gegee word en hulle sal oorvloed hê. So versterk Hy dus hulle geloof deur die vertel en verklaring van gelykenisse.

Vir diegene wat egter nie waarlik in Christus geglo het nie en Hom net vir die skyn gevolg het, was die gelykenisse 'n *verberging*. Hulle hoor die gelykenisse van Jesus en verstaan dit nie. En in plaas daarvan om na Hom toe te gaan en soos Sy ware dissipels 'n verklaring te vra, trek hulle hul steeds meer van Jesus terug en verwerp Hom uiteindelik. En so word die bietjie geloof — al was dit skyngeloof — wat hulle nog in Christus gehad het, van hulle weggeneem, want — sê Hy — van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het.

So het die gelykenisse gedien om die een groep dieper in die verborgenhede van die koninkryk van God in te lei, hulle te sterk in hulle geloof en hulle nader te trek na Jesus. Dog *dieselfde* gelykenisse moes ook dien om vir die ander groep die verborgenhede van die koninkryk van God des te meer te verberg, hulle geloof te laat verdwyn en hulle so verder van Jesus af weg te dryf. *So het Jesus deur Sy gelykenisse skeiding gebring tussen Sy ware navolgers en die wat Hom maar net vir die skyn gevolg het sonder om waarlik in Hom te glo. Dit was dan ook 'n groot doel van sy gelykenisse.*

Hieruit is dit duidelik dat allerlei verhale en illustrasies nie in die prediking van die Woord vertel mag word met 'n beroep daarop dat Christus gelykenisse vertel het nie, omdat dit sou beteken dat die verhale ook presies dieselfde doel en strekking as die gelykenisse

¹ Het Woord aan het woord, Kampen, 1961, bl. 16.

² In Mark. 4:12 en Luk. 8:10: "sodat": dui *doel* aan.

moet hê en dit kan nooit die geval wees nie. Trouens waar die gelykenisse ook ten doel het om sekere mense weg te stoot van Christus af, het die vertel van verhale alleen ten doel om soveel moontlik mense in die kerk van Christus te hou en te keer dat hulle nie daarvan weggaan nie.

Samevattend kan dus gesê word dat die aanwending van illustrasies in die prediking van die Woord sekerlik geoorloof is, maar dit mag nooit ontaard in die vertel van fabels en verhale nie. Dit moet nie *heers* in die prediking nie, dit moet *dien*. Dr. Huijser verklaar in verband met die gebruik van illustrasies ook nog die volgende: Beperktheid in die *aantal* beelde en illustrasies, sodat die preekgedagtes nie daardeur oorwoeker word nie, is derhalwe 'n gebiedende eis. Ons sou hierdie eis ook wil stel ten aansien van die *omvang* van die illustrasie. Dit mag nie te uitvoerig wees nie en seker nie 'n groot gedeelte van die preek in beslag neem nie.¹

¹ A.w. bl. 223.

HOOFSTUK 6: SPESIALE SONDAE

I. WAT DIT IS

Onder Spesiale Sondae word verstaan die sogenaamde Moeder-Sondae, Polisie-Sondae, Burgemeester-Sondae, ens. Op die bepaalde Sondae word die betrokke persone in die erediens besonderlik op die voorgrond gestel en daar word spesiaal vir hulle gepreek en gebid. Diegene van die besondere groepe wat 'n spesifieke uniform of ampsgewaad het, kom dan meesal daarmee kerk toe en neem dikwels die voorste plekke in die kerk in.

II. BESWARE DAARTEEN

Teen hierdie Spesiale Sondae kan die volgende besware ingebring word.

- (i) In die erediens moet *God* en *Sy Woord* in die sentrum staan. Dit is 'n gebiedende eis van die Here self. In die vierde gebod word trouens verklaar: "Die sewende dag is die *sabbat van die Here jou God*" en in Openb. 1:10 word die Sondag "*die dag van die Here*" genoem. Hierdie benamings toon onbetwisbaar aan dat dit op die Sondag vir ons alleen om God moet gaan.

Op die Spesiale Sondae word sekere mense of groepe van mense egter in mindere of meerdere mate in die sentrum gestel sodat die aandag van die gemeente — al is dit dan net ten dele — van God afgetrek word en op die mense gevestig word sodat die dag van die Here 'n dag van mense word. Die feit dat met uniforms en ampsgewade kerk toe gekom word, dra nog meer daartoe by dat die aandag van die gemeente op die mense gevestig word, en dit terwyl alles in die erediens vir ons alleen om God moet gaan.

- (ii) Die erediens is 'n ontmoeting van die *hele* gemeente met God. Deur hierdie Spesiale Sondae word die eenheid van die gemeente opgeskeur in groepies van moeders, polisie, verpleegsters, ens.

Hierby kom ook nog dat die Woord van God steeds tot die *hele* gemeente gerig moet word. Paulus het mans, vroue, kinders en diensknegte as medelesers en medehoorders van sy briewe en preke ingesluit (Vgl. Ef. 5:22,25; 6:1,4, 5; Hand. 20:7-12). In die erediens op die Spesiale Sondae word die Woord van God egter uitsluitlik tot bepaalde persone gerig, sodat die ander wat daar teenwoordig is, veel minder belang daarby het.

- (iii) 'n Derde beswaar is dat die Woord van God op die Sondae omgebuig word om by die bepaalde persone of omstandighede aan te pas. Ds. W. J. M. Janson skryf oor hierdie saak soos volg: "Ons sal byvoorbeeld die verskeidenheid van Sondae (soos moeder-sondae, burgemeester-sondae en die rye ander spesiale geleenthede en persone waarvoor daar dienste ingerig word) dadelik in die ban moet doen. Want behalwe die feit dat hierdie dinge se bestaansreg moeilik te verantwoord is, is hulle ongetwyfeld een van die oorsake van die verval in ons prediking. Dit is waar die Skrif by die omstandighede ingepas moet word, dis waar die bekende, vergesogte spronge met tekste gemaak word om die by die bepaalde Sondag of diens uit te kom, waar meestal voor die tyd geweet word wat daar gesê gaan word en die teks ook maar net ten slotte daarby gehaal word".¹

III KINDERDIENSTE

Omdat die kinderdienste ook spesiale dienste is, val dit in dieselfde kategorie as die dienste wat op die Spesiale Sondae gehou word. Daarom is dit hier sekerlik ook die plek om iets meer in hierdie verband te sê.

Reeds uit wat in die voorgaande gesê is, kan die besware teen die kinderdienste duidelik

¹ Sodat ons weer waarlik kerk kan wees, Potchefstroom, s.j. bl. 32.

gemerk word. Deur die kinderdienste word die eenheid van die gemeente verbreek, terwyl die Skrif leer dat dieselfde Woord wat verkondig is, ewe goed vir kinders en volwassenes geld.¹

Prof. dr. K. Dijk het die volgende besware teen kinderdienste of jeugdienste.

- (a) Die erediens is 'n vergadering van die hele gemeente en nie van 'n aparte deel van die gemeente nie, hetsy oud of jonk.
- (b) Indien daar 'n begin gemaak word om te spesialiseer, moet hierdie spesialisasie deurgevoer word, nie alleen volgens leeftye nie, maar ook volgens sosiale groepering en intellektuele variasie.
- (c) Die jeug word so geïsoleer van die gesinne en ons kry aparte dominees en ouderlinge vir die jeug waardeur die eenheid van die gemeente verbreek word.
- (d) Die jongmense word afgeleer om na die gewone kerkdienste te gaan.²

Samevattend kan gesê word dat die Gereformeerde standpunt daarop neerkom dat die Woord wat verkondig word ewe goed vir alle mense geld, maak nie saak of hulle oud of jonk, of hulle in aansien of nie in aansien is nie, of hulle burgemeesters of polisie-beamptes of verpleegsters is nie. As die roepstem tot bekering uit God se Woord tot die gemeente kom, dan word die burgemeester nie minder daardeur geraak as die straatveër nie. En as die bedienaar van die Woord die gemeente uit die Woord van God vertroos en bemoedig, het dit vir die bejaardes net soveel te sê as vir die jeug. Dit is dieselfde Christus wat aan almal verkondig moet word en almal moet in Hom glo om gered te word.

¹ Vgl. wat gesê is by 2 (ii).

² De Dienst aan de Kerkjeugd, Kampen, 1954, bl. 21.

HOOFSTUK 7: KOORSANG IN DIE EREDIENS

Om die Gereformeerde standpunt ten opsigte van koorsang in die erediens te kan bepaal, is dit vooraf nodig dat ons onself rekenskap gee presies wat 'n erediens is en wat die karakter daarvan moet wees. 'n Erediens is 'n vergadering van die gemeente onder leiding en toesig van die ampte om hulle Verbondsgod te ontmoet. Die hoofsaak in die erediens is dus die ontmoeting van God met die *gemeente*, en dan nie slegs 'n deel van die gemeente nie, maar die hele gemeente. God spreek tot die gemeente, en die gemeente antwoord op hierdie spreke van Hom. God spreek tot Sy gemeente by monde van die dienaar en die gemeente antwoord, soms self en soms ook by monde van die dienaar.

Alles wat nou in die erediens plaasvind, moet deel vorm van God se spreke tot die gemeente en die gemeente se antwoord aan God. As iets anders bykom of iets wesentliks weggeneem word, loop die erediens gevaar om — vir daardie moment wat dit bykom of weggeneem word — sy karakter, naamlik die ontmoeting van God met die gemeente te verloor.

Wat gebeur nou as 'n koor tydens die erediens optree? Spreek God deur die koor tot die gemeente? "Hierdie standpunt kan sekerlik nie ingeneem word nie, aangesien dit indruis teen die hele idee van die erediens. Ten eerste, omdat die koorlied geen woordverkondiging is nie, en ten tweede omdat God in die erediens slegs deur Sy dienskneg en nie deur 'n gedeelte van die gemeente — geselekteer op grond van bepaalde eienskappe — sy gemeente aanspreek nie."¹

As die koor nie as mondstuk van God optree nie, is daar die ander moontlikheid dat dit as mondstuk van die gemeente kan optree. Is dit miskien die geval? "Ook dit bots radikaal met die wese van die erediens. 'n Gedeelte van die gemeente mag nie, en allermins in 'n kunsmatige voorafgevoerde vorm, namens die hele gemeente antwoord nie. God spreek nie net 'n gedeelte aan nie, maar die ganse gemeente."² Daarom moet die ganse gemeente in psalmsang antwoord op die sprake van God.

Deur die koorsang in die erediens in te voer, word daar dus aan die aktiwiteit van die gemeente in hulle antwoord op die sprake van God ernstige skade gedoen.

'n Verdere beswaar teen koorsang in die erediens lê daarin dat op die wyse 'n deur geopen word wat 'n mens maklik in die vaarwaters van die Roomse Kerk kan laat beland. Dit is naamlik bekend dat, toe koorsang in die Roomse Kerk ingevoer is, dit die gemeentelike sang geleidelik so verdring het, dat die gemeente ten tye van die Reformasie glad nie meer gesing het nie. En as koorsang nou in die erediens ingevoer word, sal dit aan die begin miskien net een maal in die erediens gebeur, maar as die koor eers een maal daar sing, kan dit nie miskien daartoe lei dat dit naderhand twee maal of meermaal daarin sing en die gemeentesang so verdring word nie? Die geskiedenis van die kerk het getoon dat hierdie gevaar nie denkbeeldig is nie.

'n Ander gevaar van koorsang in die erediens is dat die kunselement die hoofsaak word en die inhoud van die lied bysaak. Dan het dit — om met dr. Heyns te spreek — eerder 'n saak van kuns ter wille van die kuns as kuns ter wille van die godsdiens geword. Dan gaan dit nie meer om die stem van die lof nie, maar om die lof van die stem. "En wanneer dit die geval is, het die erediens geword 'n diens nie tot eer van God nie, maar van die mens, en dan sit ek nie meer in die kerk nie, maar in die konsertgebou."³ Dan kan die gemeentelede ook verlei word om nie na die erediens te gaan om God te ontmoet, Sy Woord te hoor en Hom te antwoord nie, maar om te gaan luister hoe mooi die koor sing. Dit is vroomheid met 'n slegte bysmaak.

Ons moet ook baie versigtig wees met die argument dat die koor 'n aangename

¹ Dr. J. A. Heyns: Die sin van die erediens, Bloemfontein, s.j. bl 42.

² Ibid. bl. 42.

³ A.w. bl. 43.

atmosfeer skep waarin die ontmoeting tussen God en Sy gemeente kan plaasvind. Dit is gevaarlik om deur enigiets anders as deur die Woord van God 'n atmosfeer vir die erediens te skep, want dit kan by die gemeente naderhand die gevoel laat ontstaan dat, sonder die bepaalde atmosfeer, 'n ware ontmoeting tussen God en Sy gemeente onmoontlik is.

Saam met dr. A. Kuyper wil ons sê dat dit die *gemeente* is wat moet sing en niemand mag in sy plek kom nie. Selfs mag geen koor *uit* die gemeente toegelaat word nie, omdat koorsang die orde versteur en die gemeente *luisterend* maak in plaas daarvan om self *te sing*.¹

¹ Onze Eeredienst, Kampen, 1911, bl. 81.

HOOFSTUK 8: PSALMS OF GESANGE

Die vraag wat in die erediens gesing moet word, is deur die eeue heen herhaalde male in die Christelike kerk gestel. Die antwoorde op hierdie vraag was in hoofsaak tweërlei: enersyds dat net die psalms wat in die Skrif gevind word, gesing mag word; andersyds dat behalwe genoemde psalms ook ander godsdienstige gesange of liedere gesing mag word.

Om 'n eie standpunt in verband met hierdie saak te bepaal, moet eers nagegaan word wat die getuienis van die Skrif en die geskiedenis hieromtrent is.

I. DIE GETUIENIS VAN DIE SKRIF

Dat die 150 psalms in die Ou-Testamentiese tyd algemeen deur Israel gebruik is, hoef nie betwyfel te word nie. Die blote feit dat hierdie bundel psalms in die Ou Testament opgeneem is, lewer genoegsaam bewys daarvoor. Natuurlik moet rekening gehou word met die feit dat daar onder Israel meer psalms as die 150 wat in die Bybel opgeneem is, kon bestaan het. As dit so is, kan aangeneem word dat hierdie 150 die meeste gebruik is totdat dit later onder leiding van die Heilige Gees geyk is en in een bundel saamgevoeg is, sodat waar in die Bybel na die sing van psalms verwys word, aan een of meer van hierdie 150 psalms gedink moet word. So word in verband met die inwyding van die tempel gesê dat daar psalms gesing is (II Kron. 7:6) en volgens prof. A. van Selms word hier bedoel Pss. 105-107, 136, 113-118,¹ met ander woorde psalms wat in die psalmbundel in die Ou Testament opgeneem is. Vgl. ook II Kron. 29:30.

Wat die Nuwe Testament betref, lees ons in Matt. 26:30: "En nadat hulle (Jesus en Sy dissipels) die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg." Die *lofsang* waarvan hier gespreek word, sien op die slotakte van die voorgeskrewe pasga-ritueel en dit sluit in Pss. 114-118.² Jesus self het dus die Ou-Testamentiese psalms gesing.

Hoe staan dit egter met die apostels? Was hulle geen voorstanders van die vrye lied nie? In Ef. 5:19 lees ons: "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here." Ook in Kol. 3:16 spreek Paulus van psalms en lofsange en geestelike liedere. Die vraag is nou: Is die *psalms* waarvan hier gespreek word die Ou-Testamentiese psalms en die *lofsange* en *geestelike liedere* vrye liedere of hoe moet daarvoor geoordeel word?

Sekerheid oor hierdie saak is daar nie,³ hoewel dit tog skyn of die meeste Skrifverklaarders reken dat ons hier met nog die Ou-Testamentiese psalms nog die vrye lied in die lyn van die latere gesange te doen het, maar met 'n buitengewone gawe van die Heilige Gees wat op dieselfde lyn as die spreek in vreemde tale gestaan het.

Hierdie opvatting word veral gegrond op I Kor. 14:26 waar Paulus skryf: "Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging — laat alles tot stigting geskied." Hier word die psalm en die taal (die spreek in verskillende tale, ook genoem glossolalie) in een asem genoem as dieselfde tipe verskynsels. Nou weet ons dat die spreek in verskillende tale 'n buitengewone gawe van die Heilige Gees was net soos die lering, die openbaring en die uitlegging. Dit is iets wat in die vroeë Christelike kerk as besondere openbaring van God wel nodig was omdat die Nuwe Testament nog nie voltooi was nie en hulle dus nog geen volledige Bybel gehad het nie, maar vir ons nie meer nodig is nie, omdat ons wel 'n volledige Bybel het. Saam met die ander buitengewone gawes van die Heilige Gees noem Paulus nou ook die psalm waaruit dit duidelik is dat ons hier nie moet dink aan 'n Ou-Testamentiese psalm of aan 'n vrye lied soos die moderne gesang wat

¹ Die Bybel met verklarende aantekeninge 1, bl. 878, 879.

² Dr. H. N. Ridderbos: K. V. der H. S., Mattheüs II, Kampen, 1954, bl.190.

³ Dr. F. W. Grosheide: Commentaar op het N. T. Efeziërs, Kampen, 1960, bl. 84; Dr. H. N. Ridderbos: Commentaar op het N. T. Kolossenzen, Kampen, 1960, bl. 222.

deur die gemeente gesing is nie, maar aan 'n buitengewone lied wat deur die Heilige Gees aan 'n bepaalde persoon (vgl. "elkeen" in I Kor. 14:26) gegee is om te sing.

In verband met hierdie teks het deputate van die Gereformeerde Kerk in Nederland in 1930 verklaar: "Hier is van 'n gesang deur die gemeente aangehef, geen sprake nie, maar soos duidelik blyk, 'n besondere charisma (gawe) van die Heilige Gees, net soos die profesie en die glossolalie. Dit was die gawe wat die Heilige Gees aan iemand geskenk het om in die midde van die gemeente deur 'n geïmproviseerde lied God groot te maak. En aangesien hierdie charismatiese gawes wel in die apostoliese gemeentes bestaan het, maar nou nie meer nie, kan hieruit geen gevolgtrekking vir ons afgelei word nie."¹

Nadat dr. J. D. du Toit bogenoemde woorde van die deputate aangehaal het, gaan hy verder en verklaar: "Tot 'n dergelike resultaat kom ons wanneer Efesiërs 5:18 in sy verband gelees word. Daar staan: "Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul." Hier is 'n teëstelling. Enersyds die wat opgewonde raak deur wyn; en wat hulle opwinding laat blyk deur allerhande luidrugtigheid. Andersyds die Christene wat vervul moet word deur die besieling van die Heilige Gees, iets wat daarin openbaar word dat hulle onder mekaar psalms, lofsange en geestelike liedere sing. Voor die hand lê dit dus om ook hier te dink aan die geïmproviseerde lied, d.w.s. 'n lied wat sonder voorbereiding, onder regstreekse drywing van die Heilige Gees uitgespreek word."²

Uiteindelik kom dr. Du Toit tot die volgende konklusie: "As ons dus al hierdie en ander gegewens oorweeg, dan moet ons tot die slotsom geraak dat die Nuwe Testament wel geen gebod bevat dat ons alleen die Psalms van Dawid in die erediens moet sing met uitsluiting van die kerklied nie, maar dat aan die ander kant die Nuwe Testament ook geen voorbeeld gee nie van 'n ,vrye kerklied' wat in die eerste kerk gesing is nie. Met ander woorde die beroep op die Heilige Skrif ten gunste van die vrye kerklied gaan nie op nie."³

II. DIE GETUIENIS VAN DIE GESKIEDENIS

Daar bestaan geen afdoende bewys dat daar vrye liedere of gesange⁴ gedurende die eerste drie eeue in die Christelike kerk gesing is nie. Selfs die lofsange van Maria en Simeon is nie in die eerste Christelike kerk gesing nie, waarskynlik om dat hulle gereken het dat dit nie in die mond van die gelowiges gepas het nie, want niemand kon die lofsange in die eerste persoon sing soos byvoorbeeld Maria dit gedoen het nie.⁵ Die sing van die lofsang van Maria in die erediens het eers vanaf die sesde eeu plaasgevind.⁶

Met die sing van psalms was dit egter anders gesteld. Daar is wel aanduidings dat die Christene in die ou tyd alleen psalms of Skriftuurlike liedere in die kerk gesing het en die sing van ander liedere afgekeur het.⁷ In die tyd van Chrysostomus (die vierde eeu) is daar ook in die oggende en aande deurgaans psalms gesing, soms tot agtien of twintig agtermekaar.⁸ Ook staan dit op grond van die getuienis van Augustinus vas dat in die kerk in Noord-Afrika in sy dae nooit iets anders nie as psalms en Skriftuurlike liedere

¹ Aangehaal deur dr. J. D. du Toit; Versamelde Werke VII, Johannesburg, 1961, bl. 135, 136.

² Ibid. bl. 136.

³ Ibid. bl. 136, 137.

⁴ Ibid. bl. 123.

⁵ Josua van Iperen: Kerkelijke Historie van het Psalm-Gezang der Christenen, Amsterdam, 1777, bl. 40, 41.

⁶ Ibid. bl. 61.

⁷ Dr. J. D. du Toit, a.w. bl. 123.

⁸ Josua van Iperen, a.w. bl. 46.

gesing is nie.¹

In Spanje het die konsilie van Bracatara (563) 'n ruimer beginsel gestel en behalwe die sing van psalms ook die sing van ander berymde Skrifgedeeltes gesanksioneer. Dit blyk uit die besluit van hierdie konsilie waarin hulle verbied het dat "in die kerk behalwe die Psalms of liedere aan die kanoniese geskrifte van Ou- en Nuwe Testament ontleen, ander deur mense gemaakte gesange gesing mag word".²

Terwyl die vrye lied by die offisiële Christelike kerk aan die begin nie voorgekom het nie, is dit wel opvallend dat sektariese en ketterse rigtings soos die Ariane, Gnostieke, Donatiste, ens, die vrye lied wel ingevoer het en wel met die uitgesproke doel om daardeur hulle ketterse gevoelens te versprei. En ongetwyfeld was juis hierdie feit die rede waarom die Christelike kerk aan die begin so teen die vrye lied gekant was.

Op die konsilie van Toledo in 633 n.C., wat gehou is in 'n tyd van geestelike insinking, is die sing van ander gesange as die Skriftuurlike vir die eerste keer goedgekeur. Dit is egter nie net goedgekeur nie, maar die wat die gesange nie wou sing nie is met uitsluiting uit die gemeente bedreig. Toe die deur egter eenkeer vir die vrye liedere geopen is, het dit so toegeneem dat die psalms as kerkliedere van die gemeente *heeltemal verdwyn* het.³ Meer nog: gedurende die Middeleeue het die gemeente glad nie gesing nie, want die koorsang het in die plek van die gemeentesang gekom, en selfs die liedere wat deur die kore gesing is, was nie psalms nie.

Dan breek die reformatie aan: "Toe die reformatore, Luther en Calvyn, weggebreek het van die Roomse Kerk, het hulle te staan gekom voor die vraag wat die mense in die eredienste moet sing . . . Luther het op die vraag as antwoord gegee: psalms en gesange, maar Calvyn het hom op daardie pad nie gevolg nie. Hy het besluit om die Psalms wat in die Bybel te vinde is, te laat berym, te laat toonset en dan deur die gemeente te laat sing. In hierdie keuse het Calvyn hom laat lei deur die woorde van Augustinus, wat gesê het dat niemand iets kan sing wat God waardig is nie, of hy moet dit van God ontvang het. Daarom sal ons ook, nadat oral gesoek en nagespeur is, geen beter liedere vind of liedere wat geskikter is om dit te doen, as die Psalms van Dawid, wat die Heilige Gees hom ingegee het nie. Alleen as ons hulle sing, is ons seker dat God die woorde in ons mond lê asof Hy self in ons gesing het om Sy glorie te verhoog."⁴

Die eerste Psalmboek wat Calvyn in 1539 uitgegee het, het 18 berymde psalms bevat en 2 beryminge van ander Skrifgedeeltes, naamlik die Lofsang van Simeon en die beryminge van die Tien Gebooie en daarby ook nog die beryming van die Twaalf Artikels. Hierdie Skrif berymings het hy later in die Geneefse Psalmboek egter weggelaat.

Met die opkoms van die Remonstrantisme het die gevoel vir die sing van gesange weer na vore gekom. In 1612 is 'n bundel van 58 gesange ook deur hulle uitgegee, maar die invoering daarvan het misluk as gevolg van teenkating.

Op die Sinode van Dordrecht 1618, 1619 is bepaal dat die 150 psalms gesing moes word asook die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon, die Wet, die Onse Vader en die Twaalf Artikels, terwyl die sing van die gesang: "O God die onse Vader bist" aan die vryheid van die kerke oorgelaat is.

In 1807 is gesange weer in die Hervormde Kerk in Nederland ingevoer en in 1814 is dit in Suid-Afrika ingevoer, maar in albei gevalle het die kerke in die tyd toe die gesange ingevoer is, op 'n geestelike laagwatermerk gestaan.

Dit is sekerlik ook nodig om hier aan te dui wat ds. D. Postma, onder wie se leiding die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859 plaasgevind het, se standpunt in

¹ Dr. J. D. du Toit, a.w. bl. 124.

² Ibid. bl. 124.

³ Ibid. bl. 128.

⁴ Prof. dr. J. P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959, s.j. bl. 19.

verband met die gesange was. Dit was die volgende:

1. Hy sal 'n kerk wat met innerlike vrede *regsinnige* gesange sing, nie veroordeel nie.
2. 'n Kerk wat hom hou by gesange waarvan die teks in die Bybel staan, is op die veiligste pad.
3. As sommige lidmate gewetensbeswaar het teen gesange waarvan die teks nie in die Bybel is nie, dan behoort die ander in die *openbare* godsdiensoefening dit ook na te laat.
4. As daar geen ander uitweg is nie, moet dit aan die predikant oorgelaat word om volgens sy gewete in die beste belang van die gemeente te handel. Oor hierdie saak moet daar geen verdeeldheid of skeuring plaasvind nie.¹

Uit hierdie kort historiese oorsig kan die volgende konklusies getrek word:

- (i) Daar bestaan geen genoegsame grond om aan te neem dat die Christelike kerk die eerste paar eeue iets anders as psalms gesing het nie.
- (ii) Die vrye liedere of gesange is soms gebruik om ketterse leerstellings in die kerk in te voer.
- (iii) Die begeerte om gesange te sing het gewoonlik opgekom in 'n tyd van geestelike insinking en godsdienstige verslapping toe die diepe geloofstoon van die psalms nie meer verstaan is nie, terwyl reformasie 'n terugkeer na die sing van psalms meegebring het.
- (iv) Dit was die standpunt van sowel Calvyn as die Dordtse Sinode dat ook ander liedere as die psalms waarvan die teks in die Bybel gevind word, in die erediens gesing kan word.

Hierdie lesse wat uit die geskiedenis geleer word, mag by die bepaling van 'n eie standpunt sekerlik nie verontagsaam word nie.

III. ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN GESANGE

Die volgende argumente is genoem ten gunste van gesange waarvan die teks nie in die Bybel is nie:

1. *Te weinig van Christus in die Psalms.*

Dit word soms beweer dat ons in die psalms so weinig met Christus te doen het. Daarom is dit vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges nodig om gesange te sing waarin ons dan ook van Christus en Sy verlossingsarbeid kan sing.

Hierdie opvatting gaan teen 'n uitdruklike getuienis van die Skrif in. In Joh. 5:39 lees ons dat Christus gesê het: "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig." Die Skrifte, hier siende op die Ou Testament, getuig dus van Christus, en die psalms is deel van die Skrifte. Bowendien het Christus self volgens Luk. 24:44 gesê: "Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die *psalms*, vervul moet word." En as Petrus wil beweer dat Jesus die Christus is, dan beroep hy hom op die psalms (Hand. 2:25-36; Hand. 4:11).

Ons kan dus sê dat die psalms nie te weinig van Christus spreek nie. Hulle is *vol* van Christus. Met die oog gevestig op Christus, sien ons eers die volle diepte en heerlijkheid van die psalms. Ons lees tog ook die Ou-Testamentiese Wet in sy heenwysing op Christus en waarom sal ons nie die Ou-Testamentiese psalms as profesieë van Christus sing nie?

¹ Ds. B. Spoelstra: *Beknopte Kerkgeskiedenis vir katkisasie, Potchefstroom, 1960, bl. 109,110.*

2. Vrye gebede word toegelaat.

Die volgende argument wat geopper word, is dat vrye gebede in die kerk toegelaat word. Waarom kan dieselfde nie geskied ten opsigte van die liedere wat gesing word nie?

Eerstens kan hierop geantwoord word dat ons in die Bybel wel 'n boek met psalms het, maar nie 'n boek met gebede nie.

Tweedens is daar tussen die vrye gebede en vrye liedere tog 'n groot verskil. Die vrye gebed van die voorganger staan nie op skrif nie. Na die gebed *onthou die gemeente die inhoud wel, maar nie die presiese woorde nie*. Derhalwe kan daar, as daar iets verkeerd in die gebed voorkom, nie blywende skade berokken word nie. Heeltemal anders is dit egter gesteld met die gesange as vrye liedere, Dit word op skrif gestel, herhaaldelik met dieselfde woorde gesing, kinders leer dit in die katekisasie en so word dit woordeliks op die geheue ingeprent. En as daarin nou 'n dwaling voorkom, kan dit ongetwyfeld blywende skade meebring. Die geskiedenis het dan ook geleer dat die Ariane en ander sektariese of ketterse rigtings die vrye lied doelbewus aangewend het om hulle dwaalleer deur middel van die kerklied te propageer.

Wel moet toegegee word dat daar inderdaad 'n ooreenstemming is tussen die vrye lied en die formuliergebede.

3. Psalms, Lofsange en Geestelike Liedere.

Daar word ook gesê dat die Bybel nie net van die sing van psalms spreek nie, maar ook van lofsange en geestelike liedere. Dit is dan 'n regverdiging om ook gesange te sing.

Op hierdie sake is reeds ingegaan by die gedeelte wat handel oor die getuigenis van die Skrif,¹ en dit het geblyk dat dit nie voldoende *grond bied om die sing van gesange te regverdig nie*.

4. Wat in die hemel gesing word.

Die Gereformeerde Kerk is ook daarvan beskuldig dat, deur so vas te hou aan die uitsluitlike sing van psalms tydens die eredienste, hulle nie wil sing wat in die hemel gesing word nie.

Die vraag is nou: Wat word in die hemel gesing?

Die antwoord op hierdie vraag moet veral in Openbaring gesoek word. In Openb. 15 lees ons wat Johannes in die hemel gesien het. En dan staan daar in verse 3 en 4: "En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam en gesê: Groot en wonderlik is U werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here en U Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig, want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het." Hier word dus die lied van *Moses* die middelaar van die *Ou Verbond* gesing, terwyl die Lam weer die offerremonies uit die *Ou Bedeling* in herinnering roep. Maar wat die meeste opval, is dat die grootste gedeelte van die inhoud van hierdie lied ontleen is aan die *Ou-Testamentiese psalms*, met name Pss. 111:2; 139:14; 145:17; 99:2; 86:9. In die hemel word dus juis gesing soos in die psalms gesing word.

5. Berymings.

Verder word geargumenteer dat deur berymings van die in die Bybel geskrewe psalms te sing, die oorspronklike woorde, soos deur die Heilige Gees ingegee, tog nie gesing word nie. In hierdie opsig staan die berymde psalms en die gesange op een lyn, aangesien die gesange tog ook Skriftuurlike waarhede wil besing.

In hierdie argument sit wel 'n mate van waarheid, hoewel die berymde psalms en die gesange daardeur beslis nog nie op dieselfde lyn gestel kan word nie. Want waar die berymings van die psalms direk aan die Skrif gebonde is en nie aan die berymer se eie

¹ Kyk I van hierdie hoofstuk.

gedagtes nie, daar is die digter van gesange veel losser van die Skrif en gee hy meestal sy eie godsdienstige gedagtes weer. Die berymings kan direk gekontroleer word, terwyl die gesange nie op so 'n wyse as die berymde Skrifgedeeltes vir beoordeling op Skriftuurlike grond ooplê nie.

IV. BLY BY DIE SKRIF

Saam met wyle ds. D. Postma kan ons sê dat, hoewel ons diegene wat gesange sing nie wil veroordeel nie, ons die weg tog nie as die veilige en versigtige weg beskou nie. Die veiligste weg is om die liedere te sing waarvan die teks in die Bybel staan. Dan is die moontlikheid dat 'n dwaalleer deur middel van die kerklied kan insluip tot 'n minimum beperk, aangesien die kerklied dan altyd aan die hand van die Skrif gekontroleer en gekorrigeer kan word.

Verder dien die aandag daarop gevestig te word dat baie sake wat in die gesange besing is, net so goed of eintlik nog beter in die psalms besing word. 'n Enkele voorbeeld kan dit toelig. In Gesang 7 word die alomteenwoordigheid van God besing. Maar onder die psalms het ons reeds een wat die alomteenwoordigheid van God op uitnemende wyse besing, naamlik Psalm 139. Waarom is dit nou nodig om nog 'n gesang oor dieselfde onderwerp te maak? Of is dit 'n blyk dat die diepe geloofstaal van die psalms nie verstaan word nie?

Die geskiedenis het ook getoon dat die gesange nie blywend bevredig nie. Na 'n tyd moet hulle òf met ander gesange vervang word òf geheel hersien word.¹ By die psalms is dit egter anders. Hulle bly altyd dieselfde. Hoogstens kan daar later 'n ander beryming kom.

Iets wat ook sekerlik nie verbygesien moet word nie, is dat die geskiedenis ook getoon het dat die begeerte om gesange te sing, steeds opgekom het in 'n tyd van geestelike vervlakking, terwyl in tye van reformasie daar weer teruggekeer is na die sing van psalms.

Dit blyk ook uit die praktyk dat in die kerke waarin daar gesange gesing word, baie maklik daartoe gekom word om alleen gesange te sing en die psalms in mindere of meerdere mate opsy te skuif. So word die liedere wat die mens gemaak het, verhef bokant die wat God geskenk het.

D. W. L. Milo vestig ook die aandag daarop dat die aantal psalms beperk is, maar dat die aantal gesange, as dit eenmaal tot die erediens toegelaat word, oneindig kan toeneem.² Die praktyk het hierdie feit inderdaad bevestig, want waar daar in die Gereformeerde Kerk in Nederland vanaf 1933 naas die psalms 29 gesange in gebruik was, is dit in 1956 vermeerder tot 59.³ En in ons eie land bied selfs die gesange vir sommige kerke nie meer voldoende bevrediging nie, sodat Halleluja-liedere in die eredienste gesing word.

Uit die voorgaande blyk dat die argumente wat genoem is ten gunste van die gesange waarvan die teks nie in die Skrif is nie, nie opgaan nie. Hierteenoor moet ook gestel word dat teen die sing van liedere waarvan die teks in die Bybel gevind word moeilik beswaar ingebring kan word, want dit is een en dieselfde Heilige Gees wat die psalms en ook die ander liedere in die Skrif, soos die Lofsang van Simeon, ens. ingegee het.

Hierby moet egter in aanmerking geneem word dat nie alle dele van die Skrif geskik is om berym en gesing te word nie. Dit is 'n beswaar wat teen sekere Skrifberymings soos by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in gebruik ingebring kan word, aangesien verskeie prosa-gedeeltes berym is. Dr. A. Kuyper sê dat selfs nie alle poëtiese gedeeltes

¹ Volgens ds. L. S. Kruger het dr. Jac. J. Müller in "Die Kerkbode" van 24 Nov. 1954 geskryf dat die gesange weer hersien moet word. Vgl. Waarom is u 'n lid van die Gereformeerde Kerk? Benoni, s.j. bl. 143.

² Christelike Encyclopedie, Kampen, 1958, bl. 223.

³ Ibid. bl. 222.

van die Skrif vir ons geskik is om berym en gesing te word nie, byvoorbeeld die lied van Debora.¹ Dit is ook sy uitgesproke opvatting dat die psalms altyd die hoofbestanddeel van ons liturgiese sange moet bly.²

Ons konklusie is dus dat deur ook in die kerklied aan die Skrif gebonde te wees die veilige, versigtige en Skriftuurlike weg bewandel word. Bowendien sing ons dan dieselfde as wat die een heilige, algemene, Christelike kerk van alle eeue gesing het en nog sal sing.

¹ Dr. A. Kuyper: Onze Eeredienst, Kampen, 1911, bl. 58.

² Ibid. bl. 61.

DEEL II: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE GEBED

HOOFSTUK 9: GEBEDSGENESING

WAT ONDER GEBEDSGENESING VERSTAAN WORD

As ons siek is, mag en moet ons bid vir genesing? Ja, seker! Die Skrif leer ons dit op baie plekke. Jakobus skryf byvoorbeeld: "Die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig" (Jak. 5:15). Die Here sê self: "Roep My aan in die dag van behoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet my eer" (Ps. 50:15). Verder kan hier ook verwys word na Hiskia se gebed om genesing en die verhoring daarvan (Jes. 38:1-8). Hierdie gebed om genesing sluit natuurlik nie die gebruik van middele tot genesing uit nie (Jes. 38:21).

Onder gebedsgenesing (wat soms ook geloofsgenesing genoem word) word egter iets geheel anders verstaan. Daaronder word verstaan 'n herhaling van die wonders wat plaasgevind het gedurende die omwandeling van Christus op die aarde en wat ook later met die optrede van die apostels gepaard gegaan het — die wonders dus wat in die oog van die mens so buitengewoon en opvallend is. Daar word dan gereken dat die ampsdraers van die kerk ook vandag nog in staat moet wees om hierdie genesingswonders te verrig. As hulle dit kan doen, word dit dan gesien as 'n soort bevestiging van God se kant dat hulle ware ampsdraers is.

DIE PRAKTYK

Voordat die leer waarop die praktyk van gebedsgenesing gegrond is, nader ondersoek word, is dit nodig op die praktyk self behoorlik na te gaan. Wat gebeur by so 'n geloofsgenesing? Die antwoord op hierdie vraag kan in drie dele gegee word:

- (i) Die gebedsgeneser bid tot God vir die genesing van die betrokke pasiënt of pasiënte. Sy "gebed" is egter van so 'n aard dat hy God as't ware *daardeur wil dwing om te doen wat hy wil hê*, naamlik om hierdie of daardie persoon gesond te maak. Van "laat U wil geskied" word in hierdie gebede nooit gehoor nie. Wat God in die betrokke geval wil, is heeltemal van minder belang. Net wat die gebedsgeneser wil, is belangrik en van God verwag hy om maar net te doen wat hy wil hê wat gedoen moet word. Hy maak dus feitlik van God sy dienskneg.
- (ii) Nadat God "gedwing" is om te doen wat die gebedsgeneser wil, *word die pasiënt gedwing* om dit te doen waarvoor vir hom gebid is. As hy byvoorbeeld verlam was, dan word hy na die gebed gedwing om te loop.
- (iii) As die pasiënt nie kan doen waarvoor vir hom gebid is nie, word hy beskuldig van gebrek aan geloof. Daarom is die feit dat hy na die gebed nog in ellende verkeer, sy eie skuld.

Ter bevestiging van wat in punt (ii) genoem is, kan hier verwys word na wat 'n sekere teoloog en medikus, dr. F. A. Nolle van Leiden, Nederland gesê het nadat hy so 'n gebedsgenesingsbyeenkoms bygewoon het. Hy sê: As mens en medikus kan ek nouliks woorde vind om my verontwaardiging uit te druk oor wat ek rondom die verhoog gesien het.

Hy vertel van 'n seuntjie van ongeveer agt jaar wat tot 'n groot mate verlam was as gevolg van polio wat hy vroeër gehad het en nadat vir hom gebid is, is hy *gedwing* om "als een gedresseerd beest op en neer te lopen" en dan nog aangesê is om "Halleluja" uit te roep.

Verder deel hy mee wat gebeur het met 'n man wat 'n volkome invalide was: Die man is so swaar en magteloos dat drie ander hom nouliks staande kan hou. Die spanning en wanhoop is duidelik op sy gelaat leesbaar. Hy is die slagoffer van die fanaties suggestiewe gebed van die Amerikaanse evangelis Osborn. Jy *moet* immers opstaan. Jy *moet* jou genesing gryp. *Forseer* jou ledemate in die naam van Christus.

Dr. Nolle vertel ook van 'n vrou wat verlam was. Nadat daar gebid is, het sy wanhopig probeer om haar op te rig. Die trane het oor haar wange geloop en sy het gebid. Keer op keer het sy opnuut probeer totdat sy dit magteloos opgegee het. Straks moes sy huis toe gaan, nie maar net soos sy gekom het nie. Danksy Osborn, was haar toestand baie versleg. Groot geestelike skade is aangerig. As sy gekom het as 'n blymoedige draer van haar kruis, het sy teruggegaan met die gedagte dat sy haar lyde moet sien as 'n gebrek aan geloof. Haar kruis het dubbeld so swaar geword. En op haar gemeenskap met God is 'n verraderlike aanval gemaak — aldus dr. Nolle.¹

So gaan dit by die gebedsgenesings. En of 'n mens na die gebed herstel het of nie herstel het nie, word beoordeel deur mense wat van geneeskunde niks weet nie.²

DIE LEER

Wat is die leer waarop die praktyk van gebedsgenesings gegrond is? Dit kom in kort hierop neer: God het die wêreld goed geskape. Die sonde het egter gekom en siektes is die gevolg daarvan. Christus het toe gekom en die mensheid van sy sondes verlos. Dit moet ons maar net glo. Gedurende Jesus se omwandeling op die aarde het Hy die genees wat Hom in die geloof aangeriep het. Nou sê Hebr. 13:8. "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." Daarom moet ons Jesus ook nou nog maar net in die geloof aanroep, en ons sal gesond word.

Dit is die leer van Osborn en andere.

Hierdie redenering lyk wel Skriftuurlik, maar tog is dit nie. Mens kan nie beweer: Siekte is 'n gevolg van die sonde en omdat Christus die sonde oorwin het, hoef 'n gelowige nie siek te word of siek te bly nie. Presies dieselfde kan trouens ook gesê word van die dood: dood is 'n gevolg van die sonde en omdat Christus die dood oorwin het, hoef geen gelowige meer te sterf nie.

Verder word die aksent in hierdie leer verskuif van die hoofsaak na bysake. Die verlossing van siekte word deur hulle skynbaar van groter belang geag as die verlossing van sonde. Dit is egter heeltemal anders as wat die Skrif ons leer. 'n Mens kan fris en gesond wees en tog 'n goddelose wees terwyl 'n ander een dodelik siek kan word (soos Job) en tog 'n ware kind van die Here kan wees.

Hierdie leer beteken, konsekwent deurgevoer, dat die mediese wetenskap geen bestaansreg het nie, terwyl Christus die bestaansreg van hierdie wetenskap juis erken deur Sy uitspraak: "Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is" (Mark 2:17). Vgl. ook Jes. 38:21; Kol. 4:14; I Tim. 5:23.

Een van hierdie gebedsgenesers, te wete Hermann Zaiss, het selfs so ver gegaan om te beweer: Siekte is 'n bewys dat daar met die geloof van die pasiënt iets verkeerd is! Siekte is 'n bewys van 'n swak geloof. Daar bestaan geen enkele siekte waarin Christus verkondig word of waardeur Hy verheerlik word nie.³

Hier word dus voorgegee dat dit met gesonde mense se geloof alles in orde is!!!!? Daarom is hulle trouens nie siek nie! Hoe min weet hierdie mense tog van geloofsake.

Die dwaasheid van hierdie stelling van Zaiss kan gesien word as ons let op die geskiedenis van Job. Van Job sê nie mense nie, maar God self dat hy vroom en opreg was, godvresend een wat afgewyk het van die kwaad (Job. 1:8). En kyk wat het Job nie oorgekom nie! (Job 1 en 2). Zaiss en sy aanhangers neem egter dieselfde standpunt in as wat Job se vriende ingeneem het en wat deur God veroordeel is.

Hier kan ook verwys word na die blindgeborene van wie Jesus se dissipels gereken het

¹ Aanhalings van woorde van dr. Nolle uit: P. Jongeling: Woord en Wandel Groningen, 1959, bl. 69-71.

² Dr. F. A. Nolle: Gebedsgenesing en masse, Wageningen, s.j. bl. 13, 15.

³ Aangehaal deur P. Jongeling, a.w. bl. 84. Vgl. ook dr. F. A. Nolle, a.w. bl. 91, 92, 109-111.

dat hy of sy ouers gesondig het en dat dit die oorsaak van sy blindheid is. Jesus se antwoord daarop was egter: "Hy het nie gesondig nie en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word" (Joh. 9:2, 3). Vgl. II Kor. 12:1-10; Rom. 8:18-30.

As Zaïss konsekwent wil wees, moet hy dieselfde wat hy van siektes sê, ook van die dood sê. Maar ook dan loop hy hom onverbiddelik vas teen die Skrif, want Paulus sê juis dat God ook deur sy dood groot gemaak sal word (Fil. 1:20).

Dit is dus in stryd met die Skrif as gesê word dat siekte juis 'n bewys is dat dit met iemand se geloof nie in orde is nie en dat hy genesing kan vind deur alleen in die Here te glo. En omdat hierdie leer in stryd is met die Skrif, is dit gedoem — maak nie saak watter "resultate" dit het nie.

HULLE BEROEP OP DIE SKRIF

Die voorstanders van gebedsgenesing beroep hulle op sekere tekste uit die Skrif, onder andere die volgende: Matt. 10:8: "Maak siekes gesond, reinig melaatse, wek dooies op, dryf duiwels uit." Mark. 16: 17 en 18: "En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Verdere tekste is nog I Kor. 12:28 en Jak. 5:14-16.

Nou sê hulle dat almal wat ware diensknegte van die Here is, ook hierdie dinge nog moet kan doen. Hierdie tekens is, volgens hulle, absoluut noodsaaklik, want waar die Skrif leer dat die geloof uit die Woord is, daar verkondig hulle dat die geloof veral berus op tekens en wonders. Zaïss sê selfs: Almal wat die versoening verkondig, moet tekens, wonders en magtige daade toon: met die verkondiging alleen rig 'n mens niks uit nie! *Jesus self het met Sy Woord alleen niks kon bereik nie.*¹

In hulle beroep op die Skrif toon hierdie mense net hoe inkonsekwent hulle is. Hulle sê dat al daardie sake wat in die aangehaalde Skrifgedeeltes genoem is, nog presies net so vir ons geld. Maar as dit waar is, moet hulle ook in staat wees om dooies op te wek (Matt. 10:18). As hulle dit nie kan doen nie, dan mag, vanuit hulle eie standpunt besien, tot hulle dieselfde verwyrt van ongeloof gerig word wat hulle rig tot die teenstanders van gebedsgenesing.

As hulle sê dat ons geloof veral moet rus op die besondere tekens, dan toon hulle hoe ver hulle van die Skrif af staan. Christus verwyrt juis die Jode: "As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie." En in sy optrede teenoor Thomas maak Hy Sy kerk juis los van besondere tekens as Hy sê: "Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het" (Joh. 20:29). Lidia het ook tot geloof gekom deur die verkondiging van die Woord (Hand. 16:13, 14). Vgl. ook Rom. 10:17. En as Zaïss sê dat Jesus self met Sy Woord alleen niks kon bereik nie, dan vra ons: Wat van die Samaritaanse vrou (Joh. 4:9-30) en die ander Samaritane van wie daar duidelik staan: "En baie meer het op grond van Sy Woord geglo?" (Joh. 4:40-42).

Die besondere tekens en gawes in die eerste Christelike gemeentes, moet ons besien in die lig van die besondere omstandighede van die kerk in die tyd.

Die kerk het in die tyd nog nie die volledige Bybel gehad nie en geskrewe gedeeltes van die Nuwe Testament het aan die begin glad nie bestaan nie, want die oudste geskrif daarvan het eers rondom 50 n.C. tot stand gekom. In hierdie tyd het die Here Sy kerk te hulp gekom en die besondere gawes en kragte daaraan gegee om te dien as hulpmiddels by die vestiging van die kerk. Maar toe die kerk eenmaal gevestig was en die volle Woord van God gehad het, was hierdie hulpmiddels nie meer nodig nie en het dit weer verdwyn. Dit is net soos steierwerk wat wel nodig is vir die oprigting van 'n gebou, maar as die gebou eenmaal staan, is die steiers nie meer nodig nie en kan weggeneem word.

¹ Aangehaal deur P. Jongeling, a.w. bl. 83.

Van hulle beroep op Jakobus 5 sê dr. Nolle: En nou is dit die tragiese in die skeef getrekte eksegeese van die gebedsgenesers dat hulle met Jakobus 5 in die hand juis dit verkondig wat Jakobus bestry, naamlik die towerkuns.¹

Uit alles is dit duidelik dat die gebedsgenesers se beroep op die Skrif dergelik is aan die van Satan toe hy Christus in die woestyn versoek het (Matt. 4:5-7).

REKLAME

Wat 'n mens by die gebedsgenesings opval, is die geweldige reklame wat daarvoor gemaak word. Op elke moontlike wyse word dit bekend gestel. So 'n reklame in verband met die gebed is vreemd aan die Skrif en die Fariseërs, wat hulle eie roem en eer gesoek het met hulle lang gebede, is skerp deur Christus veroordeel (Matt. 6:5; 23:14). Teenoor die reklame by die moderne gebedsgenesings staan die duidelike woorde van Christus: "Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde" (Matt. 6:6). Daarby kom nog dat Christus self alle opspraak in verband met Sy wonderdade vermy het (Matt. 8:4; Mark 3:12).

HULLE "RESULTATE"

Een van die sterkste argumente waarmee die gebedsgenesings verdedig word, is dat hulle werklik resultate bereik. Of daar werklik soveel resultate bereik word, is by die lig van die voorgaande sterk te betwyfel. Maar al sou daar ook werklik resultate bereik word, is dit op sigself nog nie van deurslaggewende betekenis nie. Dit het alleen waarde as dit *ooreenstem* met die leer van die Skrif. Maar as dit die Skrif *teëspreek* — soos hier inderdaad die geval is —² dan moet ons weet dat ons hier te doen het met die gees en die krag van die dwaling wat ons om Gods wil moet afwys. Dan is die resultate wat hulle bereik, vrugte van die werk van die duivel.

Die Skrif spreek in hierdie verband geen onduidelike taal nie. Ons lees in Deut. 13:1-3: "As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop — wat jy nie geken het nie — en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van die profeet of na die man wat as dromer optree nie; want die Here julle God beproef julle om te weet of julle werklik die Here julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel." In Matt. 24:24 lees ons: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."

BEOORDELING

Uit die voorgaande is dit duidelik dat nie die tekens en wonders van beslissende betekenis is nie, maar wat die Woord van God sê.

Daarom moet ons ons nie laat verblind deur al die wonderlike genesings nie, want God het tevore aan ons in Sy Woord gesê dat die valse profesie ook bekragtig sal word deur tekens en wonders. Die Egiptiese towenaars het ook van hulle stawe slange gemaak.

Van hierdie gebedsgenesers sê dr. Nolle: Die mens wat op hierdie wyse om genesing bid, maak homself tot 'n towenaar, wat uit die resultate van sy gebed (in hierdie geval die genesings), sy outoriteit moet bewys. Hy kan nie meer toelaat dat sy gebed voor die oë van almal onverhoord bly nie. Derhalwe gly hy af na die bedrog wat die towerkuns deur al die eeue heen vergesel het.³

¹ A.w. bl. 44. Vgl ook oor Jak. 5, P. Lok: Gebedsgenezing, ja of neen? in De Reformatie van 29 Junie 1963, bl. 303, 304.

² Vgl. die gedeelte oor hulle leer.

³ A.w. bl. 44.

Ook agter die hedendaagse gebedsgenesing sit die valse profesie, want onder die misbruik van die Naam van Christus word leuens verkondig, byvoorbeeld dat 'n mens nie siek hoef te word of langer siek hoef te wees as daar maar net genoeg geloof in Christus is nie.

Die afvallige Christendom wat steeds meer aan die Woord van God ongehoorsaam word en ook nie meer skriftuurlik kan bid nie, wat geen sondekennis en skuldbesef meer het nie, het 'n prooi geword van die valse profesie waarteen Christus tog so ernstig gewaarsku het. Ons Heiland het immers gesê: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk" (Matt. 7:22, 23).

Ons moet daarop let dat daar driemaal staan: ". . . in U Naam." Maar dan word dit duidelik dat hulle onder die Naam van Christus die duiwel gedien het. Christus ontken ook nie dat hulle duiwels uitgedryf en baie kragte gedoen het nie. Hy sê alleen: "Gaan weg van My, julle wat die *ongeregtigheid* werk."

Baie duidelik word ons deur die Skrif vermaan om ons nie te laat mislei deur tekens en wonders nie, maar alleen aan die waarheid van God se Woord vas te hou. En as ons dit nie doen nie, stuur Hy tot ons die krag van die dwaling. Ons lees dit so duidelik in II Thess. 2:8-12: "Dan sal die ongeregtige geopenbaar word ... hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van die ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom (omdat hulle die waarheid van God se Woord nie aangeneem het nie) sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid."

Gebedsgenesing! Wees versigtig om nie na die liggaam genees te word en na die siel gevang te word in die strikke van die duiwel nie. Hy is 'n mense-moordenaar van die begin af.

HOOFSTUK 10: BIDURE

Onder bidure word verstaan dat sekere gelowiges op bepaalde tye en plekke saamkom by welke geleenthede hulle of sommige van hulle — afgesien van wat verder by die samekomste plaasvind — *agtereenvolgens bid*.

Nou moet dit vooraf duidelik gestel word dat daar teen samekomste om te bid geen beswaar kan wees nie. Trouens, ons kry ook uit die Skrif aanduidinge dat daar in die apostoliese tyd wel vir die doel saamgekom is. So lees ons in Hand. 1:14: "Hulle almal het *eendragtig volhard in gebed en smeking . . .*" Ook Hand. 12:12 is van belang: "En nadat dit vir hom duidelik geword het, kom hy by die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem word, *waar baie in die gebed bymekaar was.*"

Ons moet egter direk opmerk dat ons in albei gevalle met besondere omstandighede te doen het. Die gebed in Hand. 1:14 was 'n gebed om die uitstorting van die Heilige Gees — 'n gebed wat *na* die uitstorting op Pinksterdag nooit weer herhaal kan en mag word nie. In Hand. 12 lees ons weer dat Petrus, die leier van die gemeente in Jerusalem, deur Herodes in die gevangenis gesit is met die doel om hom dood te maak en *daarom* het daar " 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan" (Hand. 12:5), dat die Here hom moet spaar. En met die doel om vir sy redding en bewaring te bid, het baie in die huis van Maria saamgekom. So mag daar ook in ons tyd besondere omstandighede kom waarin dit nodig mag wees om spesiaal saam te kom om te bid.

Nou moet egter nooit vergeet word nie dat God *wel aan ons vasgestelde samekomste gegee het om te bid*. Dit is die eredienste. Ons kom tog daarin saam *ook* om te bid. Dit word in ons belydenis baie duidelik verklaar as daar in antwoord 103 van ons Kategismus gesê word: "Dat ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die Sakramente te gebruik, *God die Here openlik aan te roep* en aan die armes Christelike liefdegawes te bring."

Dit lê egter in die aard van die mens om die buitengewone veel hoër te ag as die gewone. Dit was die kwaal van die gemeente in Korinthe ook. Derhalwe word besondere samekomste om te bid ook as belangriker beskou as die gewone in die eredienste. As daar in 'n gemeente — ook vir iets besonders, soos vir reën in tye van droogte — gebid moet word, is daar tweemaal per week in die twee eredienste die geleentheid daarvoor. En as daarvan die regte gebruik gemaak word, sal dit slegs in hoogs uitsonderlike gevalle nodig wees om in die week spesiaal weer saam te kom om gesamentlik te bid.

Ons vernaamste beswaar teen die bidure, soos veral by die N.G. Kerk in gebruik, gaan teen die *wyse waarop by die geleenthede gebid word*, naamlik dat verskillende persone die een na die ander bid sodat as die een *amen* sê, die ander direk daarna begin bid.

Nêrens is die Skrif vind ons 'n voorbeeld of voorskrif van so 'n wyse van bid nie.

Wat leer die Skrif ons in verband met die gebed by geleenthede waar gelowiges saamkom? *Die Skrif leer ons dat een persoon by sulke geleenthede voorgaan in gebed en dat die ander wat met hom saam is, in hulle harte met hom saam bid.*

In die Skrif het ons duidelike voorbeelde waar *een* persoon vir en namens die ander gelowiges wat met hom saam was, gebid het. Dink maar aan die gebed van Josafat toe hy en sy volk in uiters kritieke omstandighede en groot nood verkeer het (II Kron. 20). Die mense van Juda het in die huis van die Here saamgekom en toe het Josafat *alleen* vir en namens hulle gebid. In Esra 9 lees ons ook weer dat Esra *alleen* gebid het, terwyl daar tog saam met hom was "almal wat gebeef het vir die woorde van die God van Israel oor die ontrou van die ballinge" (vers 4).

Dat die ander gelowiges wat daarby is met die betrokke persoon in hulle harte moet saambid, blyk uit I Kor. 14:16 waar Paulus sê: "Anders as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, *amen* sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?" Hier word dus gesê dat die ander wat by so 'n samekoms is waar daar gebid word, moet weet wat daar gebid is en ook kan amen sê op dit wat gebid is.

Dit spreek tog duidelik daarvan dat hulle in hulle harte en gedagtes met die persoon wat bid, saam bid.

Ons kan dus konkludeer dat volgens die Skrif daar by samekomste van gelowiges deur een persoon vir en namens die ander gebid word wat dan in hulle harte en gedagtes met hom saam bid.

Wat gebeur nou by die bidure? Daar bid verskillende persone na mekaar.

As daar nou so na mekaar gebid word, kan almal *òf* vir dieselfde saak bid, byvoorbeeld vir reën in tye van droogte, *òf* elkeen kan bid vir enige saak of persoon waarvoor hy persoonlik reken dat daar gebid moet word.

As almal nou vir dieselfde saak bid, dan is dit niks anders as 'n *ydele herhaling van woorde nie*. Die een het nou net vir 'n saak gebid en dan begin 'n ander een en bid weer vir presies dieselfde saak. So iets is teen die wil van ons Here en Heiland, want volgens Matt. 6:7, 8 het Hy gesê: "En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra."

As die wat saamgekom het egter vir persoonlike sake bid of vir persone waarvoor hulle persoonlik reken dat gebid moet word, dan ontstaan die vraag: Waarom moet dit juis in so 'n samekoms plaasvind? Die persoonlike gebed in die binnekamer is mos die plek daarvoor. Christus sê immers: "En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid om deur die mense gesien te word. Voorwaar ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde" (Matt. 6:5, 6).

Sou daar nie ook in die bidure, waar verskillende mense bid, die *gevaar* bestaan dat die een "mooier" sal probeer bid as die ander, bloot om deur die mense "gesien" te word nie? Sou daar nie verder die *gevaar* van onordelikhede bestaan as twee of meer tegelyk begin bid nie? Ook daarteen waarsku die Skrif baie ernstig, want God is 'n God van orde (I Kor. 14:26-40).

Nou is daar deur dr. A. C. Barnard¹ 'n poging aangewend om die wyse waarop daar by die bidure gebid word, uit die Skrif te regverdig.

Dr. Barnard skryf: "Tekste wat gewoonlik aangevoer word om die bidure, soos ons dit ken, uit die Skrif te fundeer, is die volgende: Hand. 1:14; 4:4, 31; 12:5, 12; Matt. 18:19-20. Soms word ook nog genoem Hand. 3:1; Luk. 18:10. Hierdie Skrifgedeeltes handel oor die gemeenskaplike gebed deur Christene, *maar daar word nie uitdruklik gesê hoe dit gedoen is nie*. (Kursivering van my — P.J.d.B.) Om daarin sonder meer te lees dat die wyse van die gebed soos in die huidige bidure was, of ook daaruit af te lei, dat die huidige vorm teen die Skrif is, laat albei nie reg aan die teks geskied nie. Hoe dit verstaan is, moet ons uit die res van die Skrif probeer opmaak."²

Nadat dr. Barnard dan aangetoon het dat daaglikse byeenkomste, private en gemeenskaplike gebede, om hardop te bid en die vrye gebed naas die formuliergebed Bybels is en dat ook gewone gemeentelede in die Vroeë Kerk 'n meer aktiewe deel in die erediens gehad het, verklaar hy: "*Hieruit blyk dit dat die biduurvorm wel nie in die Bybel voorgeskryf word nie, maar ook nie teen die gees daarvan is nie* (Kursivering van my — P.J.d.B.). Genoemde tekste, waar gehandel word oor die gemeenskaplike gebed van die Christene, verkry deur die argumente hierbo groter krag as fundering van die bidure."³

¹ Eeuefees van die Pinksterbidure, 1861-1961.

² Bl. 75.

³ Bl. 76.

Eindelik kom dr. Barnard dan *tot* die volgende konklusie: "*Ons moet dus konkludeer dat die gebedsvorm in die biduur Skriftuurlik geoorloof is.*"¹ (Kursivering van my — P.J.d.B.).

Ons moet sê dat dr. Barnard hier konklusies trek wat op suiwer eksegetiese gronde moeilik getrek kan word. *Eers* sê hy dat in die betrokke tekste nie gesê word hoe daar by die samekomste gebid is nie, sodat daaruit nie afgelei kan word dat die gebedsvorm by die geleentheid van die huidige bidure was nie. *Dan* sê hy dat die huidige biduurvorm (waarvan hy nie weet of daarvan in die Skrif gepraat word nie) tog nie teen die gees van die Bybel is nie. *Eindelik* konkludeer hy dan dat die gebedsvorm van die biduur (waarvan hy nog nie weet of daarvan in die Skrif gespreek word nie) Skriftuurlik geoorloof is. Met so 'n eksegetiese beweeg 'n mens op baie dun ys.

Daarby kom nog dat dit glad nie so seker is dat die huidige biduurvorm nie teen die gees van die Bybel is nie. Want as daar verskillende persone na mekaar vir dieselfde saak bid, is dit nie 'n ydele herhaling van woorde nie! En dit is tog teen die gees van die Bybel! (Matt. 6:7,8). En as elkeen daar bid vir sake waarvoor hy of sy *persoonlik* reken dat daar gebid moet word, waarom word dit juis *daar* gedoen as Christus die binnekamer as die plek vir sulke gebede aandui? (Matt. 6:5, 6).

Die groot probleem van die bidure is blykbaar dit: die praktyk het eers ontstaan en toe is daarvoor regverdiging gesoek in die Skrif. Dit is dus nie 'n kwessie van: die Skrif sê so en laat ons nou ook so doen nie. Dit is eerder 'n kwessie van: dit het by ons die gewoonte geword om so te doen; kom ons gaan nou kyk of ons ons handelwyse uit die Skrif kan regverdig en verdedig. Dit is hierdie manier van omgaan met die Skrif wat 'n mens naderhand laat beland by 'n geforseerde eksegetiese wat nie meer 'n *uitlê* is van wat in God se Woord aan ons gesê word nie, maar meer 'n *inlê* van wat ONS graag in die Woorde van die Bybel wil lees.

'n Persoon wat hom baie sterk *teen* bidure uitgespreek het, was wyle ds. S. J. du Toit, die vader van wyle dr. J. D. du Toit (Totius). Sy besware daarteen was in hoofsaak die volgende:

1. Van openbare bidure wat gereeld, weekliks of maandeliks gehou word, waar mense saamkom om te bid, vind ons nog in die Ou Testament nog in die Nuwe Testament enige voorbeeld of voorskrif.
2. Daarenteen word in sowel voorbeeld as voorskrif, beide in die Ou- en Nuwe Testament aan ons voorgehou dat die gebed òf by die openbare erediens hoort òf in die eensaamheid beoefen moet word.
3. Wel vind ons dat die klein kring van gelowiges hulle gedurende die tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster afgesonder het in die oppersaal en volhard het in gebed en smeking om die koms van die Heilige Gees (Hand. 1:14), maar dit was voordat hulle die Heilige Gees ontvang het.
4. Ons Gereformeerde vaders het wel 'n bededag of 'n dag van algemene verootmoediging vanweë nasionale rampe geken, maar dit het saamgehang met die openbare erediens op die dag. Gereelde bidure vind ons egter nie by hulle nie.
5. Vir ds. du Toit kom sulke bidure ewe min ooreen met die gesonde praktyk van die godsaligheid as met die Woord van God. Die ware gebed moet 'n waaragtige *begeerte* wees (Matt. 21:22). Maar word daar altyd in die bidure gebid uit ware begeerte en innerlike drang van die Gees?
6. Volgens ds. du Toit se eie ondervinding — en hy het met bidure groot geword — is daar iets *siekliks* in gereelde bidure wat die gees dikwels meer neerdruk as ophef.²

Dikwels word diegene wat besware teen bidure het en daarom nie daaraan wil meedoen

¹ Bl. 76.

² Aangehaal deur dr. J. D. du Toit in: S. J. du Toit in Weg en Werk, in Versamelde Werkel, Johannesburg, 1960, bl. 394, 395.

nie, daarvan beskuldig dat hulle glad nie of baie weinig bid. Niks is egter minder waar nie! Ook ons wil ons laat lei deur God se Woord wat ons opwek om voortdurend te bid (Luk. 18:1-8; Rom. 12:12; I Thess. 5:17). Maar ook in die wyse waarop ons bid, wil ons ons deur die Woord van God laat lei en omdat die wyse waarop daar in die bidure gebid word na ons oortuiging nie volgens die Skrif is nie, daarom doen ons nie daaraan mee nie.

HOOFSTUK 11: ONVERHOORDE GEBEDE

"Bid en vir julle sal gegee word." So sê Christus aan Sy dissipels en aan al die gelowiges. In hierdie woorde van Christus vind ons 'n *bevel* en 'n *belofte*: aan die een kant die bevel om te bid en, soos blyk uit die oorspronklike teks, voortdurend te bid en aan die ander kant die belofte van die vervulling van hierdie gebed. Tussen hierdie bevel om te bid en die belofte van vervulling lê daar vir die gelowige 'n geweldige heerlijkheid, maar ook dikwels 'n geweldige sielsworsteling en helaas dikwels ook 'n geweldige misverstand. Tussen hierdie twee punte van bevel en belofte lê ook die hele probleem van die onverhoorde gebede.

As ons kom by die onverhoorde gebede, is dit ter wille van duidelikheid seker nodig om onderskeid te maak tussen die woorde *hoor* en *verhoor*. As ons sê: God hoor ons gebede, dan beteken dit: Hy luister daarna, Hy gee ag daarop. Maar as ons sê: God verhoor ons gebede, dan beteken dit dat Hy aan ons gee wat ons van hom vra in ons gebede.

Nou kan ons by die lig van bovermelde op grond van die Skrif sê: God hoor alle gebede, selfs al bestaan die gebed net uit 'n sug, maar Hy verhoor nie alle gebede nie. Dit is dus duidelik: *ongehoorde* gebede bestaan nie, maar *onverhoorde* gebede wel.

Voor alles moet dit nou vir ons duidelik wees dat God, volgens die Skrif, Sy eer daarin stel om 'n Verhoorder van die gebede genoem te word. In Ps. 50:15 verklaar Hy: "Roep My aan in die dag van benoudheid; Ek sal jou uitred en jy moet My eer." Die berymde woorde van Ps. 81:12 toon dit ook duidelik aan:

*Open julle mond,
eis van My vrymoedig
op my trouverbond.
Al wat jul ontbreek,
Skenk Ek as jul smeek
mild'lik en oorvloedig.*

Christus self sê ook in Joh. 15: "As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil en julle sal dit verkry."

Hierdie uitsprake is baie duidelik. En tog skyn dit asof die praktyk van die geloofslewe soms in stryd is met wat hier gesê word, aangesien ons in mindere of meerdere mate te doen kry met onverhoorde gebede.

Ons moet nou egter versigtig wees om nie te gou van onverhoorde gebede te spreek nie. Ons moet eers deeglik ondersoek instel of dit wat ons onverhoorde gebede noem werklik *gebede* is. Baiekeer word blote rympies onnadenkend opgesê met 'n Amen daar agteraan en dan dink ons ons het gebid. Dan voel ons tevrede in die gemoed en ons sê: Ek het weer gebid. Dog in werklikheid was dit geen gebed nie en God verhoor alleen gebede en nie rympies nie. God wil, soos dit nog later sal blyk, van harte deur ons aangeroep word.

Ook om 'n ander rede moet ons nie te gou spreek van onverhoorde gebede nie en dit is omdat God soms uitstel om ons gebede te verhoor. Hy verhoor ons gebede op Sy tyd en nie op ons tyd nie. Sagaria en Elisabet het gebid vir 'n seun en dit nie ontvang nie. Eers toe dit, menslik gesproke, onmoontlik was om 'n seun te hê, toe het God aan hulle Johannes *gegee*.

God laat ons soms wag op die verhoring van ons gebede om ons in die gebed te laat volhard en om ons so nader aan Hom te bring.

So is daar baie oënskynlik onverhoorde gebede wat later geblyk het verhoorde gebede te wees.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat baie sogenaamde onverhoorde gebede inderdaad geen onverhoorde gebede is nie òf omdat dit geen gebede is nie òf omdat dit later verhoor is as wat ons verwag het. Tog bly daar behalwe hierdie nog altyd gebede oor

wat nie verhoor word nie. Nou moet ons egter as 'n gebed nie verhoor word nie, *nie* in die eerste plek die fout by God gaan soek nie, maar by onself. Ons moet dus nie vra: Waarom verhoor *God* my nie? Veel eerder moet ons vra: Waarom word *ek* nie deur God verhoor nie?¹

As ons onself so ondersoek by die lig van die Skrif, sal ons ook vind dat daar sekere redes is waarom ons gebede nie verhoor word nie — redes wat wortel in die sonde en daarom die oorsaak vorm vir die nie-verhoring van baie gebede.

1. Een van hierdie redes vind ons in Jak. 4:3 waar hy aan sy lesers skryf: "Julle bid en julle ontvang nie omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring." Wat Jakobus hier duidelik wil stel, is dat genotsug die gebede van hierdie mense beheers. In hulle gebede het hulle alleen maar die eie vreugde en plesier, eie eer en streling van die sinne in die oog.

Wat hier bedoel word, kan ons soos volg verduidelik: As 'n ouer God bid om sy of haar kind te seën sodat die kind goed presteer op skool, maar intussen dink die betrokke ouer daaraan hoe heerlik hy of sy kan spog as die kind so goed presteer het, dan is dit 'n gebed om dit waarvoor gebid word in welluste deur te bring. So 'n gebed word deur God nie verhoor nie, want alles wat ons van die Here vra, moet as uiteindelige doel hê die verheerliking van Sy Naam.

As ons dit verstaan, sal ons ook besef dat ons gebed nie maar 'n lysie bestellings is wat ons by God as 'n hemelse Winkelier plaas en soos ongeduldige klante wag dat Hy dit so gou as moontlik moet uitvoer nie.² Ook in ons gebede moet ons as mense klein en nietig word en die almagtige God groot en heerlik.

2. 'n Tweede rede waarom ons soms nie deur God verhoor word nie, is omdat dit so dikwels vergeet word dat bid en werk altyd saamgaan. Dit sal vir 'n student wat die hele jaar niks gewerk het nie, glad nie help om aan die einde van die jaar voor die eksamen nou baie ernstig te begin bid dat die Here hom tog moet laat slaag nie. Die Here sal so 'n gebed nie verhoor nie, want die gebed is geen agterdeur vir luiheid om daarmee te bereik wat 'n mens deur werk moes bereik nie (Eduard Geismar).

Iemand het dit eenmaal so gestel: God help alleen diegene wat hulleself help.³ Hoewel dit gevaarlik is om die saak so te stel, sit in hierdie uitdrukking tog baie waarheid.

Dit sal ons nie help om te bid vir die verlossing van een of ander sonde as ons nie self met alle mag daarteen stry nie. Augustinus het gebid: "Vader, verlos my van die bese — maar nie nou al nie." Bid ons nie partykeer net so hoewel ons dit nie woordeliks so uitspreek nie, maar dieselfde soort van gedagte ook in ons hart koester nie? As dit so is, moet ons geen verlossing verwag nie. As ons bid: Verlos ons van die Bese, moet ons ook stry teen die Bese. Bid en werk!

3. 'n Verdere rede vir die nie-verhoring van sommige gebede is omdat ons van God 'n blote noodhulp maak. God belowe aan ons dat Hy vir ons 'n hulp in nood sal wees, maar nêrens sê Hy dat Hy 'n blote noodhulp wil wees nie.

In Ps. 50 sê die Here: "Roep My aan in die dag van benoudheid; Ek sal jou uitred en jy moet My eer." Hier beloof God dus om 'n hulp in nood te wees.

Nou gebeur dit egter dat mense soms lewe sonder God en Sy gebod en hulle aan Hom nie steur nie. Kom hulle egter in die moeilikheid, dan weet hulle heel gou om te bid, want nood leer bid. Help God hulle nou egter in hulle nood, dan word Hy na die hulp dadelik vergeet totdat daar weer moeilikheid kom om dan weer as noodhulp ingeroep te word. As God egter geen gehoor gee op hierdie gebede nie, dan is hierdie mense gewoonlik die wat die hardste kan kla oor onverhoorde gebede terwyl hulle vergeet dat,

¹ Ds. W. A. Wiersinga: Gods Werk in ons, Kampen, 1952, bl. 186.

² Ds. W. J. de Klerk: Vader, leer my loop, Potchefstroom, 1961, bl. 49.

³ G. D. Scholtz: Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms? Johannesburg, 1954, bl. 172.

omdat hulle nie leef as kinders van God nie, hulle ook geen aanspraak kan maak op verhoring van hulle gebede nie.

Nou gebeur dit soms dat God sulke noodhulp-gebede wel verhoor. As dit die geval is, sien ons daarin maar net weer Sy oneindige genade. As die verhoring van sulke gebede ons maar net daartoe kan bring om verder vir Hom te lewe.

4. 'n Vierde rede waarom ons gebede soms nie verhoor word nie, is as ons hardnekkig aan een of ander sonde bly vashou. Dan mag daar wel ernstig tot die Here gebid word en die begeerte om die afgebede seën te verkry wel opreg wees, maar daar word nie geheel en al gebuig voor die Here nie.

So kan ek byvoorbeeld van God bid om aan my ware sekerheid van die geloof te skenk, maar intussen weier ek om my broeder en/of suster wat teenoor my oortree het van harte te vergewe. Dan is daar 'n ban in my lewe net soos daar 'n ban in Israel was na die sonde van Agan en Israel geen seën van die Here ervaar het voordat die ban nie uit hulle midde gedolg is deur die steniging van Agan nie. So 'n sonde waarvan ek dan nie wil afstand doen nie, word dan 'n verandering vir die verhoring van my gebed.

Christus sê immers in Joh. 15: "As julle in My woorde bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry," maar vanselfsprekend volg dan hieruit dat as ons nie met alle mag stry om in die woorde van Christus te bly nie en ons volhard in een of ander sonde wat bots met Sy woorde, verloor ons ook alle aanspraak op gebedsverhoring.

5. 'n Vyfde rede wat die verhoring van ons gebede verhoor, is as die verhouding tussen man en vrou in die huwelik nie reg is nie. In I Petrus 3:7 lees ons: "Net so moet julle, manne, verstandig *met* hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is — *sodat julle gebede nie verhoor mag word nie.*"

Hierdie selfde gedagte kry ons ook in Mal. 2:13, 14 waar dit gesê word: "En boonop doen julle dit: julle bedek die altaar van die Here met tranen, met geweene en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. En julle vra: Waarom? Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond."

Hieruit is dit duidelik hoe dat 'n verharde, onskriftuurlike en onchristelike verhouding tussen man en vrou 'n verandering is in die verhoring van die gebede en in die uitlewing van die godsdiens as geheel.

6. Die feit dat sekere gebede nie verhoor word nie, vind sy oorsprong soms ook daarin dat ons nie *van harte* tot die Here bid soos Hy ons verwag nie. Ons bid nie — soos ons Kategismus dit stel — "met hartlike sugte" uit die grond van ons hart nie, maar dikwels net met ons lippe, en as ons nie van harte tot die Here bid nie, dan vra ons eintlik van Hom wat ons nie wil hê nie. Daarom is baie van ons gebede eintlik niks anders nie as leuens met toe oë.

So bid ons byvoorbeeld vir die verlossing van 'n karakterfout of 'n bepaalde sonde terwyl ons diep in ons hart nie graag van die sonde wat darem so lekker is, verlos wil word nie. So 'n gebed is nie van harte nie en verloor dus alle aanspraak op verhoring.

Veral ons openbare gebede gaan mank aan die kwaal dat dit nie van harte is nie. So word tafelgebede dikwels as 'n blote rymie opgesê terwyl dit die hart koud laat.

Hier kry ons ook te doen met die gebede wat in onopregtheid uitgespreek word. So word daar soms gebid, nie om werklik iets van die Here te vra nie, maar alleen om hierdie of daardie persone te toon hoe lief ons hulle het of om hulle heuning om die mond te smeer. Sulke gebede is, om die minste daarvan te sê, goddeloos en sulke bidders verdien om soos Korag, Datan en Abiram deur die aarde ingesluk te word.

7. 'n Sewende rede waarom ons gebede soms nie verhoor word nie, is omdat ons bid

sonder vertroue.

Ons staan dikwels van ons gebede op sonder enige verligting. Ons het aan die Here alles vertel, maar ons het so weinig hoop dat Hy ons sal help — *omdat ons self geen weë sien waarlangs die gevraagde verlossing kan opdaag nie*. As dit so is, bid ons sonder geloof en sien ons by ons gebede alleen maar die berge van probleme en nie die almagtige God nie. As ons so bid, moet ons ook nie dink om iets van God te ontvang nie. Jakobus stel dit baie duidelik in sy brief: "Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel is soos 'n golf van die see wat deur die winde gedryf en voortgesweep word. Want die mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie" (Jak. 2:6, 7).

'n Gebed sonder geloof en vertroue is soos 'n sprong in die duisternis waarby ons nooit weet waar ons te lande sal kom nie. Daarom: as ons bid, moet ons nie heimlik dink dat God ons tog nie sal verhoor nie. As ons dit doen, beledig ons die Here en word ons hele gebed 'n klug en sonder betekenis. Calvyn het gesê: "God word verskriklik vertoornd as ons Hom 'n weldaad vra, maar intussen nie verwag om dit van Hom te verkry nie."

Wie sonder geloofsvertroue bid, durf ook eintlik nie "amen" sê na sy gebed nie, want "amen" spreek ek die geloof en vertroue uit dat my gebed waarlik verhoor sal word, ja, selfs veel sekerder deur God verhoor sal word as wat ek in my hart voel. En hoe durf ek nou "amen" sê as ek glad nie vertrou dat God my gebed sal verhoor nie? As ek dit tog doen, is die amen 'n groot leuen.

Wanneer ons bid, moet ons soos kindertjies word en in kinderlike geloofsvertroue van die Here vra wat ons wil hê.

8. Die feit dat ons te gou ophou met bid, vorm soms ook 'n rede waarom sekere gebede nie verhoor word nie. Ons vra die Here enkele kere iets en as Hy ons nie dadelik verhoor nie, dan hou ons op en sê ewe wanhopig: Dit help ook nie om te bid nie. So word die feit dat sommige gebede onverhoor bly, die rede waarom die geloofsekerheid wat aan die waaragtige gebed ten grondslag lê, soms verflou.¹

In Luk. 18:1-8 het Christus aan ons 'n gelykenis voorgehou waarin Hy dit beklemtoon dat ons moet aanhou met bid. Dit sien ons reeds uit die eerste vers wat soos volg lui: "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie." En dan vertel Hy die gelykenis van die weduwee aan wie die regter aanvanklik nie wou reg verskaf nie, maar by hom aangehou het en hy dit tog later gedoen het. So moet ons ook aanhou met bid.

God laat ons soms wag op die verhooring van ons gebede, nie om ons van Hom af weg te stoot nie, maar juis om ons so nader aan Hom te trek, om ons te versterk in ons geloof sodat ons in die oordeel wat kom nie Sy toorn mag ervaar nie, maar Sy genade. God "talm" dus soms om ons gebede te verhoor juis om ons geloof ontwil, naamlik om te verseker dat ons waaragtige, egte geloof sal hê.² Baie kinders van God het langs die weg van die volhardende gebed vir 'n bepaalde saak ten slotte al opregter leer sê: As ek U maar het, o Here, my God, dan is dit vir my genoeg; U alleen kan ek nie mis nie; U genade, ja, dit is my lewe.³

Maar om daartoe te kom is dit nodig dat ons moet aanhou en aanhou met bid en nie moedeloos moet word nie.

Uit die voorgaande het ons nou gesien dat daar sekere redes is wat wortel in ons sonde wat die oorsaak vorm waarom ons gebede nie verhoor word nie.

Tog vind ons in die Skrif en uit ons eie lewe ook voorbeelde van gebede wat werklik in alle opsigte gebede is, gebede wat kom uit die hart, gebede in 'n vaste vertroue, gebede

¹ Tjaart van der Walt: Die Koninkryk van God — naby! Kampen, 1962, bl.164

² Ibid. bl. 164.

³ Ds. W. A. Wiersinga, a.w. bl. 187.

waarby daar nie aan een of ander sonde vasgehou word of die welluste van die vlees beoog word nie, met ander woorde, gebede wat sover dit menslik moontlik is, in alle opsigte in ooreenstemming is met die vereistes wat God vir die gebed stel — en tog nie deur God verhoor is nie.

Voorbeelde van sulke gebede is die volgende: Moses se gebed om Kanaän binne te gaan (Deut. 3:23-28); Dawid se gebed dat die kind van hom en Batseba behou moet word (2 Sam. 12:16 v.v.) en Paulus se gebed om die wegneming van die doring in die vlees (2 Kor. 12:7-9).

Hoe moet ons nou verstaan dat *hierdie* gebede nie verhoor is nie?

Hier het ons nou eintlik gekom by die kern van die hele probleem van die onverhoorde gebede.

Die oplossing van hierdie hele saak is geleë in die vaderskap van God. Ons hemelse Vader weier soms om aan ons te gee wat ons vra. So doen aardse vaders tog ook teenoor hulle kinders en hulle moet dit doen as hulle kinders verkeerde dinge van hulle vra. Dit is alleen 'n dwase vader wat as sy kind 'n gelaaide rewolwer wil hê om mee te speel, dit aan hom gee. Ja, dit is alleen swak vaders wat aan hulle kinders alles gee wat hulle vra en so die kinders bederf. God is egter 'n volmaakte Vader en Hy weet die beste wat ons nodig het. Hy weet dat ons vanweë die sonde dikwels dom kinders is en iets vra wat nie vir ons goed is nie. As God dus 'n versoek van ons afwys, kan ons daarvan seker wees dat dit tot ons beswil is. In die afwysing van die bede lê daar dan groter genade en liefde as in die voldoening daaraan. So was dit by Paulus. Hy het God ernstig gebid om die doring in sy vlees te verwyder, maar Hy wou nie, want Hy het aan hom gesê: "My genade is vir jou genoeg. My krag word in swakheid volbring." En later was Paulus self dankbaar dat die Here die doring uit sy vlees nie verwyder het nie, want op die wyse is hy daarvoor bewaar om homself te verhef .

Dit is dus duidelik: dit is alleen 'n vader wat lief is vir sy kind en die kind altyd net die beste gun wat so optree en soms ook gevaarlike dinge wat hy wil hê en waarvan hy nie die gevaar besef nie, nie aan hom gee nie. So doen ons hemelse Vader ook — net op volmaakte wyse. Hy, ons Vader, wil altyd die goeie vir Sy kinders en om dit te bereik, gebruik Hy selfs die nie-verhoring van hulle gebede. Hy onthou aan ons alleen iets om Homself des te meer aan ons te gee. Hy onthou aan ons 'n man, 'n vrou of 'n kind sodat die leë plek des te meer deur Hom gevul kan word.

Ons moet verder onthou dat ons eintlik maar eendagsvlingers is teenoor die ewige God en hoe kan ons dan vir die God voorskryf hoe om ons lewens te reël? Hy oorsien immers die geheel van ons lewens en weet hoe dit ingepas moet word in die lewens van ander. Ook of 'n bepaalde saak waarvoor ons vra in die gebed, inpas in ons lewens of nie. Daarom werk Hy ook aan ons geestelike groei deur die onverhoorde gebede. Hy is besig om ons te bou al lyk dit baiekeer vir ons of Hy besig is om ons af te breek.

Daarom geld ook met betrekking tot die onverhoorde gebede die woord van Christus: "Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie" (Matt. 11:6). Maar ons moet nog verder gaan. Ons moet ons nie slegs nié erger aan God as sake anders gaan as wat ons dit van Hom gevra het nie, maar ons moet vantevore reeds bid: "Vader, laat U wil geskied." U is my Vader en U alleen weet wat vir my die beste is. Vader, in kinderlike ootmoed vra ek van U dit of dat. Ek smee U, gee dit aan my. Laat nogtans U wil geskied.

Calvyn het in hierdie verband gesê: Daarom bid ons, voordat ons enige gebed vir onself doen, dat Sy wil moet geskied. En daarmee onderwerp ons ons wil reeds aan Syne, sodat ons wil, as 't ware deur 'n toom bedwing, nie vantevore aan God aanwysings sou gee nie, maar Hom sal stel tot Regter en Bestuurder van al my begeertes.¹

Om dus saam te vat kan ons dus sê dat die hele saak van onverhoorde gebede — wat

¹ Aangehaal deur ds. W. A. Wiersinga, a.w. bl. 191.

ware, opregte gebede is — gewortel is in die liefde van ons Vader vir ons, Sy kinders — die liefde wat Hy ook aan ons openbaar deur sekere dinge wat ons van Hom vra en wat nie goed vir ons is nie, nie te gee nie.

DEEL III: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE KERK

HOOFSTUK 12: KERKLIKE BYDRAES

Kerklike bydraes is een van die vrugte van 'n egte geloof in Jesus Christus. Ook daarin word my geloofsverbondenheid aan my Here en Verlosser duidelik geopenbaar. Daarom is besinning oor hierdie saak by die lig van die Skrif altyd nodig. By so 'n besinning is dit veral nodig dat aandag geskenk word aan die *motief vir die gee van bydraes, die karakter daarvan, die hoeveelheid wat gegee moet word en die wyse van insameling daarvan.*

I. DIE MOTIEF VIR DIE GEE VAN BYDRAES

(a) Die kerkiens moet onderhou word.

Kerklike bydraes is noodsaaklik vir die uitbreiding van Gods koninkryk. Sonder die nodige stoflike middele kan hierdie uitbreiding egter nie naastenby na behore geskied nie.

Die Here het aan Sy kerk die opdrag gegee om die evangelie van verlossing in Jesus Christus aan alle nasies te verkondig en hulle in die sake van die Here te onderrig (Matt. 28:19). Om hierdie opdrag doeltreffend uit te voer, is daar mense nodig wat soos Paulus en die ander apostels voltyds met die verkondiging van die evangelie en aanverwante sake besig is. Vandag word hierdie arbeid hoofsaaklik verrig deur die predikante. Hierdie persone moet nou sodanig versorg word dat hulle, sonder bekommernis oor die nodige lewensmiddele, al hulle aandag kan gee enersyds aan die verdieping van die geloofskennis en geloofslewe van diegene wat aan hulle sorg toevertrou is, en andersyds aan die verkondiging van die evangelie aan afgedwaaldes en heidene. Die versorging van hierdie persone deur die gelowiges is 'n Skriftuurlike eis. In die Ou Testamentiese tyd moes die gelowiges hulle tiendes vir die doel na die tempel bring (Num. 18:21) en wat die Nuwe Testamentiese tyd betref, sê Paulus: "Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe" (I Kor. 9:13, 14).

Behalwe die versorging van genoemde persone is geld ook nodig vir die oprigting van kerkgeboue en ander lokale wat noodsaaklik mag wees; vir die verspreiding van Bybels en Christelike lektuur; vir die opleiding van predikante; vir die arbeid van sending en evangelisasie en vir baie ander sake wat 'n noodsaaklikheid in die uitbreiding van Gods koninkryk is.

Dit is nou die roeping van elke gelowige om bydraes te gee sodat al die genoemde arbeid sonder hindernis kan voortgaan en die evangelie van Christus aan alle volke, tale en nasies verkondig word en die eer van God so bevorder word. Wie weier om aan hierdie eis te voldoen, is ongehoorsaam aan God en so 'n persoon is 'n struikelblok in die uitbreiding van Gods koninkryk.

(b) Uit dankbaarheid.

As kerklike bydraes vir bogenoemde doel sonder meer gegee word, bestaan die gevaar altyd dat dit 'n blote pligpleging word wat die hart koud laat. Daarom moet besef word dat daar by die ware gelowige ook 'n ander motief is wat hom of haar aanspoor tot die gee van bydraes, en dit is opregte dankbaarheid teenoor die Here vir die heerlike verlossing wat Hy in en deur Christus vir ons bewerk het.

Christus het Homself oorgegee in die smarte van kruis, hel en dood om ons daarvan te verlos en vir ons so die ewige lewe te verwerf en dit moet ons so aangryp en ontroer dat ons ook bereid moet wees om uit dankbaarheid offers te bring tot eer van die Here. Hierdie groot liefdesdaad van Christus moet by ons spontaan die vraag van Ps. 116 laat opkom: "Wat sal ek die Here vergeld vir al Sy weldade aan my?" Uit dankbaarheid vir die magtige offer wat Christus gebring het om my saak te bevorder, moet ek nou ook bereid wees om van my kant groot offers te bring om die saak van Christus en die uitbreiding

van Sy koninkryk te bevorder (II Kor. 8:9).

Van die gelowiges in Macedonië lees ons dat, toe van hulle offers gevra is, hulle *bokant hulle vermoë* bygedra het en die apostels *gesmeek* het om hulle bydraes te neem (II Kor. 8:1-9). Daartoe moet 'n mens kom as die liefdesoffer van Christus vir jou werklik van reële betekenis is. En nou sê Paulus dat hy doelbewus verwys na wat die Macedoniërs gedoen het "om deur die ywer van ander ook die egtheid van julle ywer op die proef te stel" (II Kor. 8:8). Dit geld ook vir ons.

Ons dankbaarheid moet verder ook voortvloei uit al die ander seëninge wat ons uit die hand van die Here ontvang het: voedsel, kleding, huise, krag, gesondheid, ens. Omdat die Here ons ook met stoflike middele so ryklik seën, moet ons ons dankbaarheid teenoor Hom ook daarin betoon dat ons uit dit wat ons van Hom ontvang het, mildelik offers bring om die sake van die Here te bevorder.

Trouens, ons met alles wat ons is en het behoort aan die Here (I Kor. 3:22, 23) en daarom moet ons die Here ook daarmee dien. Ons is in werklikheid ook geen eenaars van al die besittings nie, maar net rentmeesters wat aan die Here verantwoording moet doen. Daarom moet ons selfs bereid wees om as dit nodig is, alles op te offer in die diens van die Here (Matt. 19:16-30).

Onwilligheid om aan die Here te offer kom dus daarop neer dat ons die Here beroof van wat werklik aan Hom behoort (Mal. 3:8). Hy het die stoflike middele aan ons geleen om daarmee te woeker om op die wyse Sy eer te bevorder. Gebruik ons dit egter uitsluitlik vir ons eie belange, dan doen ons 'n onreg teenoor die Eenaar wie se besittings dit werklik is. (Vgl. die gelykenis van die talente, (Matt. 25:14-30).

Opregte dankbaarheid vir al die geestelike en stoflike gawes wat ons van die Here ontvang het, moet ons dus daartoe dryf om ook in die vorm van kerklike bydraes mildelik offers te bring vir die diens van die Here.

(c) Die kerk eis dit.

Die Kerkraad het ook volgens die Skrif die mag om op grond van beginsels wat in die Woord aan ons voorgehou word, van die lidmate die bydraes te eis wat nodig is vir die welsyn van die kerk en die uitbreiding van Gods koninkryk en die Skrif leer dat hierdie eise gehoorsaam moet word (vgl. Matt. 16:19; Rom. 13:1-7; I Petr. 2:13-17 en Heid. Kat. vr. en antw. 104). Prof. W. J. Snyman stel dit so: "Kerklike mag sluit ook in om die nodige middele te vind om sy opgelegde taak te volbring, en om sekere orde te skep in verband met die bydraes . . . Verordeninge in verband met kerklike bydraes moet gehoorsaam word. Vrywilligheid en onderwerping aan kerklike gesag sluit mekaar nie uit nie. Die onderhoud van die kerkdienste is 'n verpligting, I Kor. 16:1, wat met blymoedigheid volbring moet word, II Kor. 9:6."¹

H. DIE KARAKTER VAN DIE BYDRAES

(a) Dankoffer.

Soos blyk uit die voorgaande moet ons bydraes die karakter dra van 'n dankoffer. Uit dankbaarheid vir die groot genade en liefde wat God in Christus aan ons bewys het en uit dankbaarheid vir al die stoflike seëninge wat ons uit die hand van die Here ontvang het, moet ons ook ons bydraes vir die Here bring (Vgl. II Kor. 9:5). Die digter van Ps. 116 sê dat hy, uit dankbaarheid vir die verlossing wat die Here vir hom bewerk het, "'n offer van danksegging" vir die Here sal bring. Hy spreek egter net van 'n tydelike verlossing. Hoeveel te meer geld dit nie vir ons as ons gaan spreek oor ons ewige verlossing deur Christus nie? (Vgl. Luk. 7:36-50).

(b) Bereidwilligheid en blymoedigheid.

Paulus sê dat ons bydraes nie die karakter moet openbaar van "iets wat afgepers is nie" (II Kor. 9:5). Dit moet nie gegee word "met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n

¹ W. J. Snyman: Die tiendes in die Nuwe Testament, Almanak van die Gereformeerde kerk in S. A. 1956, bl. 133.

blymoedige gewer lief"(II Kor. 9:7).

Ons moet ons bydraes gee met volle bereidwilligheid. Dit moet by ons so wees dat ons dit graag wil gee enersyds uit dankbaarheid teenoor die Here en andersyds sodat dit aangewend kan word om die saak van die Here te bevoordeel. Dit moet trouens vir ons 'n groot vreugde wees om te kan gee en daarby te weet dat ook ons gawes gebruik sal word om die roem en eer van die Here te bevorder. 'n Bydrae wat uit dwang gegee is of as iets wat afgepers is, verloor sy eintlike waarde voor God omdat dit nie opkom uit die liefde van die hart teenoor die Here nie, maar as 'n blote pligpleging waarin die hart koud en onaandoenlik bly.

(c) Die eerste en beste vir die Here.

Deur my kerklike bydraes moet ek ook toon dat die Here en die sake van die Here die eerste plek in my lewe inneem.

Hierdie saak is vir die praktyk van die gee van bydraes van besondere belang. Dit is trouens by baie kerkmense niks vreemds nie dat as die salaristjek ontvang is, dan word eers die huis betaal, dan die meubels, dan die motorkar, dan . . . en as daar iets oorbly kan die Here dit of iets daarvan kry. Dit kom dus daarop neer dat laaste van alles vir die sake van die Here gesorg word. Hy moet maar die oorskiet kry — as daar 'n oorskiet is. Dit is presies dieselfde wat die Jode in die tyd van Maleagi gedoen het toe hulle die beste diere vir hulleself gehou het, maar die blinde, lam en siek diere — die oorskiet! — vir die Here gebring het (Mal. 1:8,14). So kom tot openbaring dat die Here nie die eerste nie, maar die laaste plek in my lewe inneem.

Hierteenoor moet duidelik gestel word dat dit die eis van die ganse Skrif is dat die Here en Sy diens in alle opsigte die eerste plek in ons lewens moet inneem — ook in ons bydraes. In Israel was dit die gebruik dat die eersteling van alle inkomste aan die Here gebring moes word. So lees ons in Spr. 3:9, 10: "Vereer die Here uit jou goed en uit die *eersteling van al jou inkomste*; dan sal jou skure vol word van oorfloed en jou parskuipe oorloop van mos." Deur die bring van die eersteling het Israel die Here geëer as die Een van wie alles afkomstig is, hulle dankbaarheid vir die ontvangte gawes teenoor Hom betoon en op die wyse as 't ware die hele inkomste aan die Here gewy.

Die beginsel wat hieruit en uit ander Skrifgedeeltes vir ons as Nuwe Testamentiese gelowiges voortvloei is dat, as die Here die eerste plek in ons lewens inneem, ons ook by ons inkomste eerste aan die Here en Sy sake moet dink. Dit moet die eerste item op my maandelikse of jaarlikse begroting wees. So sal ons daarvoor bewaar word om nie ons persoonlike belange voor die belange van die Here te stel nie.

III. DIE HOEVEELHEID VAN DIE BYDRAES

Vir die Ou Testamentiese tyd was dit 'n vasstaande reël dat 'n tiende van 'n persoon se inkomste aan die Here gegee moes word. Uitdruklik word dit verklaar dat die tiende heilig is aan die Here (Lev. 27:30) en daarom aan die Here behoort. Nalatigheid of onwilligheid om die tiende te gee beteken om die Here te beroof (Mal. 3:8).

Dit is egter van belang om daarop te let dat die gee van tiendes aan die Here bekend was voordat die Here die seremoniële wet deur middel van Moses aan Israel gegee het. Reeds by Abraham en Jakob is daar sprake van tiendes (Gen. 14:20; Hebr. 7:4; Gen. 28:20). Prof. S. du Toit sê hiervan: "Die gee van tiendes is derhalwe nie aan die wet van Moses spesifiek eie nie. Dit word gevind by die gelowige volk vanaf ou tye en is selfs by die mensheid in die algemeen beken."¹

Uit die wet van Moses is dit duidelik dat die *hele* tiende heilig is aan die Here en in Sy diens gebruik moet word (Lev. 27:30; Num. 18:20), behalwe dat die bringer van die tiende by die geleentheid as hy dit na die tempel bring uit daardie tiende 'n vreugdemaaltyd moet aanrig waaraan ook die Leviëte moet deel hê *en* dat die armes al om die derde jaar ook saam met die Leviëte van die tiendes wat gebring word, kan

¹ S. du Toit: Die ou Testament — 'n Wonder, Potchefstroom, 1963, bl. 174.

geniet (Deut. 14:22-29). In elk geval is dit duidelik dat wat met die tiende moet gebeur nie by elke persoon self berus het nie. Die Here alleen bepaal wat met die tiende moet gebeur, want die tiende is heilig aan Hom (Lev. 27:30). Dit is dan ook opmerklik dat die laaste profeet van die Ou Testament nog soveel nadruk lê op die feit dat die *hele* tiende na die skathuis van die tempel gebring moet word. Die Here beloof selfs dat Hy diegene wat hierdie bevel gehoorsaam, ryklik sal seën: "Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef my tog hierin, sê die Here van die leërskaar, of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie" (Mal. 3:10).

'n Deel van hierdie tiendes het *nie* in die vorm van belasting na die staat gegaan soos soms ten onregte gemeen word nie. Die volle tiende was, soos hierbo aangedui, bestem vir die diens van die Here. In I Sam. 8 word dit duidelik gestel dat die koning wat oor Israel sou regeer, sy eie tiendes van die volk sou eis (vs. 15), wat iets heeltemal anders is as die tiendes wat die Here eis.

In die Nuwe Testament word die gee van tiendes nie gestel as 'n direkte voorskrif soos in die Ou Testament nie, maar daar word ook nie gesê dat hierdie voorskrif nie meer geld nie.

As daar in die Nuwe Testament van die tiendes sprake is, is dit hoofsaaklik in verband met die Ou Testamentiese tempeldiens (Matt. 23:23; Luk. 11:42; 18:12) en *hierdie tiendes* het saam met die tempeldiens verval. Volgens prof. W.J. Snyman beteken dit egter nie dat die gee van tiendes as algemene reël verval het nie, aangesien die gee van tiendes ouer is as die wet van Moses. So verklaar hy in verband met Hebr. 7:5: "Hier is sprake van die tiendes, wat die priesters *ontvang* van die volk, met verwysing na die tiendes wat die priesterskap in Abraham *gegee* het aan Melgisedek. Hieruit kan afgelei word dat die gee van tiendes ouer is as die skaduwees en dus nie daarmee verval het nie."¹ Hy verklaar verder in verband met die tiendes in die Nuwe Testament: "Al is die tiendes nie 'n voorskrif nie, is dit tog 'n Skriftuurlike voorbeeld en dit bevat 'n beginsel van insameling, nl. "ooreenkomstig die seën van die Here" (Deut. 16:17; I Kor. 16:2)."²

In die Nuwe Testament word dit ook sterk beklemtoon dat ons met alles wat ons is en het aan die Here behoort omdat ons alles van die Here ontvang het (I Kor. 3:22, 23; Matt. 25:14-30). En daarom moet ons bereid wees om *alles*, nie net ons besittings nie, maar ook die verbintenis met dierbares en selfs die eie lewe op te offer in die diens van die Here as dit van ons gevra word (Matt. 10:37-39). En die vraag is: As ons in normale tye nie eers kans sien om ruimskoots van ons inkomste aan die Here te gee nie, sal ons wel in 'n kritieke oomblik in staat wees om alles, selfs ons lewe, om Sy ontwil op te offer?

Belangrik is ook II Kor. 9:6 waar Paulus in verband *met* die gee van bydraes sê: "Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai." Dit kom daarop neer dat wie in verhouding tot sy of haar inkomste min gee, ook moet verwag om weinig deur die Here geseën te word en weinig van die Here te ontvang. Maar wie mildelik gee, sal ook mildelik deur die Here geseën word. Gee is saai en saai voorspel 'n oes. Maar tussen saai en oes is daar — ook in die geestelike lewe — 'n baie noue verband.

IV. DIE INSAMELING VAN BYDRAES

In baie kerke is dit gebruikelik dat die bydraes deur die diakens by die lidmate se huise gehaal word. Hierdie praktyk kan die toets van die Skrif nie deurstaan nie, omdat nêrens in die Skrif enige aanduiding gevind word dat 'n persoon se offers by sy huis gaan haal is nie. Trouens, dit lê in die aard van 'n offergawe dat dit *gebring* moet word na die huis van die Here. Baie nadruk word ook in die Skrif daarop gelê dat die offers gebring moet

¹ A.w. bl. 130.

² A.w. bl.134.

word. In Deut. 12:5, 6 word verklaar: "Die plek wat die Here julle God uit al die stamme uitkies om Sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen *moet* jy kom. En daarheen moet julle jul brandoffers *bring* en julle slagoffers en julle tiendes en die offergawes van julle hand." In die Nuwe Testament lees ons weer in Hand. 4:34: "Want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, *gebring* en aan die voete van die apostels neergelê."

Deur die bydraes na die kerk te bring, toon die lidmate ook dat hulle aktief wil meewerk in die diens van die Here, dat hulle nie in 'n staat van geestelike doodsheid verkeer en daarom deur die besondere ampte op die kerklike pad voortgesleep moet word nie. Hulle offers sal op die wyse ook veel minder die karakter hê van iets wat afgepers is (II Kor. 9:5) en veel meer as iets wat met blymoedigheid gegee word (II Kor. 9:7).

HOOFSTUK 13: KERKBESOEK

In ons tyd hoor 'n mens berigte dat die kerkbesoek dwarsoor die wêreld 'n duidelike agteruitgang toon in vergelyking met vroeër. In die meeste gevalle kan van die oggenddiens nog wel gesê word dat dit redelik bygewoon word, maar met die aandiens is dit oor die algemeen maar swak gesteld. Daarom het dit seker nodig geword dat die noodsaaklikheid van kerkbesoek in ons tyd weer met nadruk beklemtoon word.

Verskeie redes kan op Skrifgronde aangevoer word waarom kerkbesoek vir ons 'n vereiste is.

As *eerste rede* kan genoem word die feit dat dit die *Woord van die heilige en ewige God* is wat daar geproklameer word, waarvan in Hebr. 4:12 verklaar word: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." Onder ons mense is dit so dat soms geweldig moeite gedoen word om die woord van 'n mens te hoor. Soms kan baie myle gery word om na politieke sprekers te luister. Hoeveel te meer moet daar nie opgeoffer word om die Woord van Hom wat die hoogste gesag en alle mag in hemel en op aarde het, te hoor nie. Bowendien het die woorde van die politieke en soortgelyke sprekers slegs betrekking op hierdie lewe en dikwels slegs vir 'n kort fase in hierdie lewe, maar die Woord van die Here is van belang vir die mense se hele lewe op aarde *en* boonop nog vir die ewige lewe.

Dit hou natuurlik in dat die woord van die prediker nie beskou moet word as die woord van 'n mens nie, maar soos dit werklik is, as die Woord van God (I Thess. 2:13). Agter die prediker staan Jesus Christus self wat hom gebruik as Sy instrument om Sy bevel aan die gemeente te proklameer. Aan die ander kant lê dit natuurlik ook 'n eis op die prediker om te sorg dat hy niks anders verkondig nie as die suiwere Woord van God.

Die *tweede rede* waarom kerkbesoek noodsaaklik is, is omdat die Heilige Gees die Woord wat verkondig word nie net as middel gebruik om die nuwe lewe in die mens te plant en die wedergeboorte tot stand te bring nie (I Petr. 1:23), maar ook om die reeds wedergeborene daardeur te laat groei in die geestelike lewe (I Petr. 2:2), aangesien ons geloof deur die verkondigde Woord gesterk en opgebou word en ons van wapens voorsien word vir die stryd teen die Bose.

Die *derde rede* is dat in die prediking van die Evangelie die hemelryk oop- en toegesluit word. Die sleutelmag in die kerk word bedien deur die prediking van Jesus Christus as die enigste Weg tot ewige behoud. Die wat in Hom glo en aan Hom gehoorsaam is — hulle sondes is vergewe en hulle word erfgename van die ewige lewe. Op die wat hulle egter nie in geloofsgehoorsaamheid tot Hom bekeer nie, rus die toorn van God en die ewige verdoemenis. Dit is wat in die prediking van die Woord aan die gemeente verkondig (moet) word en "volgens hierdie getuienis van die Evangelie sal God oordeel in hierdie lewe sowel as in die toekomstige".¹ Ook om hierdie rede is kerkbesoek dus absoluut noodsaaklik.

Ons wil nou op enkele Skrifgegewens die aandag vestig om te toon hoe 'n ernstige saak kerkbesoek is, en verder dat dit 'n bevel van God is.

Joh. 8:47: "Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie omdat julle nie uit God is nie."

Christus rig hierdie woorde tot die Fariseërs aan wie Hy kort tevore gesê het dat hulle die duiwel as vader het. Met die woorde: "Die wat uit God is . . ." word diegene aangedui wat aan God behoort, Sy kinders is, die wat vra na Sy wil en vir Hom wil lewe. Diesulkes luister, volgens Christus, graag na die woorde van God wat ook in die prediking van die Woord tot hulle kom. Die wat egter nie uit God is nie en derhalwe nie Sy kinders is nie, het ook geen behae om na Sy Woord te luister nie. Dit alles kom daarop neer dat wie

¹ Heid. Kat. antw. 84.

kerkbesoek nalaat, juis daardeur toon dat hulle geen kinders van God en geen ware Christene is nie, ongeag hoe hulle self ook mag roem dat hulle gelowiges is.

Rom. 10:14, 17: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? . . . Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."

In hierdie verse word daar 'n baie noue verband gelê tussen die geloof en die aanhoor van die Woord van God wat verkondig word; nie alleen word die geloof deur die luister na die verkondigde Woord tot stand gebring nie (Hand. 16:14), maar — soos reeds aangedui — word die geloof daardeur ook versterk en opgebou (I Petr. 2:2). Nalatigheid om die kerk te besoek sal in hierdie verband meebring dat die geloof verswak en kwyn en derhalwe dat 'n veragtering in die genade intree. En as God dit nie verhoed nie, kan 'n mens deur so 'n versuim uiteindelik kom tot 'n afval van die lewende God.

I Kor. 1:21: ". . . het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red."

Paulus toon in die betrokke gedeelte waaruit hierdie woorde kom, dat Jode en Grieke die prediking van Jesus Christus as Verlosser, as dwaasheid beskou, omdat dit met hulle eie wysheid, of liever, waanwysheid in stryd is. Tog word die ewige redding juis deur die prediking bewerk. Die prediking bewerk en versterk die geloof en die wat glo word gered. Wie hom of haar dus aan die prediking onttrek — miskien omdat dit ook in hulle oë dwaasheid is — sluit vir hulleself die weg tot ewige redding toe.

Hebr. 10:25: "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie."

Die onderlinge byeenkoms waarvan hier sprake is, sien op die erediens.¹ Dit mag nie nagelaat word nie, maar moet gereeld en getrou besoek word. Hier word dit dus uitdruklik gestel dat die eredienste bygewoon moet word. Versuim om die kerk te besoek is dus niks anders nie as ongehoorsaamheid aan die duidelike bevel van God.

I Petr. 2:2: "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, sodat julle daardeur kan opgroei."

Petrus sê hier dat daar by die gelowige net so 'n sterk verlange moet wees om die Woord van God te hoor soos wat daar by 'n pasgebore kindjie na die moedersmelk is. Soos 'n kindjie ongelukkig en ontevrede is so lank as wat hy die nodige melk nie gekry het nie, so moet dit ook by die gelowige wees in sy sterk verlange na die suiwere melk van die Woord van God wat in die kerk verkondig (moet) word.

Daar word soms gesê dat daar nêrens in die Skrif staan dat ons twee maal op 'n Sondag na die kerk moet gaan nie, maar as die betekenis van hierdie teks reg verstaan word, dan vind die gelowige hierin die opdrag om twee maal op 'n Sondag kerk toe te gaan. Want as ons werklik *sterk verlang* na die onvervalste melk van die Woord, soos hier van ons geëis word, dan sal en moet ons twee maal op 'n Sondag in die kerk wees.

Natuurlik word deur hierdie teks ook 'n eis op die prediker gelê en dit is om die gemeente nie *vervalste* nie, maar die *onvervalste* melk van die Woord in die prediking aan te bied.

¹ Vgl. die Bybel met verklarende aantekeninge oor hierdie vers.

HOOFSTUK 14: ATTESTASIES

I. WAT IS 'N ATTESTASIE?

In artikel 82 van die "Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" word die volgende bepaal: "Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet 'n attestasie of getuienis van hulle belydenis en wandel deur die kerkraad saamgegee word, . ." Hieruit blyk dat 'n attestasie 'n "getuienis" of 'n getuigskrif is van die betrokke persoon of persone se belydenis en wandel. Indien alles, sover dit aan die Kerkraad bekend is, met die persoon in orde is, word op die attestasie net vermeld dat die persoon "suiwer in die belydenis en onberispelik in die wandel is." Indien die persoon egter 'n verkeerde leer aanhang of 'n sondige lewe voer, moet dit duidelik op die attestasie of in 'n aangehegte brief vermeld word.

Die Kerkraad wat so 'n attestasie ontvang, weet presies hoe dit met die betrokke persoon gesteld is en derhalwe of hy tot die sakramente toegelaat kan word al dan nie.

'n *Bewys of sertifikaat van lidmaatskap* kan nooit 'n attestasie vervang nie omdat dit niks van die leer of lewe van 'n vertrekkende sê nie. Dit sê alleen dat 'n persoon 'n lidmaat van hierdie of daardie kerk was maar verder niks wat vir die Kerkraad van die kerk waarheen hy of sy gaan van enige waarde is nie. So 'n persoon kan miskien die verlossing deur Christus loën of 'n groot dief wees, maar op die bewys of sertifikaat van lidmaatskap word dit nie vermeld nie. Gevolglik sal die Kerkraad by wie die sertifikaat van lidmaatskap ingelewer word daar ook niks van weet nie. As die persoon dan tot die sakramente toegelaat word, word dit onheiligh en die toorn van God oor die ganse gemeente verwek.¹

II. HOE KOM DIE ATTESTASIE BY DIE KERK WAARHEEN GEGAAN WORD?

In genoemde artikel uit die Kerkorde staan dat aan diegene wat uit die gemeente vertrek 'n attestasie "saamgegee" moet word. Hieruit blyk dit duidelik dat elke vertrekkende lidmaat so 'n attestasie *persoonlik moet saamneem* en dit self by die Kerkraad van die kerk waar hy kom, moet inlewer. Daarom moet die vertrekkende persoon die Kerkraad *betyds* (ongeveer drie weke voor sy vertrek) van sy vertrek in kennis stel en hulle versoek om sy attestasie in orde te kry. Voor sy vertrek moet hy *self* dan die attestasie by die Kerkraad gaan haal.

Dikwels word hierdie weg nie gevolg nie. Die gevolg is dan dat daar soms baie korrespondensie gevoer moet word en dit ook etlike maande neem voordat die attestasie by sy bestemde plek uitkom. Al hierdie moeilikhede kan uitgeskakel wees as die duidelike en eenvoudige weg wat die Kerkorde aandui, net stiptelik gevolg word.

III. KAN 'N ATTESTASIE GEGEE WORD AAN 'N PERSOON WAT 'N GERUIME TYD REEDS UIT DIE GEMEENTE VERTREK HET?

Dit kan eintlik nie gebeur nie. Soos reeds aangedui, is 'n attestasie 'n getuigskrif en 'n getuigskrif kan nie gegee word aan 'n persoon van wie vir 'n lang tyd niks gesien of gehoor is nie. Watter versekering het die Kerkraad, wat die attestasie moet uitreik, dat die persoon nog suiwer in die belydenis en onberispelik in wandel is? In die leer en/of lewe van die persoon kon daar intussen groot veranderings plaasgevind het en dit moet op die attestasie vermeld word sodat die ander Kerkraad dit kan weet. Maar as die Kerkraad wat die attestasie moet uitreik dit self nie weet nie, en oordeel volgens die vroeëre lewe van die persoon toe hy nog in die betrokke gemeente was en daarvolgens sy leer en lewe beoordeel, dan word 'n onsuivere en onware getuigskrif van die persoon gegee. Dit kan ook weer daartoe lei dat die sakramente in die ander kerk onheiligh word.

¹ Vr. en antw. 82 Heid. Kat.

IV. WAAROM WORD 'N ATTESTASIE AFGELEES?

Die aflees van 'n attestasie in die midde van die gemeente is nie maar net 'n kennisgewing dat 'n bepaalde lidmaat vertrek het of gaan vertrek nie. Daar is veel meer op die spel. Dit dien ook om aan ander gemeentelede die geleentheid te gee om, indien nodig, iets aan te merk oor die leer of lewe van die lidmaat.

Indien iemand uit die gemeente beswaar het teen die leer of lewe van die vertrekkende lidmaat, maar hy die Kerkraad daarvan nog nie in kennis gestel het nie omdat hy nog besig is om volgens Matt. 18 oor die saak met die betrokke lidmaat te handel, dan moet dit nou aan die Kerkraad bekend gestel word sodat dit op die attestasie aangeteken kan word indien die Kerkraad oordeel dat dit nodig is.

As niemand uit die gemeente iets sê nadat die attestasie afgekondig is nie, dan beteken dit dat almal stilswyend toestem dat van die persoon getuig kan word dat hy of sy suiwer in die belydenis en onbesproke in die wandel is.

V. WORD 'N ATTESTASIE GEGEE AAN 'N PERSOON WAT DIE GEMEENSAP VAN DIE KERK OPSÊ OM NA 'N KERK IN 'N ANDER KERKVERBAND (N.G. KERK OF HERV. KERK) TE GAAN?

Op hierdie vraag moet beslis *nee* geantwoord word. 'n Attestasie word alleen afgegee as 'n persoon na 'n ander kerk gaan wat met die plaaslike kerk in kerkverband staan, dit wil sê, wat die Gereformeerde Kerk betref, as 'n persoon na 'n Gereformeerde kerk op 'n ander plek gaan.

Aan 'n persoon wat na 'n kerk in 'n ander kerkverband gaan, kan hoogstens 'n brief gegee word waarin verklaar word dat hy of sy tot op 'n sekere datum lidmaat van die betrokke kerk was, maar selfs dit is nie verpligtend nie.

Die aangewese weg vir 'n persoon wat 'n lidmaat in 'n kerk in 'n ander kerkverband wil word, is om opnuut belydenis van sy of haar geloof af te lê. Dit kan geskied voor die gemeente of voor die Kerkraad of voor 'n kommissie van die Kerkraad.

HOOFSTUK 15: DIE C.S.V.

I. WAT IS DIE C.S.V. ?

C.S.V. staan vir Christen-Studentevereniging. Hieruit blyk dat die C.S.V. 'n vereniging vir of van Christen-studente is. Aangesien Christene in 'n kerk tuishoort, kan hier gevra word wat die verhouding van hierdie vereniging tot die kerk is.

In die Feesuitgawe van die C.S.V. in 1946, verklaar dr. B.B. Keet dat dit geen kerklike vereniging is nie. Hy sê: "As dit 'n kerklike vereniging wil word sal dit ongetwyfeld heeltemal van karakter moet verander." Aan die ander kant moet die C.S.V. hom ook nie "heeltemal losmaak van alle kerklike invloede en so op eie bene staan dat hy alle bande met die kerk verbreek" nie. "Daarom sal. . . die kerk ook altyd 'n wakende oog oor die beweging moet hou." Eindelik verklaar dr. Keet: "En so bly dan volgens ons opvatting net die laaste moontlikheid oor, nl. dat die C.S.V. in die nouste samewerking met die kerk sal bly en by sy lede sal aandrang op getroue en aktiewe meeleving in hul eie kerk, maar terselfdertyd sy selfstandigheid as interkerklike beweging behou . . ." ¹

Uit bovermelde moet ons aflei dat die C.S.V. 'n *nie-kerklike, nie-kerklose, interkerklike vereniging is wat* — soos later sal blyk — *die werk van 'n kerk wil doen*.

In die lig hiervan is dit werklik moeilik om uit te vind wat die karakter van die C.S.V. eintlik is.

II. DIE C.S.V. IS "INTERKERKLIK"

Die C.S.V. dien homself aan as interkerklik. Nou is dit duidelik dat hier onder interkerklik — altans by die Afrikaanse afdeling van die C.S.V. — iets anders verstaan word as wat gewoonlik daaronder verstaan word. Trouens "enige interkerklike liggaam is 'n organisasie waarop verskillende kerke self hulle verteenwoordigers kies, en oor wie die kerk sy gesag behou." ² Van so iets is by die C.S.V. — wat die Afrikaanse afdeling betref — hoegenaamd nie sprake nie. In hulle grondwet word die name van die Afrikaanse Kerke nie eens genoem nie en daar is ten minste twee Afrikaanse kerke wat geen offisiële verteenwoordigers in die C.S.V. het nie. Onder interkerklik word hier skynbaar verstaan dat hierdie vereniging oop is vir lede van verskillende kerke.

Heeltemal anders is dit met die Engelse afdeling van hulle werk. Daar skyn dit of wel voldoen word aan die vereiste om interkerklik te wees, want die adviserende lede van die Sentrale Komitee word aangewys deur onder andere die volgende kerke: "Baptist Church of S.A., Church of England in S.A., Church of the Province of S.A., Congregational Church of S.A., Methodist Church of S.A., Presbyterian Church of S.A. and other Protestant Churches." ³

Die interkerklikheid wat hier veronderstel word, lyk vir 'n Gereformeerde baie snaaks aangesien die kerke wat hier genoem word, wissel van sterk Gereformeerd tot sterk Rooms, en hoe hulle kan saamwerk is 'n raaisel. Dit kan alleen geskied met verloëning van die eie beginsels en derhalwe op die gruwelike wyse waarop dit in die Wêreldraad van Kerke geskied.

Hierdie interkerklikheid van die C.S.V. bepaal in 'n sekere sin hulle doel en rigting. Omdat hulle interkerklik wil wees, kan hulle geen belydenisgrondslag hê nie, want sodra hulle sodanige grondslag gaan vasstel, sal botsings en twiste veroorsaak word deur die wat nie daarmee saamstem nie en sal daar sekere groepe wees wat hulle nie meer by die C.S.V. wil voeg nie. Of anders moet hulle net soos die Wêreldraad van Kerke, 'n belydenisgrondslag opstel wat so vaag en algemeen en niksseggend is dat dit van nul en

¹ Bl. 50.

² Ds. J. H. Jooste: Die A. E. B. in wese en praktyk, Bloemfontein, 1957, bl.20.

³ Die Grondwet van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, bl. 21.

gener waarde is. Daarom het hulle die maklikste weg gevolg en geen belydenisgrondslag vasgestel nie.

Ook word hulle doel deur hulle interkerklike opset bepaal want hulle doel is onder andere om "getrouheid aan die Kerk van Christus in die algemeen en aan hulle eie kerk en belydenis in die besonder by studente aan te moedig."¹ Ons kom op hierdie doel later weer terug. Genoeg om nou te sê dat alleen 'n interkerklike vereniging so 'n doel kan hê.

III. DIE DOEL VAN DIE C.S.V.

In "Die grondwet van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika" word die doel van hierdie vereniging soos volg beskrywe:

- (a) om studente te beweeg om die Christelike geloof in God — Vader, Seun en Heilige Gees — volgens die Bybel aan te neem, en as ware dissipels van Jesus Christus te lewe;
- (b) 'n dieper geestelike lewe by studente aan te kweek en ernstige studie van die Bybel as geïnspireerde Woord van God onder hulle te bevorder;
- (c) studente te beweeg om hulle te wy aan die uitbreiding van Gods Koninkryk onder hul eie volk en deur die hele wêreld;
- (d) getrouheid aan die Kerk van Christus in die algemeen en aan hul eie kerk en belydenis in besonder by studente aan te moedig."²

Ons eerste beswaar teen die doel van die C.S.V., soos dit hier geformuleer is, is *dat dit probeer om die werk van die kerk oor te neem*. Want om mense "te beweeg" om die Christelike geloof aan te neem (*a*), om 'n dieper geestelike lewe te kweek (*b*), om mense te beweeg om hulle te wy aan die uitbreiding van God se koninkryk (*c*) en getrouheid aan die kerk van Christus aan te moedig (*d*) — *dit is mos die amptelike werk van die kerk*. Die kerk van Christus het tog as roeping om al hierdie dinge te doen deur die verkondiging van die Woord in die erediens, op huisbesoek en katekisasie. Daarom kan ons nie anders nie as om te sê dat deur 'n aparte vereniging te stig om hierdie doeleindes na te streef, die mense wat dit doen wyser probeer wees as God wat vir die doel Sy Kerk ingestel het.

Nou is daar wel deur dr. Jac. J. Müller in "Die Wekroep" van Augustus 1956 gesê dat die C.S.V. nie die werk van die kerk wil oorneem of 'n plaasvervanger vir die kerk wil wees nie. Maar die doelstellings van die vereniging getuig tog self daarvan dat hulle wil doen wat volgens die Skrif die taak van die kerk is. Daarby kom nog dat die Algemene Sekretaris van die C.S.V. die volgende geskryf het: "Naas Bybelstudie het die verkondiging van die kruis-evangelie 'n allerbelangrikste plek ingeneem in die werksaamhede van die Vereniging."³ Die verkondiging van die kruis-evangelie is tog die sentrale taak van die kerk van Jesus Christus (I Kor. 2:2 en ander plekke), en as dit nou die "allerbelangrikste plek" inneem in die werk van die C.S.V., dan neem hierdie Vereniging tog die werk van die kerk oor of probeer dit altans doen.

In wese het ons hier dus met niks anders te doen nie as met *eiewillige godsdiens*, dit wil sê dat God op 'n ander wyse vereer word as wat Hy in Sy Woord beveel. Want as God volgens Sy woord die Kerk daargestel het om genoemde doeleindes te volvoer en ons gaan stig 'n eie aparte vereniging om dieselfde doeleindes te volvoer, dan dien ons Hom op 'n ander manier as wat Hy in Sy Woord beveel het.

Daarom kan ons ook van die C.S.V. sê wat ds. J. H. Jooste tereg van die A.E.B. sê: "Omdat Christus die Koning van Sy Kerk is, mag die mens nie self besluit hoe hy die werk van die Here op aarde gaan organiseer en doen nie. Nee, die Koning sê self hoe Hy

¹ Die Grondwet van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, bl. 4

² bl. 3, 4.

³ Aangehaal deur Prof. dr. S. P. van der Walt in "Die Kerkblad" van 4 Maart 1959, bl. 7.

alles ingerig wil hê. Die Here Jesus stuur die apostels om die evangelie te verkondig na Sy hemelvaart. Op hulle skouers rus die geweldige taak om die grondslae vir die kerklike organisasie te lê. En wat vind ons? Stig hulle 'n vereniging of 'n evangeliese bond om die werk te doen? Nee, die Here wil 'n *kerk* hê, Hy wil *gemeentes* hê. Daarom stig die apostels op elke plek waar daar gelowiges is, 'n gemeente. Lees maar die boek Handeling. Die gereddenes word by die *gemeente* gevoeg (Hand. 2:47). Dit is die gemeente wat vergader en bid (Hand. 11:26, 14:27). Die prediking en lering geskied in die *gemeente* (Hand. 16:5, 20:8, I Kor. 4:17, 7:17, 14:4) . . . Nêrens vind ons in die Bybel iets van 'n bond of vereniging om kerklike werk te doen nie".¹

Ook met betrekking tot die C.S.V. kan dus gevra word: As hulle dan sulke getroue kerkmense is en ook die kerk wil dien, waarom het hulle dan 'n aparte vereniging gestig waarvoor hulle hul kragte, tyd en geld opoffer terwyl daar in die Kerk wat deur Christus self daargestel is voortdurend 'n groot behoefte aan gewillige werkkragte is?

Ons kan dus nie anders nie as om te sê dat as die C. S.V. op hierdie ingeslane weg bly voortgaan en genoemde doeleindes konsekwent wil uitvoer, dan moet hulle ook een of ander tyd daartoe kom om 'n aparte kerk of sekte te word.

Teen die formulering van die doelstellings, veral teen die laaste kan ernstige besware ingebring word. Daarvolgens is dit hulle doel om "getrouheid aan die kerk van Christus in die algemeen en aan hul eie kerk en belydenis in besonder aan te moedig" — 'n doel wat ongetwyfeld by hulle "interkerklike" opset en uitgangspunt aangepas is. Hier word onderskeid gemaak tussen "die Kerk van Christus in die algemeen" en die "eie kerk". Dit is 'n onderskeiding wat aan ons belydenisskrifte heeltemal onbekend is, want die praat alleen van ware en valse kerke.²

Wat verstaan die C.S.V. onder "die Kerk van Christus in die algemeen" en die "eie kerk" en wat is die verhouding tussen die twee? Is die "eie kerk" (of dit nou 'n Roomse of Lutherse of Gereformeerde kerk of die "kerk" van die Jehowa Getuies is) maar net 'n tak van "die Kerk van Christus in die algemeen" sodat tot watter "eie kerk" ek behoort geen saak maak nie, as ek maar net "in die algemeen" tot die Kerk van Christus behoort? Volgens hierdie vierde doelstelling moet 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die C.S.V. van die standpunt uitgaan "dat kerk maar kerk is" en tot watter kerk ek nou ook al behoort, maak nie saak nie, almal is tog maar die kerk van Christus. So toon hulle dat hulle 'n heeltemal onskriftuurlike opvatting insake die kerk het.

Maar daar is nog meer in hierdie doelstelling wat Skriftuurlik onsuiver is, want daarvolgens wil die C.S.V. getrouheid aan die "eie kerk en belydenis" by hulle studente aanmoedig — ongeag watter kerk en watter belydenis dit is. So iets is tog op Skrifgronde absoluut onmoontlik (Gal. 1:8-9). Want gestel nou dat persoon A volgens wie se kerk en belydenis klein kindertjies gedoop moet word en persoon B volgens wie se kerk en belydenis net volwassenes gedoop moet word saam tot die C.S.V. behoort (wat volgens art. 4(b) van die Reglement van die Engelsmedium Werk van die C.S.V. inderdaad kan), dan moet A vir B aanmoedig om getrou voort te gaan met die volwasse doop terwyl hy tog heilig oortuig is daarvan dat B verkeerd is en 'n onskriftuurlike weg bewandel en B moet weer presies dieselfde teenoor A doen. So word alles een stuk huigelary en onwaaragtigheid.

By die voorgaande kom nog by dat deur die doelstelling geïmpliseer word *dat elkeen God kan dien op sy eie manier*, want elkeen word aangemoedig om getrou te wees aan sy eie belydenis en God dus volgens sy eie belydenis te dien — maak nie saak of die eie belydenis van die een verskil van die eie belydenis van die ander een nie. So word eiewillige godsdiens op hierdie wyse by die kinders en jongmense bevorder.

Verder: As mense met verskillende "eie belydenisse" tot een en dieselfde vereniging kan behoort, staan die C.S.V. op feitlik dieselfde grondslag as die Wêreldraad van Kerke waar

¹ A.w. bl. 19, 20.

² Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29.

mense met verskillende belydenisse ook as 'n eenheid saamkom.

IV. GEEN BELYDENISGRONDSLAG NIE

Daar is reeds gesê dat die C.S.V. geen belydenisgrondslag het nie en dat dit sy oorsaak vind in hulle interkerklikheid. Op hierdie gebrek aan 'n belydenisgrondslag moet nog verder ingegaan word.

Die C.S.V. verklaar wel volgens art. III van hulle grondwet dat hulle studente wil beweeg om die Christelike geloof in die drie-enige God *volgens die Bybel* aan te neem en dat hulle 'n "ernstige studie van die Bybel as die geïnspireerde Woord van God" wil bevorder, maar dit is glad nie genoegsaam nie. "Almal verklaar immers die Woord nie eenders nie — selfs die duiwel beroep hom op die Skrif! — en sodra 'n mens preek, moet jy die Woord verklaar, en sodra jy verklaar, kom jy met 'n standpunt of leer. En as dit nie die kerk se leer is nie, dan is dit maar net 'n ander leer! Die Bybel lê baie sterk klem op die leer en waarsku teen die valse leer."¹

Om die Bybel te bestudeer sonder enige binding aan belydenisskrifte en sonder amptelike toesig van die kerk, hou groot gevare in. Die verlede het dit reeds bewys. Die Getuies van Jehowa het ook op hierdie wyse die Bybel begin bestudeer en kyk tot welke afwykende leerstellings het hulle gekom!

Dit is dus 'n groot gebrek en 'n gevaar by die C.S.V. dat hulle nie onomwonde sê watter leer hulle verkondig nie.

V. DIE LEUSE VAN DIE C.S.V.

Die leuse van die C.S.V. is: "Maak Jesus Koning." Dat hierdie leuse geheel en al onbybels is, kan direk opgemerk word. Die Skrif leer ons tog dat Jesus ewig koning is — of die mens dit nou wil weet en erken of nie. Jesus is gebore as 'n koning (Luk. 1:33) en voor Sy hemelvaart het Hyself gesê dat aan Hom alle mag in hemel en op aarde gegee is (Matt. 28:18). Hoe kan die nietige sondaarmens Hom, wat tot in ewigheid koning is en met alle mag bekleed is, nog koning maak? Die koningskap van Jesus is onder geen omstandighede van die besluite van mense afhanklik nie. Hy *is* koning en al wat die mens moet doen is om voor Hom as koning neer te buig en Hom as koning te erken.

Hierdie leuse van die C.S.V. laat 'n mens dink aan dit wat in die verlede ook al verkondig is, naamlik dat *die mens* sy hart moet oopmaak dat die Here daar kan inkom. Met ander woorde die koningskap van Jesus, die geloof en saligheid van die mens word afhanklik gestel van die mens. So word die mens groot gemaak en God klein. Sulke opvatting is suiwer Pelagiaans en Remonstrants.

Nou word daar soms deur lede van die C.S.V. gesê dat met die woorde: "Maak Jesus Koning" nie bedoel word dat Sy koningskap van die mens afhanklik gestel word en dat die mens Hom werklik koning moet maak nie, maar daarmee word bedoel dat Hy *erken* moet word as koning. As hierdie laaste waar is, dan moet die C.S.V. direk hulle leuse verander, want oor sulke belangrike sake kan 'n mens nie een ding sê en dan iets anders bedoel nie. Dit skep wanorde en verkeerde opvatting en in die sake van die Here moet sulke dinge vermy word, want God is nie 'n God van wanorde nie (I Kor. 14:33).

¹ Ds. J. H. Jooste, a.w. bl. 24.

HOOFSTUK 16: KERK EN POLITIEK

Oor die verhouding waarin die kerk tot die politiek staan, is die opinies nogal uiteenlopend. Aan die een kant is daar diegene wat reken dat die kerk, en veral die predikante, hulle nie met die politiek moet bemoei nie — veral nie met die partypolitiek nie. 'n Verteenwoordiger van hierdie sienswyse is dr. Ph. J. Huijser van Nederland.¹ Volgens hom mag geen preek selfs in die minste 'n politieke kleur hê nie.² Hy stel die vraag: Watter teks laat hom, sonder om daaraan te knoei, oorbring na die terrein van die partypolitiek?³

Aan die ander kant is daar diegene wat daarvan oortuig is dat die kerk ook op die politieke terrein 'n taak het. Dit was die standpunt van wyle ds. P. G. W. Snyman soos blyk uit die volgende aanhaling uit een van sy preke: "Maar die politici kies kant teen hierdie profetiese woord ... En blykens die profesie van Jeremia (17:15) het hulle op daardie politieke raadsitting nie weinig teen Jeremia uitgevaar nie. Die verraaier en kwaaddoener Jeremia, hy krap die volk om, so 'n profeet wat hom met die politiek durf bemoei. Hulle het vir hom kwaad geword, hom geslaan, hom in die gevangenis gegooi. Profete wat hulle met politiek inlaat en die volk oorhaal! O, gemeente, u hoor dit vandag ook. Taal van ons tyd. Wat het predikante met politiek te maak? Die predikante krap die volk om. En wat se politieke preke is dit aldeur? Waar het jy nou gehoor dat 'n predikant hom moet bemoei met huise wat die volk moet bou al dan nie. En die politici word baie kwaad. Kan dit, sal die predikante in tronke gestop word, soos in Duitsland met Niemöller die geval was. En dit net omdat hy die Skrif laat spreek het, selfs teen 'n Hitler. Dit gaan tog nie om opinies van predikante nie, maar om wat die profetiese Woord vir ons tyd te sê het."⁴

Om nou te kan bepaal in watter verhouding die kerk tot die politiek staan, is dit eers nodig om vas te stel wat die kerk is en wat sy taak in die volkslewe is. Daarna moet nagegaan word wat politiek is, om dan uiteindelik die taak van die kerk tot die politiek te bepaal — indien hy so 'n taak het.

I. DIE KERK EN SY ROEPING

Die kerk is 'n vergadering van gelowiges in Jesus Christus.

Die kerk is nie een of ander menslike vereniging wat sy oorsprong in die mens het nie. Die kerk het sy oorsprong in God en dit is Hy wat Sy gemeente deur Sy Woord en Gees saamroep, vergader en opbou op die enige fondament: Jesus Christus. Die hele wese en bestaan van die kerk is gegrond op die Persoon en werk van Jesus Christus.

Die kerk is dus 'n geheel andersoortige gemeenskap wat in oorsprong, wese en doel verskil van alle ander gemeenskappe in hierdie wêreld. Van alle ander gemeenskappe, ook die politieke gemeenskap, kan gesê word dat dit uit die aarde aards is. Die kerk is uit die hemel en op God gerig.

Die kerk is egter deur God *in* hierdie wêreld geplaas (Joh. 17:18). Hoewel die kerk *nie van* hierdie wêreld is nie (Joh. 17:16), moet hy hom in hierdie wêreld manifesteer. Die wêreld is die arbeidsterrein van die kerk. In die wêreld moet hy die lig van Christus laat skyn.

In hierdie wêreld het die kerk nou 'n dubbele taak: na binne en na buite. *Na binne* moet die kerk die gelowiges wat tot die kerk behoort, opbou in die allerheiligste geloof, sodat hulle band aan God steeds versterk kan word. *Na buite* het die kerk 'n missionêre taak om diegene wat nog in die duisternis van ongeloof sit te roep tot geloof in Christus en

¹ Dr. Ph. J. Huijser: De dominee, de preek en de politiek, in Homiletica en Biblica, jaargang 22, no. 4 en 5, Mei en Junie 1963, bl. 73-82 en 97-102.

² Ibid. bl. 100.

³ Ibid. bl. 101.

⁴ Ds. P. G. W. Snyman: Die Hemele geopen, Bloemfontein, s.j. bl. 133, 134.

om Hom in gehoorsaamheid te dien.

Die taak van die kerk *na binne* word duidelik beskryf in Ef. 4:11-16: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus . . ." ens. Die taak van die kerk *na buite* is deur Christus aangedui onder andere in die volgende uitsprake: "Laat julle lig skyn voor die mense, dat hulle jul goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5:16). "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19).

Nou weet ons egter dat die wêreld ook die arbeidsterrein van Satan is. Hier probeer hy om sy mag te laat ontplooi en om alles wat van God is te ruïneer. Sy aksie is veral gerig teen die kerk wat daarop uit is om die eer van God te bevorder en om mense te beweeg tot geloof in Christus. Die kerk het dus te staan gekom in 'n vyandige wêreld en kry te doen met 'n antiese. Daarin word ook geopenbaar dat, hoewel die kerk in hierdie wêreld is, dit tog nie van hierdie wêreld is nie.

Om sy goddelike roeping in die wêreld te vervul, moet die kerk met albei sake, naamlik, sowel die feit dat hy *in* die wêreld is as die feit dat hy *nie van* die wêreld is nie, erns maak. Die een mag nie ten koste van die ander beklemtoon word nie. As alle nadruk net val op die in hierdie wêreld wees en die ander kant vergeet word, lei dit tot verwêreldliking van die kerk. As al die nadruk weer net val op die nie van hierdie wêreld wees nie, kan dit lei tot 'n kloosteragtige afsondering van die kerk wat nalaat om sy deur God gegewe roeping te vervul. Van so 'n kerk sê ds. J. Overduin: "'n Kerk wat die deure angsvallig dighou uit vrees dat die wêreld sal binnekom en self nie die wêreld durf binnetrek nie, is 'n bange, lafhartige, ongelowige en magtelose kerk."¹ Albei die uiterstes is onbybels. Daarom moet 'n suiwere balans tussen die twee bewaar word. Daarom moet daar ook 'n arbeid na binne en na buite wees.

Die verhouding waarin die kerk tot die wêreld en die samelewing staan, is een van diensbetoon en hierdie diens bestaan daarin dat die kerk en sy lidmate uitdelers moet wees van die lewende brood: Jesus Christus.² Die kerk en sy lidmate moet deur hulle verkondiging van die evangelie die gewillige instrumente in die hand van God wees deur wie Hy ander bring tot geloof in Christus, en derhalwe tot die erkenning van Sy koningskap op alle terreine van die lewe.

Christus is koning oor alles (Matt. 18:18), maar die mens moet geleer word om Hom orals as sodanig te erken, in geloofsgehoorsaamheid voor Hom te buig en rus te vind in Sy verlossing. En dit is die taak van die kerk om dit aan die mense te leer. Daardeur bewys hy die hoogste diens aan die medemens en word God grootliks verheerlik.

Aangesien dit die taak is wat die kerk in die wêreld het, kan ons dus sê dat die arbeid van die kerk na binne ook geskied met die oog op die taak wat hy na buite moet vervul. Die arbeid na binne moet dan gesien word, nie net as 'n versterking van die persoonlike geloofsband met God nie, maar ook as toerusting en vaardigmaking vir die diens na buite.

Hierdie diens van die kerk na buite beteken egter nie dat die kerk nou die hele samelewing moet oorheers, sodat ons 'n verkerkliking daarvan kry soos by die Roomse kerk waar alles deur die kerk gestuur en bepaal word nie. Hier moet ook rekening gehou word met die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Aan die anderkant moet onthou word dat die koninkryk van God veel groter is as die kerk, veral die kerk as instituut en dat 'n Christelike aksie op die terrein van die maatskappy wel buite die grense van die kerk as instituut val, maar tog nog binne die koninkryk van God.

Die vraag wat nou by die lig van bovermelde ontstaan, is dit: Watter taak het die kerk

¹ Ds. J. Overduin: Die Evangelie vandag, Potchefstroom, 1956, bl. 27.

² E. de Vries: De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider, Franeker, 1962, bl. 17.

op die breë terrein van die maatskappy met sy verskillende fasette, en hoe moet hy sy taak vervul sonder om die beginsel van soewereiniteit in eie kring te verontagsaam en hom te bemoei met sake waar hy niks mee te doen het nie? Ons kan die vraag so beantwoord: Dit is die taak van die kerk as instituut om deur prediking, huisbesoek en katekisasie die lidmate te wys *wat* die beginsels van die Woord van God is waarvolgens hulle moet lewe en handel op al die terreine van die lewe, hulle *te wys op hulle roeping* om volgens die beginsels in geloofsgehoorsaamheid aan hulle koning Jesus Christus te lewe en hulle te *vermaan en te bestraf* as hulle dit nie doen nie. Maar dit is en bly die taak, nie van die kerk as instituut nie, maar van die Christene self om as profete, priesters en konings hierdie beginsels te gaan uitleef en so hulle lig te laat skyn en daders van die Woord te word. Dit kan hulle elkeen afsonderlik doen of ook gesamentlik in Christelike organisasies, vakbonde, politieke partye, ens.

Dr. S. C. W. Duvenage stel die saak ook suiwer as hy sê: "Sonder om aan allerlei praktiese Christelike aktiwiteite deel te neem, kan die kerk in die prediking van die Woord, in onderrig en sielsorg, die lig so laat val op die volkslewe sodat die gelowiges in hulle verskillende buitekerklike verhoudinge diensbaar kan wees aan die koms van die koninkryk."¹

Ons kan ook saamstem met die Geref. Kerk in Nederland wat in 1946 in hierdie verband onder andere soos volg besluit het:

- (i) dat dit nie gereken kan word as behorende tot die taak van die kerke om hulle in hul vergadering oor die toepassing van die eis van God op allerlei praktiese lewensverhoudinge met die gesag wat hy van Christus verkry het, uit te spreek nie;
- (ii) dat dit nietemin die duidelike roeping van die kerk is om daarop te let dat sy lede in hulle lewensopenbaring in die breedste sin van die woord hulle nie skuldig maak aan die oortreding van enige gebod van God nie, hulle nie voeg in 'n lewensverband waarin hulle gehinder word om die Here te dien volgens Sy Woord nie, en wat, hetsy in sy grondslag, hetsy in sy doelstelling of arbeidsmetode uitdruklik of metterdaad die geopenbaarde wil van God verwerp nie.²

II. WAT IS POLITIEK?

Onder politiek word gewoonlik verstaan die *sienswyse* van 'n sekere groep van mense in 'n bepaalde land waarvolgens die volk geregeer moet word, sodat die welsyn van die volk as geheel en van elke afsonderlike lid bevorder kan word en die *aksies* van die groep mense om hulle sienswyse tot norm van regering, binnelands en buitelands verhef te kry. Hierdie laaste word meestal verkry deur mense wat die sienswyse huldig, te verkies as lede van die parlement. So 'n groep mense wat dieselfde sienswyse oor die regering van hul land huldig, vorm gewoonlik 'n politieke party.

Nou hoor 'n mens heel dikwels dat die politiek "vuil" is. Met hierdie "vuilheid" word dan in die reël nie verwys na die *sienswyse of beginsels* van 'n bepaalde party nie, maar na die *aksies*, veral die aksies om bepaalde persone in die parlement te kry. Onder die "vuilheid" word dan verstaan dat die aksies, die stryd op 'n oneerlike, bedrieglike, lae en onskriftuurlike basis gevoer word. Hierdie "vuilheid" van die politiek word meesal ook gesien as rede waarom kerkmense en veral ampsdraers nie aktief aan die politiek behoort deel te neem nie.

Die "vuilheid" van die politiek beteken egter niks anders nie as dat die verdorwenheid van die sonde ook op hierdie terrein deurgedring het. Maar daarom is die gelowige juis geroep om ook hier die stryd teen die sonde aan te knoop en sowel die *politieke sienswyse* as die *politieke aksies* in ooreenstemming te bring met die Woord van God.

¹ S. C. W. Duvenage: Kerk, Volk en Jeug I, Die verhouding van kerk tot volk, Zaandijk, 1962, bl. 280. Vgl. ook bl. 150.

² Aangehaal deur S.C.W. Duvenage, a.w. bl. 248.

III. KERK EN POLITIEK

Voordat ons positief probeer aantoon wat die taak van die kerk as instituut in hierdie verband wel is, wil ons eers *negatief* wys wat die kerk in politieke sake nie moet doen nie.

In die eerste plek moet die kerk nooit 'n keuse doen tussen partye wat staan op die basis van die Woord van God nie of tussen partye wie se beginsels nie noodwendig in botsing is met die Woord nie.¹ So 'n keuse moet aan elke individuele lidmaat van die kerk oorgelaat word. Die saak word egter anders as 'n lidmaat behoort aan 'n party waarvan die beginsels en program in flagrante stryd is met die Skrif, soos byvoorbeeld 'n Kommunistiese Party. Dit kan en moet baie skerp deur die kerk veroordeel word (Vgl. II Kor. 6:15).

Verder moet die kerk hom nie inmeng in allerlei politieke verskilpunte waarby daar nie direk 'n skriftuurlike beginsel betrokke is nie, soos byvoorbeeld die staatsvorm, kiesstelsel, lengte en hoeveelheid van werksdae, die verkoop van wyn in kruidenierswinkels of net in drankwinkels, ens. (Die Skrif veroordeel nie die verkoop van drank nie — deur wie ook al — maar wel dronkenskap.) "Deur hom daadwerklik te bemoei met die konkrete situasies van die breedgeskakeerde samelewing (ook in die politiek — P.J.d.B.), devalueer die kerk tot 'n sosiaal-pedagogiese of 'n kultuur-sosiologiese instelling wat in wese niks verskil van enige sosiale organisasie nie."²

Maar die kerk het ten opsigte van die politiek nie net 'n negatiewe taak nie, maar ook wel deeglik 'n *positiewe taak*.¹¹

Hierdie positiewe taak vervul die kerk allereers deur die bediening van die Woord. Hiermee word nie bedoel dat die kansel gebruik mag word as 'n politieke platvorm en die preek mag ontaard in 'n religieus-politieke rede nie. Hoegenaamd nie! Maar in die prediking moet opgeroep word tot gehoorsaamheid aan God en handhawing en uitlewing van positief-Christelike beginsels ook op die terrein van die politiek. Die lig van God se Woord moet val oor ons ganse lewe en daarom ook oor ons politieke aksies. Derhalwe kan 'n politieke party wat in sy beginsels en aksies nie rekening hou met die Woord nie, ook van die preekstoel af veroordeel word.

Wat in die prediking van die Woord geskied, kan en moet natuurlik ook op huisbesoek en katekisasie geskied. Veral moet die kinders geleer word om alles, ook politieke beginsels en aksies, te toets aan die Woord en hulle daardeur te laat lei.

Verder is dit soms ook nodig dat die kerk in sy sinodale vergaderings uitsprake moet gee oor bepaalde politieke aangeleenthede om so aan die lidmate leiding te gee. Soms vra die lidmate ook vir sodanige leiding en dan moet die kerk nie daarvoor terugdeins nie, mits dit natuurlik gaan om die beoordeling van 'n beginsel en om aan die hand van die Skrif die geeste te beproef.³ Die kerk doen in sulke dogmatiese beslissinge geen politieke of sosiale uitspraak nie; hy sê alleen (wat hy kragtens sy profetiese roeping moet doen en kragtens sy deur Christus verleende outoriteit mag doen) dat 'n bepaalde mening met sy belydenis in stryd is, volgens sy insig nie met Gods Woord ooreenstem nie, van die waaragtige leer van godsaligheid afwyk en derhalwe in sy midde nie geduld mag word nie.⁴

Dit moet egter beseft word dat daar in die politiek twee terreine is ten opsigte waarvan die kerk 'n positiewe taak het en dit is die *politieke beginsels* maar ook die *politieke aksies*. As bepaalde politieke beginsels strydig is met die Woord van God moet dit beslis en skerp deur die kerk veroordeel word. Maar al sou die beginsels suiwer wees, maar die politieke aksies geskied op 'n "vuil", sondige en oneerlike wyse waarin die een die ander

¹ K. Dijk: Kerk en Politiek, Franeker, 1945, bl. 43.

² S.C.W. Duvenage, a.w. bl. 150. 11 K. Dijk, a.w. bl. 49.

³ K. Dijk, a.w. bl. 51.

⁴ K. Dijk, a.w. bl. 51.

swart smeer, dan kan die kerk dit onmoontlik goedkeur. Ook in hierdie verband moet hy sy lidmate oproep om hulle deur die Woord te laat lei wat ons onder andere beveel om ons naaste lief te hê soos onself. Hier kan ook net genoem word dat daar geen beswaar bestaan *dat* vir 'n bepaalde persoon of party propaganda gemaak word nie, so lank die *wyse waarop* dit geskied die toets van die Skrif kan deurstaan.

HOOFSTUK 17: KERK EN OWERHEID

Om aan hierdie onderwerp reg te laat geskied, is dit nodig om dit by die lig van Skrif en belydenis van twee kante te besien, naamlik die roeping wat die kerk ten opsigte van die owerheid het *en* die roeping van die owerheid ten opsigte van die kerk.

I. DIE ROEPING VAN DIE KERK TEN OPSIGTE VAN DIE OWERHEID

Oor hierdie saak kan daar by die gelowige nie die minste twyfel bestaan nie, aangesien ons daarvoor pertinente uitsprake in die Skrif het. Met name is Rom. 13:1-7 hier van besondere belang. Hier en op ander plekke word dit duidelik gestel dat die gelowige verplig is om hom *te onderwerp* aan die owerheid wat oor hom gestel is. Die rede daarvoor is, volgens Paulus, dat die owerheid deur God ingestel is "sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang." Deur so 'n sterk verbinding tussen God en die owerheid te lê, gee die apostel nie alleen die kragtigste denkbare motief vir gehoorsaamheid aan die owerheid nie, maar bind hy die gehoorsaamheid nie aan die owerheidspersone self nie, maar aan God.¹

Dit maak nie saak watter regeringsvorm daar in 'n bepaalde land is nie. Die gesag van daardie regering kry hy van God, want hy is 'n dienaar van God (Rom. 13:4). Daarom moet die regering gehoorsaam word — selfs al erken die bepaalde regering self nie dat hy sy mag en gesag van God verkry nie. Hierdie laaste blyk uit die feit dat Paulus in hierdie brief wat hy aan die Romeine rig, ongetwyfeld die Romeinse regering op die oog het en . . . dit was 'n heidense regering. Tog sê hy dat die Christene in Rome hulle aan die regering moet onderwerp.

Deur die saak so te stel, maak die apostel van die hele gesagsvraagstuk 'n *godsdienstige* kwessie. Dit is nie maar 'n politieke saak sonder meer nie. Gehoorsaamheid aan die owerheid is ook nie maar 'n kwessie van buig voor die "sterk arm" uit vrees vir straf nie. Dit is 'n saak van die gewete (Rom. 13:5).² Deur dit 'n saak van die gewete te noem bedoel die apostel dat onderwerping aan die owerheid iets met die verhouding van die mens tot God te doen het, sodat as iemand hom teen die owerheid verset, dit by hom en in hom 'n veroordeling van sy gewete moet wakker roep.³

Met dit alles bedoel die apostel sekerlik nie dat daar geen kritiek op die handelwyse van die owerheid uitgeoefen mag word nie. Dit mag sekerlik wel en soms moet dit ook geskied. Maar wat hy bedoel is dat verset, rewolusie en opstand teen die regering verbode is.⁴

Hierdie gehoorsaamheid en onderwerping aan die owerheid word geëis ook as 'n bepaalde land deur 'n vreemde owerheid geregeer word. Toe ons land deur die Engelse oorheers is, was ons nogtans volgens die eis van die Woord (Rom. 13:1) gehoorsaamheid en onderwerping aan hulle verskuldig. Vir die vlees is dit natuurlik 'n minder aangename saak. Tog word dit van ons geëis.⁵

Natuurlik is die onderwerping en gehoorsaamheid aan die owerheid *nie onbegrens nie*. Ook hier geld dit dat ons God meer gehoorsaam moet wees as die mense (Hand. 5:29). Ek moet die owerheid gehoorsaam wees solank as wat dit wat hy van my eis, my nie

¹ Dr. Herman Ridderbos: Commentaar op het Nieuwe Testament-Romeinen, Kampen, 1959, bl. 291.

² Prof. B. Holwerda: De Crisis van het Gezag, Groningen, s.j. bl. 7.

³ Dr. Herman Ridderbos a.w. bl. 293.

⁴ Prof dr. H. J. Jager: Enige opmerkingen over de brief aan de Romeinen (College-dictaat), Kampen, s.j. bl. 262.

⁵ Vgl. T Tjerkstra: Gezagscrisis of . . . Gerhoorzaamheidscrisis, in: Correspondentiebladen ter bespreking van politieke en sociale vragen by het licht van Gods Woord, no. 21, 22, April-Mei 1948, bl. 8.

dwing om iets te doen wat strydig is met die Woord en wet van God nie.

As dit geëis word, dan word ons geroep tot heilige ongehoorsaamheid om Gods wil. Die grens van onderwerping en gehoorsaamheid aan die regering word dus nie deur mense getrek nie, maar deur God in Sy Woord.

Behalwe onderwerping het die kerk volgens die Woord verder ook nog die roeping om vir die owerheid te *bid*. Paulus skryf in I Tim. 2:1, 2: "In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid." Dit kom dus daarop neer dat vir die owerheidspersone gebid moet word, sodat dit rustig en stil in die land kan gaan sodat God sonder hindernis gedien kan word en Sy werk ongestoord kan voortgaan.¹

Verder moet deur die kerk ook die gepaste *eer* aan die regeringslede betoon word. Petrus sê: "Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, *die koning eer*" (I Petr. 2:17. Vgl. Rom. 13:7).

Deur hom aan die owerheid te onderwerp, vir hom te bid en hom te eer voldoen die kerk aan die eis van die Skrif met betrekking tot die regering wat oor ons gestel is.

II. DIE ROEPING VAN DIE OWERHEID TEN OPSIGTE VAN DIE KERK

Uiteenlopende opvattinge bestaan oor hierdie saak. Hierdie opvattinge het veral openbaar geword deur verklarings wat gegee is van die veel omstrede art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die stryd gaan veral oor die vraag of en in welke mate die owerheid die reg en die plig het om byvoorbeeld afgodery en antichristelike aksies met die swaard teen te gaan en uit te roei.

Volgens prof. Polman is die volgende vier grondbeginsels deur Calvyn, Beza en Guido de Bres neergelê in verband met die verhouding van owerheid tot kerk:²

(i) Elke skepsel moet die eer van God verhoog. Dit geld ook van die owerheid wat deur God ingestel is.

Calvyn sê dat, omdat die owerhede deur God ingestel is, dit billik is dat hulle hul bes moet doen om Sy eer te handhaaf en te verdedig. Hulle is trouens Sy stadhouers en regeer deur Sy genade. Die ganse staat word ook omgekeer as die eer van God nie bo alles gestel word nie.

(ii) Die owerheid is in sy regering aan Gods Woord en in besonder aan die wet van God gebonde.

Dit geld nie net van die tweede tafel van die Tien Gebooeie waar gehandel word oor die verhouding van mens tot mens nie, maar ongetwyfeld ook van die eerste tafel waar dit gaan oor die verhouding van die mens tot God.

(iii) Die onderskeid en selfstandigheid van kerk en owerheid moet steeds gehandhaaf word.

Die geestelike regering in die kerk moet altyd geheel en al onderskeie bly van die burgerlike regering. Die kerk het nie die reg van die swaard nie en sy geestelike strawwe het 'n gans ander doel as die strawwe van die owerheid. Die kerk moet niks vir sy rekening neem wat eie is aan die owerheid nie, en die owerheid moet ook nie probeer doen wat deur die kerk gedoen moet word nie. Calvyn het in 1538 selfs in ballingskap gegaan omdat die wêreldlike owerheid vir hulleself die mag toegeëien het om ook oor kerklike sake te beslis.

¹ Dr. C. Bouma: K. V. der H. S. — I, II Timotheüs, Titus, Filemon, Kampen, 1953, bl. 55.

² A. D. R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis IV, Franeker, s.j. bl. 267-273.

(iv) Tussen kerk en staat moet daar, volgens die Skrif, voortdurende samewerking wees.

Hoewel daar tussen die mag van die kerk en die mag van die staat onderskei moet word, is hierdie magte tog nie met mekaar in botsing nie. Soos die owerheid die kerk van ergerlike persone moet suiwer deur hulle te straf en te weer, so moet die dienaar van die Woord van sy kant die owerheid ondersteun deur te sorg dat daar nie so baie is wat sondig nie. Calvyn sê verder dat die konings en ander owerhede hulle amp nooit sal volbring as hulle nie die meeste sorg dra vir die erediens van God en die godsdiens in die algemeen nie.

Calvyn se siening van die roeping van die owerheid ten opsigte van die kerk, blyk duidelik as hy in een van sy preke oor Deut. 13 sê dat dit konings en magistrade nie alleen geoorloof is om ketters te straf nie, maar dat hulle ook daartoe verplig is.¹ Die burgerlike owerheid dien volgens hom nie slegs om te sorg dat lewe, eet en drink onderhou word nie, maar ook dat daar geen afgodery, geen skending van Gods Naam, geen lastering teen Sy waarheid en beskadiging van die godsdiens openlik sal opduik en onder die volk verbrei word nie.² Hy sê ook dat vorste met hulle bepalings nie in die harte van die mense kan indring nie, maar daarom mag hulle nie die Naam van God straffeloos laat beledig en Sy diens ten gronde laat gaan nie.³ Ook Guido de Bres was van oortuiging dat die owerheid ketters kan en moet straf, selfs met dood.⁴

Die vernaamste argumente *ten gunste* van die aanwending van die swaardmag deur die owerheid ten behoeve van die kerk, is die volgende:

Die owerheid is 'n dienaar van God (Rom. 13:4, 6). Dr. Ridderbos sê hiervan: Dat hierdie in-diens-staan-van-God die owerheidspersone ook onder 'n besondere verpligting stel en in sigself 'n kriterium bevat vir die regte owerheidsbediening, lê hierin as vanself opgeslote.⁵ Die feit dat die owerheid dienaar van God is en sy mag en gesag van God ontvang, hou vanselfsprekend in dat hy in die uitvoering van sy pligte hom deur God en in besonder deur die Woord en wet van God moet laat lei. Die verbod op alle afgodediens in die eerste tafel van die wet van God geld dus ook vir die owerheid in amptelike hoedanigheid. En waar die owerheid die swaard dra (Rom. 13:4), moet hy ook *met hierdie swaardmag tot sy beskikking* die sonde in in al sy vorme teëgaan — nie net die oortredinge van mens teenoor mens nie, maar veral ook die van die mens teenoor God.

Verder word in hierdie verband ook verwys na die volgende woorde in Ps. 2: "Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku o regters van die aarde! Dien die Here met vrees en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle *op* die weg vergaan nie; want gou kan Sy toorn ontvlam." Hierdie eis geld in die Nuwe Testamentiese tyd des te meer, want Christus het Sy versoeningswerk voltooi en daarna is aan Hom gegee alle mag in hemel en op aarde (Matt. 28:18). God het alles aan Sy voete onderwerp (Ef. 1:22). En as in die Ou Testamentiese tyd konings soos Hiskia en Josia alle afgodery en sondige praktyke uitgeroei het en deur God daarvoor geprys is, moet die owerhede in die Nuwe Testamentiese tyd dit eintlik nog meer doen, ook met die swaardmag wat die Here tot hulle beskikking gestel het.

Die argumente *teen* 'n dergelike aanwending van die swaard word deur Polman soos volg saamgevat: Maar oor die verhouding van die owerheid tot die kerk word (in die Nuwe Testament — P.J.d.B.), juis in teenstelling met die Ou Testament geswyg. Wel word heel duidelik en uitdruklik gespreek oor die aard van die koninkryk van God of van Christus. Dit is nie van hierdie wêreld nie en daarom mag in sy verbreiding geen wêreldse metodes toegepas word nie (Joh. 18:36). Die lidmaatskap van hierdie ryk is 'n

¹ Aangehaal deur Polman — a.w. bl. 276.

² Ibid. bl. 273.

³ Ibid. bl. 281.

⁴ Ibid. bl. 281, 285.

⁵ A.w. bl. 292.

genadegawe, aangesien die stem van die Koning alleen gehoor word deur hulle wat uit die waarheid is (vs. 37). Hier pas geen vleeslike wapens nie (Matt. 26:52; II Kor. 10:4), maar alleen die swaard van die Gees, dit is die Woord van God (Ef. 6:17). Alleen die geloof is die oorwinning van die wêreld (I Joh. 5:4) en dit is 'n partikuliere gawe van God (Ef. 2:8). Hierdie duidelike uitsprake moet die owerhede eerbiedig en nie met hulle swaardmag tussenbeide kom nie. So alleen word die profesie vervul: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees! (Sag. 6:4).¹

Hierdie twee groepe argumente *ten gunste* en *teen* die aanwending van die swaardmag om goddeloosheid teen te gaan is myns insiens egter nie met mekaar in stryd nie, omdat ons hier met twee aparte terreine te doen het. Dit lê sekerlik binne die bevoegdheid van die owerheid om *op sy eie terrein* die uitbreek van goddeloosheid en die opkoms van die antichristelike gees met die swaard teen te gaan, nie met die eerste doel om die kerk daardeur te bevoordeel nie, maar omdat hy as owerheid met alle magte tot sy beskikking dienaar van God is en direk aan God verantwoordelik is vir sy dae. Op 'n dergelike wyse kan die koninkryk van God deur die arbeid van die kerk egter nie uitgebrei word nie. Die kerk mag nie wêreldse krag of geweld gebruik nie, maar moet stry met die swaard en krag van die Gees. Daarom moet op die terrein van die kerk geheel en al ander as vleeslike wapens gebruik word. Geestelike wapens is hier nodig. *Dit kom dus daarop neer dat die owerheid op sy eie terrein die goddeloosheid met die wêreldse swaardmag kan en moet teëgaan, maar die kerk moet dit op sy terrein met die geestelike swaard teëgaan.* So bots die twee nie, maar dien die een die ander.

Deurdad die owerheid die sonde en goddeloosheid op sy terrein met die swaard wat God hom in die hand gegee het teëgaan, waarborg hy die rustige en stil lewe (I Tim. 2:2) wat die kerk nodig het om met sy arbeid voort te gaan. *Daardeur lê die owerheid die basis* wat nodig is vir die verkondiging van die evangelie.² So is die owerheid dienaar van God wat Sy saak bevorder, want met die wêreldlike swaard hou hy die pad oop waarlangs Christus deur die diens van Sy kerk met Sy geestelike swaard wil kom om Sy uitverkorenes vir die ewige lewe te vergader.³ Op hierdie wyse staan die owerheid met sy wêreldse swaardmag ten volle in diens van God en bevorder hy die werk van die kerk.

Hierdie bovermelde verhouding van die owerheid tot die kerk kom presies neer op wat in artikel 36 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis gesê word. In die veel besproke en omstrede derde sinsnede van hierdie artikel word van die owerheid gesê: "En hulle amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdienste, om die ryk van die Antichris te gronde te rig, en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die Evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in Sy Woord beveel."

Van verskeie kante is gevoel dat hierdie sinsnede verander moet word, omdat dit dan sou impliseer dat die uitbreiding van die evangelie moet geskied met behulp van die wêreldse swaard en nie met die geestelike swaard alleen nie. Dit is egter nie wat hier gesê word nie. Wat hier gesê word, kom daarop neer dat die owerheid *op sy terrein* met die wêreldse swaard die sonde en uitbreek van die goddeloosheid moet teëgaan en *daardeur* word die weg gebaan en die basis van 'n rustige en stil lewe gelê waarop die kerk met sy arbeid deur middel van die geestelike swaard kan voortgaan.

Die Gereformeerde Kerk in Nederland het in 1952 besluit om by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode aan te beveel dat hierdie derde sinsnede van artikel 36 soos volg gewysig moet word: En aldus geroepe om by te dra tot die opbou van 'n Gode welgevallige samelewing van mense, moet die owerheid, in onderwerping aan die wet van God, terwyl hy homself verhou van alle volstreekte magsoefening, op die aan sy sorg toevertroude terrein en met die middele tot sy beskikking, elke belemmering vir die

¹ A.w. bl. 299.

² B. Holwerda a.w. bl. 8.

³ B. Holwerda a.w. bl. 9.

prediking van die evangelie en vir die hele heilige diens van God wegneem, sodat die Woord van God sy loop kan hê, die koninkryk van Jesus Christus voortgang vind en elke antichristelike mag teengegaan word.¹

Met hierdie voorgestelde wysiging kan egter geen genoeë geneem word nie. Hier word dit trouens as die taak van die owerheid aangedui om elke belemmering vir die prediking en elke antichristelike mag teen te gaan. Maar hoe gaan die owerheid dit doen *as hy hom moet ver hou van alle volstreckte magsoefening* — soos hier van die owerheid gesê word? Gaan hy dit doen deur begunstiginge, vermanings, dreigemente of iets dergeliks? En waar is die swaard van die owerheid dan?

Hierdie voorgestelde wysiging kom daarop neer dat ten opsigte van die kerk die swaard wat God die owerheid volgens Rom. 13 in sy hand gegee het, uit sy hand geneem word en dan word aan hom gesê om sonder sy swaard elke belemmering vir die prediking en elke antichristelike mag teen te gaan. Die owerheid word eers van sy offisiële mag beroof en daarna moet hy sonder die mag die kerk beskerm en die verkondiging van die evangelie bevorder.

Daarom is dit die beste om by die oorspronklike redaksie van artikel 36 (soos dit agter in ons Psalmboeke staan) te bly. Daar word die lyne oor die verhouding van kerk tot owerheid en owerheid tot kerk duidelik en Skriftuurlik getrek.

¹ Aangehaal deur A.D.R. Polman a.w. bl. 293.

HOOFSTUK 18: KERK EN EKUMENISITEIT

Onder die woorde "ekumenies" en "ekumenisiteit", soos wat dit vandag op kerklike erf gevind word, word deur die meeste mense van ons tyd verstaan die strewe om 'n *wêreldwye eenheid* van die kerk van Christus te bewerkstellig. In sommige gevalle word daar slegs gestreef na 'n eenheid van *samewerking* van die verskillende kerke, terwyl elke kerk sy identiteit bly handhaaf. In ander gevalle word egter gestreef na 'n daadwerklike *hereniging* van die Christelike kerk wat in die loop van die eeue in baie verskillende dele uiteengeval het, sodat daar een groot Christelike wêreldkerk tot stand kan kom. In die wêreldkerk moet alle of die vernaamste kerklike aksies gekoördineer word, sodat daar byvoorbeeld 'n ekumeniese diakonale arbeid, sending en evangelisasie en selfs 'n ekumeniese teologie tot stand kom.¹

Hierdie ekumeniese beweging is, gesien by die lig van die kerkgeskiedenis, werklik iets unieks. Baie meen dat dit die belangrikste verskynsel van die kerkgeskiedenis van die twintigste eeu is. Waar ons tot aan die einde van die negentiende eeu 'n toenemende versplintering van kerke gekry het, kry ons nou in hierdie eeu die strewe om die verskillende kerke weer byeen te bring.

Die ekumeniese beweging het alreeds resultate opgelewer. So het dit byvoorbeeld tot gevolg gehad dat ongeveer sestig herenigings tussen kerke in alle wêrelddele plaasgevind het. In ander gevalle is die geestelike klimaat tussen verskillende kerke baie verander. Kerke wat vroeër tot mekaar in 'n verhouding van onderlinge polemiek en stryd gestaan het, het nou weer met mekaar begin saamsprek.²

I. NOODSAAKLIKHEID VAN EKUMENISITEIT

Waarom moet die kerk ekumenies wees? Waarom moet dit — soos dit in Skrifberyming 27:4 gestel word — "wêreldwyd, in Christus een" wees? Die antwoord op hierdie vrae is: Omdat die kerk as liggaam van Christus *een is*. Dit is altyd die *een* kerk van Christus, die *een* heilige, *algemene* (katolieke) Christelike kerk wat oral, in elke kerk onder elke volk oor die hele wêreld tot openbaring kom. Die ekumenisiteit behoort dus tot die wese van die kerk.

"Omdat die veelheid van kerke in Christus een is, moet die kerke met mekaar in kerkverband tree . . . Die vereniging van kerke in kerkverband is verpligtend, nie om die eenheid tot stand te bring nie, maar omdat hulle in Christus een *is*, en met die oog op onderlinge toesig oor leer en lewe en onderlinge hulpverlening.

Omdat al die kerke oor die hele wêreld, onder alle volkere, tale en rasse een en dieselfde kerk van Christus is, mag die kerkverband nie by nasionale grense bly staan nie, maar moet dit ekumenies wees."³

'n Wêreldwye (ekumeniese) kerkverband sal verder nog die voordeel inhou dat, aangesien kerke uit verskillende lande teenwoordig is, groter objektiwiteit en onpartydigheid oor betreffende sake verwag kan word. Dit sal ook noodwendig 'n groter eenvormigheid in leer, diens en tug meebring.

II. GESKEIDENHEID EN VERSKEIDENHEID VAN KERKE

Die eenheid of ekumenisiteit waarvan onder punt 1 gespreek is, sou natuurlik baie maklik bereik kan word as daar net 'n *verskeidenheid* van kerke was maar nie ook 'n *geskeidenheid* nie. Hierdie twee woorde verdien 'n nadere verklarings. "*Verskeidenheid van kerke* is 'n normale verskynsel. Dit is dieselfde kerk wat verskyn by anderstaliges, by verskillende volke en lande, of dit kan ook in dieselfde land wees by etniese

¹ R. Bijl: Oecumene en Belijdenis, Wageningen, 1962, bl. 22,23.

² Christelike Encyclopedie V, Kampen, 1960, bl. 245.

³ Rapport i.v.m. Ekumeniese Sake in Agenda van die vyf-en-dertigste Sinodale vergadering van die Geref. Kerk in S.A., Jan 1964. bl. 12.

groeperinge."¹ So kan daar byvoorbeeld 'n Geref. Kerk in Suid-Afrika, in Nederland, in Amerika, in Japan, in Frankryk, onder die Zoeloes, onder die Vendas, ens. wees. Dan is dit een en dieselfde Gereformeerde kerk wat by 'n verskeidenheid van volke of rasse gevind word en daarom vertoon die een kerk tog 'n verskeidenheid. "Verskeidenheid van kerke beteken dus dat die kerke in die grond een is, d.w.s. in belydenis en kerkregering... Die verskeidenheid van kerke staan met mekaar, of behoort met mekaar in één kerkverband te staan. Slegs hier kan gesprek word van ekumeniese sinodale verband. So 'n ekumeniese sinode is nie maar net 'n demonstrasie van ekumenisiteit nie, maar is 'n kerklike vergadering met gesag oor mindere kerklike vergaderings, soos bepaal in artt. 30 en 36 van die Kerkorde."²

Onder die *geskeidenheid* van die kerke word egter verstaan dat daar dwarsoor die wêreld nie net één Christelike kerk is nie, maar verskillende kerke soos die Gereformeerde, Hervormde, Roomse, Remonstrantse, ens. wat op grond van belydenis en kerkregering van mekaar verskil. Hierdie geskeidenheid van die kerke vind sy oorsaak in die sonde en is daarom 'n saak wat enige Christen diep moet ontroer. Wie met hierdie geskeidenheid of versplintering van kerke tevrede is, toon daardeur dat hy tevrede is met die resultate van die sonde en die werk van die duiwel. Daarom *moet* die verskillende kerke alles in hulle vermoë doen om die verskille uit te wis en weer een te word (Joh. 17:21).

Hier moet egter direk gewaarsku word vir 'n gevaar wat by so 'n poging om eenheid tussen verskillende kerke te verkry, kan opduik en dit is dat daar gewaak moet word om *nooit 'n eenheid te probeer bewerkstellig ten koste van die waarheid van die Woord van God nie*. As daar byvoorbeeld 'n kerk is wat die godheid van Christus *nie* bely nie en daar is 'n kerk wat Sy godheid *wel* erken en bely, dan kan en mag hierdie twee kerke nooit een word voordat albei volgens die Woord van God die godheid van Christus bely nie. As beide belydenisse egter gehandhaaf word en die twee kerke tog een word, dan is dit nie slegs 'n kunsmatige eenheid wat 'n innerlike verdeeldheid in hom herberg nie, maar eintlik ook 'n goddelose eenheid omdat daar dan 'n gemeenskap tussen die lig en die duisternis, tussen Christus en Belial gesoek word (II Kor. 6:14-18). Hierdie laaste is die tipe van eenheid en ekumenisiteit wat gevind word by die Wêreldraad van Kerke.

Wat moet dan gedoen word om die geskeidenheid van die kerke te oorwin en weer tot eenheid te kom? Die program van aksie in hierdie verband is: samespreking, samestemming, samewerking en eenwording. Die verskillende kerke moet eers met mekaar *saamspreek* en *alles* goed onder oë sien wat hulle van mekaar af hou. Deur middel van samespreking moet getrag word om — op grond van Gods Woord — te kom tot *samestemming* in belydenis, kerkregering, liturgie, ens. En as samestemming op alle punte verkry is, kan gekom word tot *samewerking* en *eenwording*. As samestemming egter nie bereik kan word nie omdat een van die betrokke kerke nie onvoorwaardelik wil buig voor die eise van die Woord van die Here nie, is eenwording geheel en al uitgesluit. Met so 'n kerk wat aan die Woord ongehoorsaam is, moet egter *voortdurend gesprek word* en hy moet vermaan word om hom te bekeer. Die geskeidenheid van kerke mag ons nie as 'n normale verskynsel aanvaar en Gods water maar oor Gods akker laat vloei nie.

III. DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE

Van al die verskillende ekumeniese bewegings in ons tyd wil ons hier net op twee die aandag vestig, naamlik op die Wêreldraad van Kerke en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.

(a) Die grondslag van die Wêreldraad van Kerke.

In 1948 is die grondslag van die Wêreldraad soos volg vasgestel: "Die Wêreldraad van

¹ Ibid. bl. 54.

² Ibid. bl. 54.

Kerke is 'n gemeenskap van kerke wat onse Here Jesus Christus aanvaar as God en Saligmaker." Met hierdie formulering was baie nie tevrede nie en toe is dit in 1961 in New Delhi soos volg vasgestel: "Die Wêreldraad van Kerke is 'n gemeenskap van kerke wat die Here Jesus Christus as God en Saligmaker bely in ooreenstemming met die Heilige Skrif, en wat daarom streef om saam hulle gemeenskaplike roeping te vervul tot verheerliking van die een God, Vader, Seun en Heilige Gees."

Dit alles klink heel goed ortodoks. Maar die probleem kom daarby dat daar geen binding aan of handhawing van die geloofsbasis of grondslag geëis word nie. As dit maar net onderteken word, is alles in orde en daarna mag elkeen dit interpreteer soos hy wil. Daarom beteken hierdie grondslag in werklikheid niks.

Wat hier gesê is, wil ons met voorbeelde bewys. Een van die vooraanstaande persone op die Wêreldraad is dr. Henry P. van Dusen van die Presbiteriaanse Kerk in Amerika. In 1961 is hy op die vergadering van die Wêreldraad in New Delhi tot voorsitter van die Ekumeniese Kommissie vir Wêreldsending benoem. Maar dit is hierdie selfde dr. Van Dusen wat verklaar het dat die uitspraak van die konsilie van Chalcedon oor die godheid van Christus "gedistilleerde nonsens" is. Hy het verder verklaar dat om iemand uit die kerk uit te sluit of die Nagmaal te verbied omdat hy nie akkoord gaan met bepaalde leerstellings of Bybelse tradisies nie, *teen die wil van Christus is*.¹ En prof. Chao, 'n president van die Wêreldraad, het selfs verklaar dat die leer dat Jesus deur Sy bloed versoening vir die sonde teweeggebring het, eenvoudig 'n kwessie van tradisie is en nie meer deur Christene van hierdie geslag behoort vasgehou te word nie.² En wat beteken genoemde grondslag van die Wêreldraad nou as sulke persone soos dr. Van Dusen en prof. Chao nie slegs daar toegelaat word nie, maar selfs in die leidende posisies gestel word? Dit is 'n klug en niks meer nie.

(b) Die eenheid van die kerk volgens die Wêreldraad

Die eenheid van die kerk wat die Wêreldraad beoog, is nie 'n eenheid in die *verskeidenheid* van die kerk nie, maar 'n eenheid nieteenstaande die *geskeidenheid*, met ander woorde 'n valse, kunsmatige, goddelose eenheid, 'n eenheid waarby sommige byvoorbeeld Christus as God erken en ander nie.

Die Wêreldraad probeer 'n eenheid vind deur oorkoepeling waarby leerstellings verskille geïgnoreer word. Die nadruk moet selfs nie val op die leer nie, maar op die gesamentlike diens, want, so word verklaar, dit is die leer wat skei, maar die diens verenig. Daarom kan die leer, die belydenis, maar grootliks gerelativeer word, as daar maar saamgewerk word.

Bowendien is selfs hierdie samewerking tussen die kerke nie voldoende nie, maar daar moet gekom word tot een groot wêreldkerk waaraan alle Christene behoort. Dit is die uiteindelijke doel van die Wêreldraad. Daarom veroordeel die Algemene Sekretaris van die Wêreldraad, dr. W. A. Visser't Hooft ook diegene wat die huidige situasie in die Wêreldraad beskou as 'n eindpunt. Dit is volgens hom beslis nie 'n eindpunt nie, maar slegs die eerste stap na ware eenheid, na die een groot wêreldkerk waarvan alle Christene lidmate sal wees.³

En nou is dit vanselfsprekend dat, om die wêreldkerk te verkry, alle leerstellings verskille opsy geskuif moet word, want die leer skei.

(c) Infiltrasie van Kommunisme

Op die laaste vergadering van die Wêreldraad in 1961 te New Delhi is die Russiese Ortodokse Kerk ook toegelaat as lid. Dit lyk oppervlakkig beskou goed en baie het hulle daaroor verheug. Maar wie is daardie afgevaardigdes uit Rusland na die Wêreldraad?

¹ P. Jongeling: *Beproeft de Geesten*, Groningen, 1963, bl. 18.

² Aangehaal deur D. Hedegard: *De Oecumenische Beweging en de Bijbel*, Amsterdam, 1959, bl. 171.

³ P. Jongeling, a.w. bl. 5.

Kom hulle werklik namens die kerk of is hulle propaganda-amptenare van die kommunisme om die wêreld ook deur middel van die Wêreldraad ryp te maak vir die kommunisme?

Om 'n antwoord op hierdie vrae te vind, moet in gedagte gehou word dat uit die aard van die kommunistiese dwang en oorheersing, niemand in die buiteland as verteenwoordiger van watter instansie in Rusland ook al toegelaat sal word as hy nie die kommunisme onderskryf en (al is dit op heel subtiële wyse) propageer nie. Dit is werklik nie 'n raaisel waarom die Kremlin die afgevaardigdes toegelaat het om na die Wêreldraad te gaan nie. En wie sê nog dat dit "afgevaardigdes" is wat "toegelaat" is om te gaan? Dit lê veel meer in die lyn van die kommunistiese tirannieke en diktatoriale optrede om te sê dat dit *amptenare* van die Kremlin is wat *aangesê* is om te gaan. Wie ook maar enigins met die ideologie, strategie en taktiek van die kommuniste vertrou is, weet dat hulle maatreëls ten opsigte van die kerk altyd dieselfde doel het, naamlik om na buite in die oë van die wêreld die kerk te ondersteun enersyds om hulle kommunistiese propaganda en buitelandse politiek te kan bevorder, en andersyds om die aandag af te trek van die vervolging van Christene in hulle eie land.

Daarby kom nog dat daar sekere leidende figure in die Wêreldraad is wat 'n baie simpatieke houding teenoor die kommunisme openbaar. Een van hulle is byvoorbeeld dr. John C. Bennet van Amerika wat onder andere verklaar het: "Communism wins power because it has much truth in its teachings, because it appeals to the loyalties and not primarily to the cynical self-interests of man". He sê verder dat as 'n Christen kommunisme bestudeer, hy daarin baie vind wat sy goedkeuring wegdra, hom aanlok en hom selfs aanspoor om hom met vertroude daaraan oor te gee.¹

So word die weg in die Wêreldraad gebaan om 'n bolwerk van kommunistiese propaganda te word.

As bovermelde in ag geneem word, is dit te begrype waarom die ekumenisiteit van die Wêreldraad vanaf Gereformeerde kant sonder meer afgewys moet word.

IV. DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

As ons by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode kom, hoor ons 'n geheel ander geluid as by die Wêreldraad.

Die *grondslag* van hierdie sinode is die Woord van God soos verklaar deur die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

"Die *doel* wat beoog word, is om die eenheid in Christus te verkondig, mekaar in die geloof te versterk, mekaar te help om in belydenis en wandel suiwer te bly, 'n gesamentlike getuienis te gee van ons gemeenskaplike geloof en tot mekaar se gemeenskaplike opbouing in die geloof mee te help."²

Verskillende probleme duik egter ook hier op.

Die *eerste* probleem is juis die benaming "sinode". Die woord "sinode" gee die indruk van 'n gewone kerklike meerdere vergadering wie se besluite bindend is vir die kerke wat in die sinodale vergadering verteenwoordig word. Dit is egter *nie* die geval by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode nie. Elke kerk moet self bepaal in hoeverre die besluite van hierdie sinode vir hulle bindend is. Daarom is dit selfs moontlik dat 'n bepaalde kerk sekere besluite van die sinode vir homself heeltemaal ter syde kan stel.

Om hierdie rede is daar in die vergadering van hierdie sinode in 1953 te Edinburgh deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gevra dat die naam verander moet word na "Ekumeniese Raad van Gereformeerde Kerke". Hierdie versoek is egter afgewys. Een

¹ Aangehaal in "The South African Observer", Januarie 1961, bl. 1.

² Rapport i.v.m. Ekumeniese sake, bl. 45.

ding staan egter vas en dit is dat ons hier nie met 'n werklike sinode te doen het nie.

Die *tweede probleem* is dat die Geref. Ekumeniese Sinode die kerk nie net in sy verskeidenheid omvat nie, maar ook tot 'n sekere hoogte in sy geskeidenheid.¹ So kom in die sinode byvoorbeeld sowel die Geref. Kerk in Suid-Afrika as die N.G. Kerk in Suid-Afrika saam. Hierdie twee kerke staan hier in Suid-Afrika nie met mekaar in kerkverband nie en kom hier nie in sinodale vergaderings saam nie, maar tog geskied dit wel in die Geref. Ekumeniese Sinode. Om hierdie rede is die sinode tweeslagtig en kan dit geen werklike sinode wees nie, want 'n werklike sinode volgens artt. 30 en 36 Kerkorde kan die kerk alleen in sy verskeidenheid omvat en nie ook in sy geskeidenheid nie.

Hoewel dit miskien raadsaam is om — al is dit dan net voorlopig — die band met die Gereformeerde Ekumeniese "Sinode" te behou — nie as sinode nie, maar as raad of konvent — lê dit ongetwyfeld op ons weg om ons te beywer om 'n ware Gereformeerde Ekumeniese Sinode volgens die beginsels van die Kerkorde te verkry — 'n sinode wat die kerk net in sy verskeidenheid omvat en nie ook in sy geskeidenheid nie. *Dit is die ware Bybelse eenheid wat ons moet nastreef* — natuurlik sonder om ons roeping om teenoor die geskeie kerke te getuig, met hulle saam te spreek en tot ware eenheid te probeer kom vir een oomblik te verwaarloos.

*Ek geloof 'n heilige eenheid,
wêreldwyd in Christus een,
wat Sy roepstem sal vergader,
deur die lange eeue heen.*

¹ Prof. W. J. Snyman: Die Eenheid van die Kerk, in "Die Kerkblad" van 11 April 1962, bl. 6.

DEEL IV: VRAAGSTUKKE IN VERBAND MET DIE GELOOFSLEWE IN DIE ALGEMEEN

HOOFSTUK 19: BEKERING

Om standpunt in te neem teen die Metodistiese opvatting van bekering en ons standpunt daaromtrent reg te verstaan, moet ons onderskei tussen wedergeboorte en bekering en tussen wortelbekering en voortgaande bekering.

Die mens is van nature geestelik dood vanweë die sonde. Om weer geestelik lewendig te word, moet 'n nuwe lewe in hom gewek word en dit is God wat self die nuwe lewe in hom moet wek. Die wedergeboorte nou kan ons beskou as die *inplanting* van die nuwe lewe en die bekering is die *openbaring* van die nuwe ingeplante lewe. Die verhouding van wedergeboorte tot bekering is dus ongeveer dieselfde as die verhouding van ontvangenis tot geboorte in die natuurlike lewe.

Sowel die wedergeboorte as die bekering wat in die vorige paragraaf genoem is, word soms saamgevat onder die naam *wortelbekering*. Dit is dan die daad of aksie waardeur 'n mens van 'n kind van die toorn tot 'n kind van God verander word. Dit is wat met Paulus gebeur het op die pad na Damaskus. In die lewe van verbondskinders vind dit egter gewoonlik plaas op 'n oomblik wat hulle self nie presies kan aandui nie. Die *voortgaande of daaglikse bekering* is die lewe volgens die nuwe lewensbeginsel wat deur God in die betrokke persoon ingeplant is — 'n lewe waarin daar gestry word om die sonde steeds meer en meer na te laat en steeds meer te doen net wat reg is in die oë van die Here. Hierdie voortgaande of daaglikse bekering word soms ook genoem die heiligmaking.

As daar nou deur die Metodistiese rigtings van bekering gespreek word, dan verstaan hulle gewoonlik daaronder die wortelbekering.

Hulle opvatting van bekering kom daarop neer dat alle ware bekerings met 'n plotselinge skok moet plaasvind: 'n plotselinge, bewuste ervaring van skuld en genade waardeur 'n persoon van 'n kind van die toorn tot 'n kind van God verander word — 'n geweldige ondervinding dus, min so iets soos wat Paulus ervaar het op sy pad na Damaskus. Hierdie bekering moet ook so plaasvind dat die presiese tyd van die bekering aangedui kan word, net soos by John Wesley, die vader van die Metodisme, wat kon sê dat hy op 24 Mei 1738 presies om 9.15 nm. bekeer is. Van elkeen wat volgens hierdie *metode* (vandaar Metodisme) bekeer is, word ook verwag om openlik te kan getuig van sy of haar bekering en wat presies met hom of haar in daardie oomblikke gebeur het. *Almal egter wat nie so bekeer is nie, is nie werklik bekeer nie* — al is hulle gedoop en het hulle belydenis van geloof afgelê! — en is dan nog kinders van die duiwel. John Wesley het ook openlik gesê dat sulke mense kinders van die duiwel is.¹

Op grond van hierdie opvatting word dan gedurig aan lidmate van die kerk gevra *of hulle al bekeer is*, natuurlik in die Metodistiese sin van die woord, sodat 'n presiese oomblik aangedui kan word waarop hulle uit die duisternis oorgegaan het in die lig. Hierdie vraag word dan ook gestel aan mense wat reeds belydenis van hulle geloof afgelê het en openlik getuig het dat hulle waarlik in God glo en vir Hom wil lewe.

In die meeste gevalle word die bekering ook gesien suiwer as 'n produk van menslike arbeid en nie as 'n werk van God in die mens nie. Dit openbaar dus 'n sterk remonstrantse neiging.

Teenoor hierdie siening van bekering het die Gereformeerdes altyd geleer dat die bekering by die meeste Christene 'n geleidelike karakter dra waarby so 'n beslissende moment wat die lewe in twee deel nie aangetref word nie.² Die ontluiking van die nuwe lewe vind geleidelik plaas soos by Johannes die Doper wat vanaf die moederskoot met

¹ Vgl. J. D. du Toit: Het Metodisme, Versamelde Werke VIII, Johannesburg, 1961, bl. 122,123.

² Christelike Encyclopedie I, 1956, Kampen, bl. 536.

die *Heilige Gees vervul was (Luk. 1:15)* en soos by *Timotheüs in wie die Heilige Gees* deur die opvoeding van sy moeder Eunice die geloof en bekering gewerk het (II Tim. 1:5). Net soos die begin van 'n natuurlike geboorte verborge is en eers later tot openbaring kom, so is dit ook in die meeste gevalle met die geestelike geboorte (wedergeboorte) en bekering. In die meeste gevalle vind die wortel-bekering by verbondskinders plaas sonder dat hulle self weet presies wanneer dit plaasgevind het. As hulle hulle maar kom kry, dan glo hulle in God en wil lewe as Sy kinders.

Wel gebeur dit vandag nog dat mense op 'n soortgelyke wyse as Paulus en Saggeüs tot bekering kom, maar dit is uitsonderings en iets wat meesal op die sendingveld plaasvind waar die evangelie werklik aan heidene verkondig word. In die kring van die verbond kom dit egter feitlik nooit voor nie.

Die groot fout van die Metodistiese siening van bekering is dat hulle die *genadeverbond loën*. Die volk van God is in hulle oë niks anders nie as losstaande individue wat tot bekering gekom het. God kies dan hier en daar mense *tot Sy kinders* uit sonder dat daar *enige* verband tussen hulle is.

Die Skrif leer ons egter anders: God vergader vir Hom 'n volk in die lyn van die verbond, dit wil sê in die lyn van die gelowige geslagte. God het trouens self aan Abraham, die vader van al die gelowiges gesê: "Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou *nageslag* na jou, *in hulle geslagte* tot 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7). En Petrus het gesê: "Want die belofte kom aan julle toe *en julle kinders...*" (Hand. 2:39). Dit beteken dat die lyn van die geloof oorgaan van die ouers na die kinders, van die kinders na hulle kinders, ens. Nie dat geloof iets is wat 'n mens van jou ouers kan erf nie, maar deur die Christelike opvoeding van die ouers werk God die geloof en bekering in die kinders. En hierdie geloof en bekering kom meesal geleidelik tot stand by die kinders wat elke dag met die Bybel en sy inhoud gekonfronteer word, sodat as hulle hulleself kom kry, dan glo hulle. So vergader God vir Hom 'n volk in die lyn van die verbond, die lyn van die gelowige geslagte.

Op hierdie laaste moet ons let: God vergader vir Hom 'n *volk* en 'n volk word gebou uit ouers van daardie volk wat kinders het. Maar volgens *die* Metodistiese opvatting van bekering *is die* kerk van die Here nie 'n volk nie, maar 'n *vereniging* waarby losstaande individue (deur bekering) kan aansluit.

Natuurlik moet ons dit nie so verstaan dat alle verbondskinders sonder uitsondering gered word nie. Daar is ook verbondskinders wat die Christelike opvoeding van hulle ouers en derhalwe God self verwerp — soos Esau. Aan die ander kant is daar ook mense wat aanvanklik buite die verbond was en in die heidendom groot geword het, maar op latere leeftyd as gevolg van sendingwerk of kontak met gelowiges tot geloof en bekering kom en in die verbond ingesluit word — soos Rut. In beide gevalle het ons egter met uitsonderings te doen. Die reël is dat God Sy verlossingsarbeid voortsit in die lyn van die verbond.

Ook die gedagte dat bekering bloot 'n saak van die mens alleen is, is heeltemal onskriftuurlik (Klaagl. 5:21). Natuurlik is die roeping ook op die mens gelê om hom te bekeer, in God te glo en in Sy weë te wandel, maar ten diepste is dit God self wat die bekering bewerkstellig en die geloof in die harte van Sy uitverkorenes werk (Ef. 2:8), sodat Hy alleen daarvoor geprys moet word.

HOOFSTUK 20: DANS

As hier van dans gesprek word, dan word gedui op die tipe van dans waarby 'n man en 'n vrou saam dans onder leiding van daarby passende dansmusiek en mekaar vir die doel omarm.

Die vraag is nou: Wat is hierdie dans? Waarom gaan dit in die dans? Hoe moet 'n mens as Christen dit vir jouself opsom? Op hierdie vrae kan geantwoord word: Dans is 'n wyse van ontspanning waarin die streling van die sinne en die prikkeling van die hartstogte 'n belangrike element is en in baie gevalle ongetwyfeld die belangrikste.

In die dans kom die deelnemers met mekaar in aanraking en omstrengel mekaar op 'n wyse wat onder geen ander omstandigheid as paslik en welvoeglik geag kan word vir mense wat nie met mekaar getroud is nie. En wie sal eerlik voor God kan sê dat so 'n houding by hom of haar geen invloed op die sinne en hartstogte uitoefen nie?

'n Amerikaanse skrywer, Sylvanus Stall, het gesê dat geen enkele man sal durf beweer dat hy so vry van hartstog is dat hy nie waarneembaar geprikkel word deur die noue aanraking met 'n vrou terwyl hulle onder die invloed van die dans verkeer nie. Hierdie skrywer sê verder: Die onbehoorlike kleding, die feit dat vroulike dansers hulle op onwaardige wyse tentoonstel, die onwelvoeglike houdinge, die hartstogtelike opwinding en die ongepaste vryheid wat toegestaan word, terwyl daar op die maat van musiek rondgesweef word, moet noodsaaklik in 'n hoë mate inwerk op die sinlike neigings van 'n sterk, kragtige en goed ontwikkelde jongman.¹

As *dit* eers vir ons vasstaan, kos dit werklik geen inspanning om te sien dat deur mee te doen aan dans, die sewende gebod oortree word nie. Volgens ons Kategismus (antw. 109) verbied God in die sewende gebod "alle onkuise daade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat 'n mens daartoe kan verlei." Op hierdie laaste woorde: ". . . wat 'n mens daartoe kan verlei," moet ons besonderlik let. Want sonder enige twyfel kan beweer word dat 'n mens, deur mee te doen aan die dans, onder besonder gunstige omstandighede verkeer om daartoe verlei te word.

Omdat die sinlike so 'n groot rol speel in die dans, is dit ook veroordeel deur God se Woord. Christus se baie bekende uitspraak is sekerlik hier van toepassing: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matt. 5:28). Dit geld natuurlik onder alle omstandighede, maar dans bied ongetwyfeld besondere geleentheid daartoe, veral as die dames, soos in so baie gevalle, bedenklik gekleed is.

Verdere belangrike Skrifuitsprake in hierdie verband is die volgende: Gal. 5:24: "Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig"; Rom. 13:14: "Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie." (Hier word die bekleding met Christus en die voorsorg vir die vlees en sy begeerlikhede teenoor mekaar gestel.) 1 Joh. 2:16: "Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld."

Uit die voorgaande en uit die geheel van die Skrif kan gesien word dat dans beslis geen vrug is van die lewensgemeenskap met Christus nie; intendeel, dit is die vrug van die sonde in die mens.

Daar word nou dikwels gesê dat daar tog sekere vorme van dans is wat nie so uitspattig is nie en waaraan sonder gewetenswroeging megedoen kan word. Dit is natuurlik 'n baie gevaarlike standpunt, want op hierdie wyse word iets wat in wese verkeerd is, aan die buitekant 'n bietjie mooier gemaak — die drank word weggeneem en ook die bedenklike kleredrag — en dan gesê dat dit nie meer verkeerd is nie. Of moord nou op 'n mooi of lelike manier gepleeg word, dit bly moord en dieselfde geld ook van die dans.

¹ Aangehaal deur P. Jongeling: Woord en Wandel, Groningen, 1959, bl. 48.

Maar afgesien hiervan blyk ook uit die geskiedenis van dans dat so 'n standpunt gevaarlik is. Dit toon dat elke dans na 'n tyd verander, nie slegs wat styl en tempo aanbetref nie, maar veral omdat na nuwe prikkels gesoek word. Uit die geskiedenis van dans blyk dat daar steeds gestreef is om juis die nuwe elemente by die dans by te voeg waardeur die sinne nog meer geprikkel word.

Tereg waarsku die Nederlandse skrywer, P. Jongeling, die wat hierdie standpunt inneem soos volg: Laat ons onself tog nie bedrieg nie — as die voet eenmaal op hierdie hellende vlak geplaas is, as die moderne paredans eenmaal aanvaar is, dan is daar geen hou of keer meer aan nie en sal die dansers onvermydelik gaan gryp na die sterkere prikkels wat juis in die nuwere danse te vinde is, omdat hulle die moderne lewensgevoel vertolk!¹

Baie van die wat in ontug geval het, het ook bevestig dat hierdie sonde sy oorsprong in dans het. En as dit een van die vrugte van dans is, dan is dit glashelder dat dans ook sondig en verkeerd is, want die Skrif leer ons: "'n Slegte boom dra slegte vrugte" (Matt. 7:17).

Die Gereformeerdes het altyd baie sterk afwysend teenoor die dans gestaan. In sy boek *De Gereformeerde Zede* sê dr. R. Schippers die volgende van Calvyn se oordeel oor dans: Calvyn was daar fel op teë. Wie die vraag stel of dit dan so sleg is, as daar maar geen hoerery by is nie, kry van hom die antwoord dat hy spot met God, Hom as't ware blinddoek om Hom te slaan en Hom dan te laat raai of daar enige kwaad in skuil. Die dans kan slegs inleiding wees tot hoerery. Dit dien om by mekaar klaarblyklik die deur vir Satan oop te maak en te roep dat hy kom. Dit sal die dans altyd meebring, sê Calvyn. As iemand sê: Ek het geen bose hartstog gehad nie, dan maak hy God tot 'n leuenaar.²

Verskeie sinodes in Nederland in die sestiende eeu het hulle ook uitgespreek teen dans en bepaal dat die wat hardnekkig daaraan meedoen, van die Nagmaal geweier moet word.

Selfs die remonstrant, Episcopius, was van oordeel dat die kerklike tug op dansers toegepas moes word.

Dit gebeur soms dat sommige dans wil verdedig met 'n beroep daarop dat Dawid ook gedans het (II Sam. 6:14). Daar is egter geen grond vir so 'n beroep nie, omdat in die betrokke teks met dans heeltemal iets anders bedoel word as waarvoor dit hier gaan. Trouens, Dawid het toe hy daar gedans het geen vrou omarm nie en verder staan daar dat hy gehuppel en gedans het voor die aangesig van die Here — uit blydschap oor wat met die ark van die Here gebeur. (Sê ons dan nie ook dat 'n persoon soms *ronddans* van pyn nie?). Wie hierdie vreugdevolle huppeling van koning Dawid wat hom verbly oor die gelukkige voortgang van die werk van God, durf gebruik as 'n argument ten gunste van die moderne geselskapsdans, die spot met die heilige!³

¹ A.w. bl. 60.

² Dr. R. Schippers: *De Gereformeerde Zede*, Kampen, 1955, bl. 217.

³ P. Jongeling, a.w. bl. 53.

HOOFSTUK 21: BEGRAFNIS OF LYKVERBRANDING

Wat 'n volk of 'n gemeenskap met hulle dooies doen, staan in die nouste verband met hulle geloof, omdat in 'n mens se houding teenoor die dood en die dooies die konsekwensies van sy lewens- en wêreldbeskouing baie duidelik geopenbaar word. Daarom is die keuse tussen begrafnis of lykverbranding nie 'n onverskillige saak nie, maar iets waarin 'n mens se lewensuitkyk onmiskenbaar aan die lig kom. Dit is dan ook geen toevalligheid nie dat lykverbranding — wat 'n heidense oorsprong het — veral daar sy verskyning maak waar die Christendom besig is om in verval te raak. Tereg verklaar dr. K. Dijk dat lykverbranding opgekom het uit die ontkenning van die opstanding van die vlees en ingang gevind het deur die verswakking van die Christelike geloof.¹

As hierdie standpunt ingeneem word teen lykverbranding, dan word dit beslis nie gedoen omdat die gedagte bestaan dat dit die almag van God sou inperk en die liggaamlike opstanding onmoontlik sou maak nie. Trouens, nooit is deur die kerk getwyfel aan die salige opstanding van die martelare wat op die brandstapels gesterf het nie. Hierdie standpunt word slegs ingeneem omdat begrafnis in ooreenstemming is met wat in die Skrif geleer word en lykverbranding nie.

HEIDENSE ONDERGROND VAN LYKVERBRANDING

Dat heidense opvattinge ten grondslag lê aan lykverbranding, kan uit die volgende duidelik gesien word.

Toe in 1928 'n krematorium in Moskou geopen is, het die persoon wat die rede by die geleentheid gevoer het, gesê dat die krematorium opgerig is as 'n nuwe protes teen die Christelike godsdiens. Ook het hy sy volk aangemoedig om hulle dooies te laat verbrand as 'n bewys dat hulle gebreek het met die Christelike geloof in die opstanding uit die dode.²

Hierdie onderliggende motiewe by lykverbranding word dikwels verdoesel of verswyg. Tog is dit aanwesig en in Rusland waar hulle oor sulke sake baie uitgesproke is, het hulle ook nie geskroom om dit te sê nie.

Verdere bewyse vir die heidense opvattinge in verband met lykverbranding vind ons by P. Jasperse. Hy haal 'n Franse dame, Charlotte — Andrée Layé, aan wat gesê het dat by toepassing van lykverbranding die dood niks meer is nie as 'n geboorte tot onsterflikheid in 'n wieg van vlamme.³

Dr. Jasperse verwys verder na die boek *Crematie* van dr. L. A. Rademaker, 'n bekende Nederlandse propagandis vir lykverbranding. Dr. Rademaker het die buiteblad van die vyfde druk van hierdie boek versier met 'n vlammebed waaruit "een ijle menshelijke gedaante als en Phoenix (mitiese voël — P.J.d.B.) opstijgt." In die boek verklaar hy: As die mitiese voël sy einde voel naderkom, dan gebruik hy sy laaste krag om na die heuwels van Heliopolis, die sonnestad, te kom, en in die gevoel dat sy lewe volbring is en dat alleen verjonging hom kan help, versamel hy dooie struike en krap vir hom 'n brandstapel byeen om sy eie verassing en wedergeboorte voor te berei. Eindelik verskyn Apollo dan en skiet 'n vlammebed af terwyl sy mond sê: Word deur die vuur van ouderdom verlos en vlieg weg in 'n mooier gedaante. Die pyl tref en vervul die Phoenix met stralende vreugde en uit die vlammebed styg hy verjongd die blou lug in.⁴

As sulke taal gespreek word, dan is dit tog duidelik dat ons hier met iets heeltemal anders te doen het as wat ons in die Woord van God geleer word.

Nadat dr. Jasperse die geskiedenis van begrafnis en lykverbranding nagegaan het,

¹ K. Dijk in: *Het Dogma der Kerk*, Groningen, 1949, bl. 592.

² B. J. de Klerk: *Cremation*, s.j. bl. 3.

³ P. Jasperse: *Zullen wij onze doden begraven?* s.j. bl. 57.

⁴ P. Jasperse, a.w. bl. 58.

verklaar hy ook: Ons het gesien dat lykverbranding so nimmer as te nooit 'n Christelike sede was nie. Die lykverbranding het voorgekom en kom voor alleen by heidenvolke.¹ Daarteenoor sê hy van die Christendom die volgende: Dit is dan ook tiperend vir die ou Christendom dat dit oral waar dit in die heidenwêreld ingekom het, lykverbranding laat verdwyn het, wat ten slotte gekulmineer het in die verbod wat Karel die Grote in 785 uitgevaardig het.²

ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN LYKVERBRANDING

Die voorstanders van lykverbranding hou gewoonlik die volgende argumente voor ten gunste van hulle standpunt:

(a) Dit is meer higiënies.

Daar is beweer dat kerkhowe 'n bron van infeksie is en besmetlike siektes veroorsaak omdat siektekieme hulle vanuit die dooie liggaam na die omgewing rondom die graf versprei en dan deur waterare meegevoer word na die plekke waaruit die omwonende mense hulle drinkwater verkry. Ook is gespreek van giftige gasse in die omgewing van kerkhowe wat dan baie nadelig sou wees.

Ons het hier met bewerings te doen, maar dan bewerings wat nie deur feite gerugsteun word nie. Wetenskaplike ondersoek het aangetoon dat goed aangelegde kerkhowe geen gevaar vir die volksgesondheid inhou nie.³

(b) Dit is meer ekonomies.

Begrafnis bring volgens hulle onnodige geldverspilling mee. Dink maar aan die koste van die aanlê van kerkhowe en aan die hout wat gebruik word vir die maak van doodkiste.

Hierteenoor kan ons sê dat in ons uitgestrekte land die gevaar vir gebrek aan grond vir die aanlê van kerkhowe slegs denkbeeldig is. Dit bring ook mee dat die grond wat daarvoor aangekoop word nie geweldig duur is nie. Aan die ander kant vra die oprigting van krematoria, die kiste wat by lykverbranding gebruik word, die brandstof om 'n temperatuur van ongeveer 1000°C. te verkry ook geen geringe kapitaal nie.

(c) Dit is meer esteties.

Om hulle bewering dat lykverbranding meer esteties is as begrafnis te "bewys" word dit wat met die liggaam in die graf gebeur op die gruwelikste wyse geteken. So spreek dr. Rademaker van die wurms en insekte wat die liewe oë wegvreet, die skone mond opknaag, die beminde liggaam tot 'n walglike maaltyd bestem.⁴ Maar nou ontstaan die vraag: Is dit miskien mooier, estetieser as dieselfde liggaam in 'n oond van 1000°C. sis en knetter soos 'n stuk vleis in 'n braaipan en aan alle kante oopbars? Nee, in geen geval kan van mooi of esteties gespreek word nie. Albei is ewe afgryslik. Die verskil is net dat die mens by lykverbranding die vernietigende kragte self aanjaag.⁵

(d) Die gevaar om lewendig begrawe te word.

In hierdie verband spreek hulle van 'n sogenaamde "skyndood" waarin 'n mens kan raak en dan sê hulle dat as jy later in die graf uit hierdie skyndood "wakker word", moet dit iets verskrikliks wees om dan te besef dat jy in 'n kis ses voet onder die grond vasgekeer is om nooit weer daar uit te kom nie.

Of daar werklik so iets soos 'n "skyndood" is, word deur medici baie sterk betwyfel. Maar al sou daar wel so iets wees, dan kan die vraag nog gestel word: Sou dit nie ewe verskriklik wees as iemand net as hy in die oond van 1000°C. ingaan — vanweë die

¹ P. Jasperse, a.w. bl. 13.

² P. Jasperse, a.w. bl. 12.

³ B.J. de Klerk, a.w. bl. 5.

⁴ P. Jasperse, a.w. bl. 39.

⁵ P. Jasperse, a.w. bl. 41, 42.

verhitting van sy liggaam — uit sy skyndood wakker word nie?

Ook hierdie argument besit dus geen krag nie.

Teenoor hierdie argumente kan daarop gewys word dat vanuit juridiese oogpunt ernstige besware teen lykverbranding ingebring kan word. As daar byvoorbeeld na iemand se dood die vermoede rys dat hy vermoor is, dan kan dit as hy begrawe is moontlik vasgestel word, veral in gevalle van vergiftiging, terwyl by lykverbranding so iets heeltemal uitgesluit is.

WAT LEER DIE SKRIF ONS

Uit die Skrif blyk dat vir die volk van God ook in die Ou Bedeling begrafnis 'n vaste reël was, hoewel baie omringende heidenvolke die verbranding wel geken het.¹

Van Abraham, Isak, Jakob en hulle vrouens lees ons dat hulle begrawe is (Gen. 23:3-20; 25:9; 35:19, 20, ens.). Besonder sprekend is Deut. 34:6 waar van God gesê word dat Hy self Moses begrawe het. Ook van die konings van Israel en Juda lees ons dat hulle begrawe is (I Kon. 2:10; 11:43; II Kon. 13:13, ens.). Wel word daar in Jer. 34:5 en II Kron. 16:14 melding gemaak van 'n brand in verband met iemand wat gesterf het, maar dit is duidelik dat hier nie gespreek word van verbranding van die liggaam nie, maar van 'n brand van speserye ter ere van die gestorwene.

Die enigste Israelitiese koning wie se lyk verbrand is, is Saul (I Sam. 31), maar hier het ons ongetwyfeld *met 'n uitsondering te doen*. Die Filistyne het sy liggaam gevind, sy hoof afgekap en die res van sy liggaam teen die muur van Bet-San vasgeslaan. *Om verdere skending van die liggaam van Saul en die van sy seuns te voorkom*, het dapper manne van Jabes en Gilead dit in die nag gaan haal en verbrand en die bene begrawe.

Ook in Amos 6:10 word gespreek van verbranding van dooies, maar hier het ons eweens te doen met abnormale omstandighede. Die oordeel van die Here word hier aangekondig en dit sal tot gevolg hê dat soveel mense sal sterf dat almal nie meer begrawe sal kan word nie. En om nou ontbinding op straat te voorkom sal die mense hulle toevlug neem tot verbranding. Daarom word hier van die verbrander en nie van die begrawer gespreek nie. Dr. J. Ridderbos sê in verband met hierdie teks: In gewone omstandighede sou dit wees die "begrawer", want Israel was gewoon om hulle dooies te begrawe; tans neem die mense egter hulle toevlug tot die verbranding sodat die massas onbegrawe lyke nie die lug verpes nie.²

In sommige gevalle het God self bevel gegee tot verbranding van mense (Lev. 20:14; Lev. 21:9; Jos. 7:25 — vlg. ook Gen. 38:24). Dit het egter alleen gebeur wanneer gruwelike sondes soos bloedskande, ens. gedoen is om duidelik God se afkeur daarvan te openbaar.

Uit Amos 2:1-3 blyk dit dat die verbranding van die bene van 'n gestorwene onder normale omstandighede as 'n groot misdaad gereken word. Hier word die oordeel van God oor Moab aangekondig "omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het," en . . . die koning van Edom was nogal 'n heiden. Dr. J. Ridderbos sê hieroor: Dit gaan hier dus oor 'n misdryf wat nie teen Israel begaan is nie, maar teen 'n heidense volk, nogal teen Edom wat self vanweë sy sondes in die gerig kom, (1:11 v.). Die verbranding van doodsbeendere het die karakter van onttering en ontwyding gedra, vgl. 2 Kon. 23:16. Die straf sal Moab se ondergang wees.³

Uit die voorgaande blyk dit dat volgens die Ou Testament begrafnis die reël was en lykverbranding slegs by wyse van uitsondering in abnormale omstandighede voorgekom het.

¹ P. Jongeling: Woord en Wandel, Groningen, 1959, bl. 166.

² Dr. J. Ridderbos: K. V. der H.S. — De Kleine Profeten I, Kampen, 1952 bl 231

³ Dr. J. Ridderbos, a.w. bl. 183.

As die Nuwe Testament in hierdie verband nader ondersoek word, dan is dit duidelik dat dit niks anders as begrafnis ken nie. Johannes die Doper en Lasarus is begrawe (Matt. 14:12; Joh. 11:17). Christus self sê: "Laat die dooies hul eie dooies *begrawe*" (Matt. 8:22), en volgens Joh. 5:28 praat Hy van "almal wat in die grafte is." Paulus veronderstel ook die begrafnis as hy in I Kor. 15 praat van 'n natuurlike liggaam wat gesaai word en 'n geestelike liggaam wat opgewek word. En wat die meeste van alles sê: Christus self het in die graf ingegaan en het daaruit verrys . . . Daardeur is die graf vir ons nie meer die plek waar die vertering die laaste woord het nie, maar die saaiplek waar die liggaam in oneer gesaai word om op Gods tyd, by die geklank van die laaste basuin, opgewek te word in heerlijkheid . . . Die leë graf waaruit die Seun van God verrys het, het die grond geword van ons hoop op 'n salige opstanding.¹

Ons word verder in die Nuwe Testament geleer dat daar in die begrafnis vir die gelowige 'n magtige simboliek geleë is wat hom die belofte van die Evangelie in verband met dood en opstanding des te beter laat verstaan en hierdie simboliek wat ons deur die Skrif self gebied word, kan nie straffeloos geïgnoreer word nie. Trouens, as God ter wille van ons "stompsinnigheid en swakheid" aan ons die sakramente — wat vol van simboliek is — gegee het "om des te beter aan ons uiterlike sinne voor te stel wat Hy ons te kenne gee deur Sy Woord²", dan kan tog seker verklaar word dat Hy die simboliek van die graf vir 'n soortgelyke doel aan ons gegee het. Tereg verklaar dr. R. Schippers ook: Die hele prediking van die opstanding uit die dode in I Korinthe 15 beweeg hom om die beeld van saai en oes, 'n beeld wat nie meer regstreeks tot ons spreek wanneer die liggame verbrand sou word nie . . . Die Christelike begrafnis is altyd 'n hulpmiddel om die leer van die Skrif oor dood en opstanding des te beter te verstaan . . . Dit verhelder die insig in 'n groot stuk Bybelse simboliek.³

In dit alles kan duidelik gesien word hoedanig en om watter redes die Christelike kerk deur God self aan begrafnis gebind is. Daarom kan lykverbranding onder normale omstandighede niks anders beteken nie as ongehoorsaamheid aan God.

Natuurlik kan daar abnormale omstandighede soos pestilensies, oorloë, ens. kom wanneer begrafnis haas onmoontlik kan word. Dan is dit natuurlik beter om die lyke te verbrand as om hulle op die straat te laat lê en ontbind. Trouens, God se Woord laat ons ook nie in die duister wat om in sulke tye te doen nie. (Vgl. Amos 6:10.) Dog die reël bly altyd begrafnis.

En aan die voorstanders van lykverbranding wat, soos dr. Rademaker, meen dat die smaad van die graf deur lykverbranding weggeneem word, kan alleen gesê word dat hulle so toon hoe weinig kennis hulle van die Evangelie van verlossing het. *Die smaad van die graf word nie deur lykverbranding weggeneem nie, maar alleen deur die opstanding uit die dode wat deur Jesus Christus vir ons bewerk is.*

¹ P. Jongeling, a.w. bl. 169.

² Art. xxxiii N.G.B.

³ R. Schippers: De Gereformeerde Zede, Kampen, 1955, bl. 144, 146.

HOOFSTUK 22: SKOONHEIDSWEDSTRYDE

Skoonheidswedstryde is dwarsoor die wêreld en ook in ons eie land aan die orde van die dag. Jaarliks kies elke land wat wil meedoen 'n "mej. Suid-Afrika", "mej. Finland", "mej. Engeland", ens. en uit hulle geledere word dan weer die "mej. Wêreld" gekies, wat dan die mooiste in die wêreld sou wees — altans van die wat meegedoen het. In ons land word in verskillende dorpe en stede skoonheidswedstryde gehou om "die mooiste" in hulle geledere aan te wys. Selfs word vir verskeie vrugte- en groentesoorte en ander produkte skoonheidswedstryde uitgeskryf om byvoorbeeld 'n "mej. Groenmielie", ens. te kies. Sekere tydskrifte laat in hierdie verband ook nie op hulle wag nie. Sommige universiteite en kolleges kies joolkoninginne.

Wat is nou die wesenstrekke van skoonheidswedstryde? Dit is in kort die volgende: "Uiterlike, meetbare kenmerke van die vroulike liggaam, wat die mens geërf of ontvang het en waaraan sy nie kan verander nie, word beoordeel. En dit gebeur na tentoonstelling in minimum kleredrag, waarby die liggaamsmate en vormskoonheid die deurslag gee, sonder inspanning van die kant van die deelneemster."¹

Die doeleindes van hierdie kompetisies is uiteenlopend. Soms moet dit dien as advertensie. Soms moet dit help met die insameling van fondse. Soms word gepoog om daarmee die verkoop van tydskrifte te vermeerder. Soms het dit ook iets te doen met modeparades.

Die skoonheidskompetisies moet nou dien om op hierdie bepaalde sake die aandag te vestig.

Die meeste besighede het al uitgevind wat die waarde van die foto van 'n half-naakte meisie by 'n advertensie is. As die half-naakte dame nou nie net deur middel van 'n foto nie, maar persoonlik teenwoordig is, is die advertensiewaarde des te groter — wat staan nog as daar 'n hele aantal half-naakte skones is uit wie die mooiste gekies moet word. So word nie geskroom om die mens doelbewus seksueel te prikkel om besigheid te bevorder nie. En die organiseerders van sulke wedstryde weet maar al te goed hoedanig die sondaarmens van sodanige prikkeling hou sodat hy terdeë ag gee op wat hulle besig is om te doen.

Hierin kan reeds die sonde van sulke skoonheidswedstryde gesien word. Christus sê dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart egbreuk gepleeg het (Matt. 5:28). En hoe kan 'n mens vry bly van hierdie sonde in sulke wedstryde waar mooi geboude meisies met 'n minimum klere aan voor die toeskouers verby marsjeer? Laat ons onself nie bedrieg nie. Trouens, hier word die kyk na die vrou om haar te begeer vir die belangstellendes spesiaal georganiseer — maak nie saak wat die motiewe agter so 'n organisasie is nie.

Die organiseerders van die kompetisies maak dus dat die toeskouers sondig. Die dames wat daaraan meedoen laat hulleself gebruik om die toeskouers te laat sondig. Die toeskouers gaan terwyl hulle vooraf weet van die sondige prikkeling wat op hulle wag. Almal staan skuldig voor die Here. Hulle sal nie ongestraf bly nie.

Ons verdere beswaar teen hierdie kompetisies is dat diegene wat daaraan meedoen die mooi liggaam wat hulle van God ontvang het, gebruik om roem en eer vir hulle self in te oes.

Dink die jong dame wat so half-naak voor die toeskouers loop en spog met haar liggaam daaraan dat sy hierdie liggaam nie van haarself het nie, maar dat God dit aan haar gegee het om nie haarself nie, maar Hom te verheerlik? Nee, ongetwyfeld vergeet sy dit. Daarom laat sy toe dat in haar die skepsel bo die Skepper verheerlik word.

Oor die mentaliteit wat die dames openbaar wat aan die skoonheidskompetisies meedoen, het wyle ds. G. B. S. Pasch geskryf: "Is jong dames dan koeie? Koeie op 'n

¹ Dr. D. Kempff in "Die Kerkblad" van 15 Augustus 1962, bl. 13.

tentoonstelling! Is hulle geteel deur hulle ouers wat gebruik gemaak het van doeltreffende teelmetodes om beter en mooier kinders te verwek! Het ouers met mekaar getrou en mekaar uitgesoek met die oog daarop? . . . Selfs 'n koei eer haar baas! Maar die dogter vergeet haar Skepper." En van die feit dat uiterlike skoonheid die enigste maatstaf vir beoordeling is, sê hy: "Dat 'n beeldskone meisie 'n baie lelike binneste kan hê, daarvoor bekommer die mense hulle minder. Die innerlike skoonheid het in die wêreld nie veel aansien nie. Daarvan word min verstaan. Die innerlike en sedelike skoonheid verteenwoordig die ware skoonheid. En ware skoonheid is altyd verborge. Ook in die sin verborge dat dit hom nie self aanbied aan tydskrifte en dagblaie om so openbaar te word nie. Die ware skoonheid paradeer nie op mode- en skoonheidsparades nie. Dit soek nie bewondering nie. Dit blom in die stilte."¹

Wat leer die Skrif ons?

Uit die Skrif blyk dat 'n uiterlike vertoning van liggaamlike skoonheid nooit by die ware gelowiges gevind word nie. Wel vind ons dit by die ongelowiges, met name by Ahasveros wat wou hê dat sy vrou, Vasti, haar skoonheid aan die volke en die vorste moes toon (Ester 1:11). Maar die ongelowige Vasti het nog soveel selfrespek gehad dat sy geweier het.

In I Kor. 6:20 skryf die apostel Paulus: "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle *liggaam* en julle gees wat aan God behoort." Die gelowige behoort ook met sy liggaam aan die Here. Ook sy liggaam is duur gekoop met die kosbare bloed van onse Here Jesus Christus aan die kruis. Daarom mag ons nie ons liggame gebruik vir sondige selfverheerliking nie, maar uit dankbaarheid dat Christus ook vir die verlossing van ons liggame gely het, moet ons dit gebruik om God te eer. Daarom skryf Paulus ook: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul *liggame* stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens" (Rom. 12:1). En een ding is baie seker: geen jong dame wat haar liggaam wil stel tot 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer, kan aan 'n skoonheidswedstryd deelneem, half-naak heen en weer paradeer en 'n sondige prikkeling by die toeskouers veroorsaak en boonop met haar Godgegewe liggaam haar self wil eer en verheerlik nie.

Aan die gelowige jong dames wat dit oorweeg om aan skoonheidswedstryde deel te neem, vra die Here deur Sy Woord: "Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? . . . Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? (I Kor. 6:15, 19).

Met 'n tempel van die Heilige Gees meedoen aan 'n sondige skoonheidswedstryd?

Here, bewaar ons!

¹ Ds. B. G. S. Pasch: En uit Sy volheid, Potchefstroom, 1960, bl. 155, 156.

HOOFSTUK 23: LOTERY EN DOBBELARY

Lotery en dobbelary is uit die vroegste eeue bekend. Dit word aangetref sowel by ou Israel as by die heidendom. By die heidendom is dit aangewend om die wil van die afgode te leer ken. By die Romeine in die tyd van Jesus se omwandeling op aarde moes dit ook bekend gewees het, want toe Christus aan die kruis gehang het, het die soldate oor Sy klee die lot gewerp (Joh. 19:24). By die ou Germane was dit so erg dat hulle menigmaal hulle besittings, vrou, kinders en selfs hulle eie vryheid verloor het met hulle dobbelary.¹ Volgens die skrywer P. Jongeling, word daar vandag in Engeland meer as in al die ander Europese lande gedobbel. Hy verklaar dat daar gesê word dat daar maar twee dinge is wat 'n Engelsman tot 'n bloedige rewolusie sou kon beweeg: 'n verbod om bier te drink en 'n verbod om te wed.²

In ons eie land groei hierdie woekerplante ook welig. Behalwe perdewedrenne is daar talle en talle koerant-, advertensie- en ander wedstryde by die beslissing waarvan lotery en dobbelary in mindere of meerdere mate 'n rol speel.

'n Mens kan ook aanneem dat, namate die ontkerstening toeneem, hierdie euwels ook sal toeneem. Die ontkerstening het die groot massa gebring tot 'n puur materialistiese lewenshouding. Daar word geroep om brood en spele. Die arbeid en die lewe word nie meer gesien as 'n opdrag van Godswêë nie, en daarom het dit in menige opsig sinloos geword. In hierdie vreeslike, geestelike leegte gryp die mens dan na sterker prikkels om te ontsnap aan die stille vertwyfeling wat op die agtergrond van sy bestaan gedurig op die loer lê.³ En twee van hierdie prikkels is lotery en dobbelary.

Om die verskillende vorms van lotery en dobbelary reg te kan beoordeel, moet ons eers weet wat die Skriftuurlike beskouing omtrent die lot en die gebruikmaking van die lot is.

Die gebruik van die lot is 'n buitengewone godsdienstige handeling, dit is 'n vorm van gebed waarin 'n mens God aanroep om 'n beslissing te gee in sake waarin ons nie in staat is om 'n beslissing te gee nie.⁴ Dat die aanwending van die lot 'n dergelike betekenis het, blyk onder andere uit Spr. 16:33 wat so lui: "In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die Here." Hieruit blyk dat die gebruik van die lot 'n uitgesproke godsdienstige handeling is en 'n gebed tot God om 'n beslissing te gee.

In die Ou Testament word drie soorte lotsbeslissinge onderskei.⁵

Die eerste is die *lot van openbaring of voorspelling*. Daardeur is van God 'n openbaring en inligting omtrent die toekoms gevra. Dit het veral geskied deur die gebruik van die Urim en die Tummim (Num. 27:21; Ex. 28:30).

Die tweede is die *lot van raadpleging*. Voorbeelde van die gebruik van hierdie lot is toe Agan as dief aangewys is en toe Jonatan aangewys is as die oorsaak waarom God Saul nie wou antwoord nie (Jos. 7; I Sam. 14:41, 42).

Die derde is die *lot van verdeling* waardeur iets onder twee of meer partye verdeel is om rusie en twis te voorkom. In Spr. 18:18 word na hierdie soort lotsbeslissing verwys as gesê word: "Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar." Baie voorbeelde hiervan word in die Skrif gevind, byvoorbeeld die verdeling van die land Kanaän onder die verskillende stamme (Jos. 15:1); die aanwysing van die betrokke priester wie se beurt dit is om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand (Luk. 1:9) en die aanwysing van Matthias as apostel in die plek van Judas Iskariot (Hand. 1:24-26).

¹ P. Jongeling: *Woord en Wandel*, Groningen, 1959, bl. 179.

² Ibid. bl. 180.

³ Ibid. bl. 183, 184.

⁴ Dr. W. Geesink: *Gereformeerde Ethiek*, Kampen, 1931, bl. 300. Vgl. ook dr. B. Duvenage: *Lotery en die Christen*, in die *Almanak van die Geref. Kerk in S.A.*, 1961, bl. 161.

⁵ Dr. W. Geesink, a.w. bl. 300, 301; dr. B. Duvenage a.w. bl. 161, 162.

Van hierdie drie soorte van lotsbeslissinge kom net die laaste in die Nuwe Testament voor. Die eerste twee is spesifiek eie aan die Ou Testament en nie meer nodig vir ons aan wie die volle raad van God deur Sy Woord bekend is nie (II Petr. 1:9). Al wat deur ons dus gebruik kan word, is die lot van verdeling. Maar ook as hierdie lot gebruik word, moet dit so geskied dat die doel en karakter daarvan, soos deur die Skrif bepaal, nie verloën word nie. Daarom moet, volgens dr. Geesink,¹ die volgende vier voorwaardes in ag geneem word by die aanwending van die lot:

1. Daar moet nie vermetel na die lot gegryp word as 'n beslissing op 'n ander wyse, byvoorbeeld deur die gebruik van die Skrif of van die eie verstand bekom kan word nie.
2. Die lot moet met eerbied gebruik word omdat hier na 'n goddelike beslissing gevra word.
3. Geen bygeloof mag aan hierdie gebruik van die lot geheg word nie.
4. Dit mag alleen gebruik word vir regverdige en geoorloofde dinge, vir sake wat ernstig en belangrik is.

Wat moet ons nou onder *lotery* en *dobbelary* soos in die algemene spraakgebruik bekend, verstaan? Dit kan so gestel word: "Lotery is die gebruik van lotsbeslissinge ter wille van die spel en ander motiewe; dobbelary is lotery ter wille van finansiële wins."²

Laat ons nou eers op *lotery* ingaan.

Watter sonde is geleë in sodanige aanwending van die lot?

Soos ons gesien het, is lotery in wese niks anders nie as die aanroeping van die Naam van die Here vir 'n besondere beslissing. En as lotery nou in spel plaasvind, kom dit daarop neer dat die Naam van die Here aangeroop word ter wille van spel, tydverdryf, ens. En dit mag nie! Dit is 'n ontheiliging van die Naam van die Here en 'n sonde teen die derde gebod. Dit kom op dieselfde neer as om die Here in gebed aan te roep of 'n eed in Sy Naam te sweer ter wille van spel en vermaak. Dit is heiligskenis. Die heilige word verlaag tot spel.³ So 'n gebruik van die lot is 'n misbruik van hierdie gawe van God — 'n misbruik wat ingaan teen die doel waarmee Hy dit aan ons gegee het en daarom 'n verzet teen Sy goddelike ordinansies.⁴ Bowendien leer die Skrif ons dat die lot steeds met eerbied en in baie gewigtige sake aangewend is en dit kan van lotery soos by ons bekend nie gesê word nie.

By *dobbelary* is die saak nog baie erger want hier word lotery aangewend vir finansiële wins. Die dobbelaar doen dus mee in die hoop om geld te ontvang.

Hier word behalwe teen die derde, ook teen die eerste gebod gesondig. Die geluksgod word gestel in die plek van die enige, ware God en op hom word dan vertrou. Dr. A. Kuyper stel dit so: So keer die mens hom dus van die geloof in God af om sy geloof op die Geluk te rig en doen dus feitlik niks minder nie as om God te verlaat en die Geluk as sy god te eer.⁵ Die dobbelaar verruil God dus vir die geluksgod — en dit terwyl die Here self in die eerste gebod verklaar: "Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie." Dat die Here Hom oor hierdie sonde vertoorn, blyk ook uit Jes. 65:11 en 12: "Maar julle wat die Here verlaat, wat My heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot — Ek sal julle bestem vir die swaard..."

Die dobbelaar sondig verder ook spesifiek teen die tiende gebod. Want wie kan ontken

¹ A.w. bl. 302.

² W. J. de Klerk en J. H. van Wyk: Woord en Antwoord, Potchefstroom, 1963, bl. 168.

³ Dr. W. Geesink, a.w. bl. 340, 341.

⁴ Dr. A. Kuyper: E Voto III, Kampen, s.j. bl. 543.

⁵ Ibid. bl. 545.

dat ons hier te doen het met sondige begeerlikheid?¹ Die dobbelaar is in werklikheid niks anders as 'n vuilgewinsoeker nie.

"Daar is verskillende geoorloofde weë waarlangs die geld van die een na die ander kan gaan. Ons kan dit in ruil ontvang by wyse van koop of verkoop. Of ons kan 'n geskenk of erflating ontvang. Die derde manier is om daarvoor te werk. So tog verkry ons besittings waarvan ons rentmeesters is voor die Here. Waar kom die dobbelaar nou in? Hy verkry sy geld op geeneen van hierdie drie maniere nie."² Die dobbelaar verkry sy geld op so 'n wyse dat sy hele wins 'n algehele verlies van sy mede-dobbelaar beteken.³ Daarom kan dobbelary 'n berowing met wedersydse goedkeuring genoem word.⁴ En daarom is die dobbelaar 'n vuilgewinsoeker.

Bowendien is hy ook 'n gierigaard, 'n hebsugtige en liefdelose persoon. Hy gee nie om dat baie ander mense hulle geld verloor nie — as hy maar net daardie geld in die hande kry. Ja, wel het die ander persoon ooreengekom om "saam te speel", maar dit verander aan die saak nog niks nie. As 'n ander persoon my toelaat om hom te vermoor, durf ek hom dan vermoor? Op hierdie vraag sal die dobbelaar miskien *nee* antwoord maar tog antwoord hy deur sy dade *ja* as aan hom gevra word of hy 'n ander persoon met die se toestemming kan beroof. Derhalwe is dobbelary 'n sonde teen die tweede tafel van die wet en 'n oortreding van die gebod van Christus dat ons ons naaste moet liefhê soos onself.

Nou word daar dikwels beweer dat die winste wat op hierdie wyse verkry word ook aangewend sal word vir liefdadigheid. Ons moet ons daardeur egter nie laat mislei nie. Die liefdadigheid moet hier bloot as lokaas dien. Dit gaan vir die organiseerders en die deelnemers werklik nie soseer om liefdadigheid as om winste vir hulle eie sakke te verkry nie. Want watter soort liefdadigheid is dit wat nie omgee dat baie persone die geld waarmee hulle in die noodsaaklike behoeftes van hulleself en hulle gesinne moes voorsien, geheel en al verloor nie? Doen Satan hom nie hier voor as 'n engel van die lig nie?

Daarom kom tot al die dobbelaars en alle organiseerders van dobbelarye die Woord van die Here wat sê: "Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skandelige begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is die wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor" (I Tim. 6:9, 10).

Dobbelary dien ook verder veroordeel te word omdat dit by die mens onrus en onsekerheid bewerkstellig. Waar die gewone persoon wat getrou sy arbeid verrig, seker is dat hy loon daarvoor sal ontvang, daar leef die dobbelaar steeds in die angs dat hy mag verloor en die angs word groter namate die hoeveelheid geld wat hy op die spel plaas, groter is. En die angs word nog groter as by verlies van daardie geld, ook sy vrou en kinders daaronder gaan ly.

Dobbelary is beslis nie uit God nie, maar uit die wêreld. Iemand stel dit so: In hierdie dobbel is ongetwyfeld die *wêreld*, daardie kompleks van deug verlamme faktore wat niemand mag liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie, I Joh. 2:15.⁵

Uit die voorgaande blyk dit dat die dobbelaar hom besondig teen God en sy naaste. Daarom mag 'n Christen nooit daaraan meedoen nie.

Nou verstaan ons ook waarom ons Nagmaalsformulier sê dat dobbelaars geen reg het

¹ P. Jongeling, a.w. bl. 206.

² Dr. B. Duvenage, a.w. bl. 165.

³ "Weddenskappe en Dobbelary", uitgegee op gesag van die Anti-Lotery Konferensie, gehou op Bloemfontein, 2 Des. 1931, bl. 8.

⁴ Ibid. bl. 9.

⁵ Dr. Schippers: De Gereformeerde Zede, Kampen, 1955, bl. 39.

om toe te tree tot die Nagmaalstafel nie en ook aan hulle verkondig word dat as hulle in hierdie sonde volhard, hulle geen deel in die ryk van Christus het nie.

HOOFSTUK 24: FILM EN BIOSKOOP

Die bioskoop het in ons tyd die plek geword waar 'n baie groot deel van die wêreldbevolking hulle ontspanning gaan soek. Volgens 'n berekening wat in 1950 gemaak is, gaan oor die hele wêreld 300 miljoen mense per week na die bioskoop. Ook in ons land het dit ongetwyfeld die ontspanningsterrein geword wat die drukste besoek word. En nou is dit sekerlik nodig dat ons as Christene ons moet besin oor die betekenis van die bioskoop en die invloed wat daarvan op ons volk en veral op ons jeug — wat dit die meeste besoek — uitgaan. Op enkele opvallende kenmerke van die moderne bioskoopwese wil ons hier wys, sodat ons met die oog daarop 'n duidelike standpunt met betrekking tot die bioskoop kan inneem.

I. DIE DOEL VAN DIE BIOSKOOP

Die doel van die bioskoop is tweërlei: om geld te maak en om ontspanning en vermaak aan te bied. Eintlik kan 'n mens dit suiwerder stel: Die doel is om geld te maak en die aanbidding van ontspanning en vermaak is die middel om die doel te bereik. Daarom moet dit wat aangebied word van so 'n aard wees dat soveel as moontlik mense daarheen gelok word, want hoe voller die bioskoopsele, hoe groter is die wins vir die eienaars en die filmbase.

Wie beweert dat die vernaamste doel van die bioskoop artistieke beïnvloeding en uitbouing van die kultuur is, is blind vir die werklike feite.

II. DIE LAAGSTAANDE MORELE PEIL

Hoewel dit erken moet word dat daar sekere goeie films is wat 'n sedelik hoogstaande gees adem, kan dit nie ontken word nie dat die meeste films wat in bioskope vertoon word van 'n lae morele peil is. Trouens 'n opname het getoon dat 95% in die laaste kategorie val.

Dat dit die huidige toestand is, is eintlik heeltemal te verstane. Want, soos reeds aangedui, is die doel van die bioskoop om geld te maak deur mense wat toegangsgeld moet betaal daarheen te lok. Om die doel te bereik word enige middel aangewend. 'n Middel wat veral met baie groot sukses aangewend word, is die spekulasie met sekere maklik prikkelbare drange van die mens. Derhalwe is die sensasionele, die moreel bedenkbare van lewensbelang vir die moderne film- en bioskoopbedryf.

Ter staving hiervan dien die volgende mededelings in 'n bekende dagblad: "Europese filmers het jare gelede besef dat 'openlike' seks . . . baie bydra tot 'n rolprent se welslae in die kaartjieskantoor . . . Hollywoodse filmers — wat hoofsaaklik in terme van klinkende munt en krakende note dink — het nou begin besef dat hulle vinnig sal moet optree as hulle in die 'behoefte' wil voorsien." En die "behoefte" waarin voorsien moet word is die behoefte "waarin die bestaande sedelike opvattinge al meer verwerp word en die naakte vroulike liggaam steeds meer as lokaas gebruik word".¹

Die meeste films van ons tyd is doelbewus daarop gerig om die sinne te prikkel en seksuele begeertes op te wek. Hierdie feit bepaal natuurlik ook weer watter vrouens in 'n kans staan om as filmsterre te fungeer, naamlik slegs hulle wat deur hulle liggaamsbou — wat dan besonder beklemtoon word — prikkelend op die bioskoopgangers kan inwerk. In 1956 is in Parys, Frankryk, reklame gemaak vir 'n bepaalde film en met die volgende woorde in groot liggende letters is verwys na die filmster wat optree: "Marilyn Monroe, die mees begeerde vrou ter wêreld." En in die film *The Carpetbaggers* verskyn die "seksimbool" Carol Baker vir vyf-en-dertig sekondes nakend op die doek.²

Die wet van God leer ons dat ons nie mag begeer nie. Christus het ook gesê: "Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg"

¹ Die Transvaler, 10-4-1964, bl. 17.

² Die Transvaler, 10-4-1964, bl. 17.

(Matt. 5:28). Maar met hierdie tipe films is die produsente doelbewus daarop uit om die begeertes op te wek om daardeur die mense na die bioskoop te trek. Baie gaan dan ook om in die stille donkerheid aan hulle duistere begeertes bevrediging te bied.

Die filmbase weet heel goed watter plek die seksuele hartstog inneem in die lewe van die deur sonde verworde mensheid en op sowel brutale as geraffineerde wyse gaan hulle nou juis die snare van die menslike hartstogte bespeel en die films aanpas by die smaak en sondige begeertes van die massa. Daarom staan hierdie films van begin tot end in diens van die vors van die duisternis en beteken dit 'n afbraak van die koninkryk van God. Die kind van God moet baie ver daarvan wegbly, want luister hoe waarsku Christus ons: "As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit van jou af weg; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie" (Matt. 5:29).

Kan 'n mens verwag dat dit in die toekoms miskien beter sal gaan? 'n Filmverslaggewer antwoord: "Een ding kan 'n mens met sekerheid aanvaar: die tradisionele sekssimbole — die Monroe's en Bardot's — sal eerlank verdwyn. In hulle plek sal ons iets rouer kry."¹

Behalwe die bovermelde kan nog genoem word dat moord, roof, brandstigting, afpersing, bedrog, ontvoering, ens. in byna elke film wat in die bioskope vertoon word, aan die mense voorgehou word. Resensies oor films soos die volgende is heel gewoon in ons tyd: "As die jong leegleër wat sy geld verdien deur juweliers en bankiers te beroof en selfs Greta Garbo naboots om geld van fotografe in die hande te kry, is hy skitterend."²

Die bioskoopganger wat gedurig met hierdie sondige wanpraktyke op so 'n wyse gekonfronteer word asof dit nou maar die normale loop van die lewe is, se gees moet onvermydelik daardeur vergiftig word.

III. VALSE VOORSTELLINGS

Dit gebeur reëlmatig dat in die gewone films wat in die bioskope vertoon word, die werklikheid deur aksentverskuiwing vervals word. Dit gebeur in so 'n mate dat die films selfs die groot lewensverleuning³ genoem is. A. Bouman sê in hierdie verband: Die ernstigste beswaar wat 'n mens teen baie films kan aanvoer, is dat hulle die *werklikheid vervorm* en vervals, terwyl die jongmens dit dikwels nie besef nie.⁴ 'n Ander skrywer verklaar weer: Die oorgrote deel van die rolprente bestaan uit blinkende leuens; 'n wêreld wat uit louter skyn bestaan en waarin die norme byna altyd vervals word, word voor oë getower.⁵ So word die liefde menigmaal voorgestel as die spel van sinlik verlaafdes. Mooi liggaamsbou word meesal meer beklemtoon — asof dit belangriker is — as die adel van 'n waarlik liefdevolle, opofferende hart.

Die film bring 'n mens in 'n droomwêreld wat soms baie weinig in ooreenstemming met die werklike feite en harde werklikheid van die lewe is, maar terselfdertyd gee dit die indruk asof dit die volle lewe waar en eg weergee. Die film verdraai en verromantiseer die werklikheid terwyl die toeskouer onder die indruk verkeer dat hy met die waarheid te doen het.

Hierin is seker een van die grootste gevare van die bioskoop geleë, naamlik dat die gereelde bioskoopganger sy lewe, miskien heel onbewus, gaan probeer inrig volgens die illusie van die werklikheid wat hy op die doek sien. Die gevolg is dat sy sin vir waardes

¹ Die Transvaler, 10-4-1964, bl. 17.

² Die Transvaler, 20-2-1964, bl. 2.

³ Ds. S. J. Popma: De psychologie van de filmwerking, in: Onze houding tegenover bioskoop en film, Rotterdam, 1947, bl. 7.

⁴ A. Bouman: Bioscoop en jeugd, in: Onze houding tegenover bioscoop en film, Rotterdam, 1947, bl. 14.

⁵ P. Jongeling: Woord en Wandel, Groningen, 1959, bl. 131.

en siening van die lewensprobleme ook 'n aksentverskuiwing in 'n ongunstige sin ondergaan. Die leuen van die bioskoop aanvaar hy dan as waarheid en volgens hierdie "waarheid" probeer hy dan lewe.

Dit is ook geen denkbeeldige gevaar nie dat as die gereelde bioskoopganger nie daarin slaag om sy of haar lewe volgens die "gewaande waarheid" in te rig nie, dit desillusie en frustrasie tot gevolg kan hê wat hom of haar in wanhoop weer na die bioskoop terugdryf. 'n Duitse skrywer sê hiervan: Die gevaar bestaan dat reëlmatige besoek van die bioskoop verslawend en verdowend kan werk en die terugkeer tot die alledaagse lewe kan verhinder; die jong man kan, asof in 'n droomtoestand, in die arbeid geen voldoening meer vind nie en word dan tot steeds gereelder besoek van die bioskoop gedryf.¹ En S. J. Popma sê van die meisie wat haar geheel en al inleef in dit wat op die silwerdoek aan haar voorgehou word: Nadat sy 'n aand lank die na liggaam en omgewing verwende filmskone gewees het, vind die meisie haar huis en haar kamer, haar plek in die lewe en haar medemens terug as 'n armsalige desillusie.²

Tot dit alles lei die vervalsing en leuens van die bioskoop. Die gelowige kan nie anders as om in hierdie opsig 'n verband te lê tussen die bioskoop en die vader van die leuen nie, van wie Christus sê: "Julle het die duiwel as vader en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy is 'n mense-moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Joh. 8:44).

Onwillekeurig dink 'n mens ook hier aan die volgende woorde van die apostel Paulus oor die Antichris: "Hy wie se koms is volgens die werking van Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in ongeregtigheid" (II Thess. 2:9-12).

In hoe 'n mate is die moderne bioskoop reeds diensbaar aan die komende Antichris?

IV. VERVLAKKENDE WERKING

'n Ernstige beswaar teen die film soos dit vandag in die bioskope vertoon word, is dat dit 'n vervlakkende werking op die menslike gees het. Verskillende faktore werk daartoe mee.

As eerste kan die feit genoem word dat die film nie in staat is om die diep en ernstige probleme waarmee die mens worstel in hulle diepte en erns weer te gee nie omdat dit sake is wat eenvoudig net nie verfilm kan word nie. Die stryd wat daar dikwels in 'n mens se siel is, kan in 'n boek baie goed beskrywe word, maar die film vermag hier nie veel nie.

Hier het ons ook gekom by die rede waarom goeie boeke nie so verfilm kan word dat die volle inhoud daarvan waarlik in alle suiwerheid weergegee word nie. Daar is selfs beweer dat 'n film net die geraamte van 'n boek weergee en dan nog maar 'n maer geraamte.³ Dieselfde persoon verklaar ook heel tereg: Nou is dit my mening dat 'n mens deur 'n film juis dit wat literatuur tot literatuur maak, nie leer ken nie. Afgesien van die taal, die omskrywing, die duisende gedagtes en ander faktore wat nie in beeld gebring kan word nie, mis die toeskouer by die sien van 'n film, sy eie innerlike beeldvermoë.⁴

'n Verdere rede vir die vervlakkende werking van die film is dat 'n mens nagenoeg by alle films wat vandag in die bioskope vertoon word, feitlik nie nodig het om te

¹ K. F. Wilhelm Müller, aangehaal deur P. Jongeling, a.w. bl. 132.

² S. J. Popma, a.w. bl. 7.

³ Rico Bulthuis, aangehaal deur P. Jongeling, a.w. bl. 109.

⁴ Ibid. bl. 108.

konsentreer nie. 'n Mens word as 't ware teen wil en dank meegevoer. Eie aktiwiteit is byna heeltemal uitgeskakel. Die mens gee hom eintlik passief oor aan die werking wat van die film uitgaan. In 'n resensie oor 'n bepaalde film is daar selfs beweer "dat ons deur snert-films gekondisioneer is om op ons denkvermoë te gaan sit wanneer ons in 'n teater is."¹

Saam hiermee kan ook genoem word dat daar in die bioskoop omtrent geen besinning oor 'n bepaalde uitspraak of gebeurtenis *kan wees nie* omdat daar geen tyd voor is nie. Tydens die vertoning word die aandag onafgebroke gespanne gehou en geen geleentheid word gebied om 'n oomblik na die werklikheid terug te tree en te besin nie. Ook dit bring mee dat sake nie na behore volgens hulle morele en geestelike waarde beoordeel kan word nie.

Hierdie vervlakkende werking van die film moet hom noodwendig een of ander tyd wreek in die lewe van die gereelde bioskoopganger omdat daar 'n invloed van die film op hom uitgaan.

V. DIE INVLOED VAN DIE BIOSKOOP

Dat daar van die film 'n invloed op die mens uitgaan, kan nie betwyfel word nie. Dit is trouens 'n algemeen erkende en bekende psigologiese *wet* dat as 'n mens sien dat iemand anders 'n bepaalde daad met sukses verrig, dit by jou die neiging laat ontstaan om dit ook te doen. Die spreekwoord: woorde wek, maar voorbeelde trek, lê ook nadruk op hierdie reël.

Nou weet ons dat alles in die bioskoop so voorgestel word asof dit prakties uitvoerbaar is — ook die valse en verkeerde — en daarom. beïnvloed dit die mens, veral die jongmens met sy ontvanklike gemoed, deur hom, sonder dat hy dit miskien self besef, aan te spoor tot navolging. S. J. Popma sê dat die reëlmatige bioskoopganger onbewus of half bewus sy woorde, daade en gedagtes rig na wat hom voorgetower is. In haar gelaatsuitdrukkinge en die wyse waarop sy haar hare opmaak, volg die meisie die voorbeeld van 'n vereerde filmster — selfs in die manier van loop, van gaan sit en opstaan. Verliefdes vertoon omgangsvorme wat kennelik uit Hollywood ingevoer is.² Daar bly in die siel van die gereelde bioskoopbesoeker 'n besinksel agter wat geestelike chaos beteken.³

Om hierdie rede is dit te verstane dat so 'n bioskoopganger se morele norme, persoonlike gedragslyne en lewens — en wêreldbeskouing gevorm word mede deur die invloed van die film. En as ons nou dink — soos in die voorgaande gestel is — aan die morele peil, die valsheid en leuens onder die skyn van egtheid en waarheid en aan die vervlakkende werking van byna al die films wat in bioskope en teaters vertoon word, dan besef 'n mens watter onchristelike en goddelose invloed daar van die bioskoop uitgaan.

Nou moet ons ook in gedagte hou met wie se invloed ons in die film te doen het. Uiteindelik is dit die invloed wat van die filmmaker uitgaan, want in die film word ons tog gekonfronteer met die standpunt wat hy inneem ten opsigte van bepaalde sake. Sy haat, sy liefde, sy geldsug, sy opvatting van die sedelike lewe — dit alles moet noodwendig deurwerk in die film. En aangesien baie van die filmbase gewetenlose mense is wat net wil geld maak en bereid is om alles, ook alle Christelike beginsels en morele standaarde daarvoor op te offer, moet die invloed wat van die film uitgaan ook dienooreenkomstig wees. Daarby moet onthou word dat dit in die film nie nodig is om 'n bepaalde standpunt te beredeneer of te bewys nie. Die persoon wat die bioskoop bywoon, moet die standpunt met oog en oor maar net inneem sonder dat die hoekoms en die waaroms daaromtrent beantwoord word.

¹ Die Transvaler, 7 Maart 1964, bl. 2.

² A.W. bl. 5, 6.

³ Ibid. bl. 9.

VI. INVLOED OP DIE JEUG

Die bioskoop het veral 'n groot invloed op die jeug.

Aangesien die gemoed van die jongmens besonder ontvanklik is, is die invloed wat van die bioskoop op hom uitgaan ook groter as op die volwassene. Die film voer die jeug in 'n skynwêreld wat hy dikwels in sy eie lewe probeer naboots. Deur sedelik laagstaande films word sy verbeelding besoedel, sodat dit sekerlik nie vergesog is om ook 'n nou verband tussen die bioskoop en die sedelike verval by die moderne jeug te lê nie.

Ook kriminaliteit by die jeug moet sonder twyfel deur die bioskoop bevorder word. Daar word hulle trouens vertrouwd gemaak met allerlei metodes van skelms en boewe soos byvoorbeeld hoe om op "suksesvolle wyse" 'n motor te steel, in te breek, geld te roof en selfs moord te pleeg. En nou is dit geen denkbeeldige gevaar nie dat jongmense wat die neiging tot kriminele daade het en wie se onderskeidingsvermoë nie voldoende ontwikkel is nie, deur sulke films tot dergelike wandade aangemoedig word. Polisiehoofde van Nederland het verklaar dat metodes van inbraak, diefstal, ens. wat in die bioskoop vertoon is, soms enkele dae daarna deur sekere jongmense in rooftogte aangewend is.

In 'n ondersoek wat in die Verenigde State van Amerika gedoen is oor die invloed van die bioskoop op die jeug, is onder andere tot die volgende konklusies gekom:

- (i) Die kinders onthou ongeveer die helfte van wat hulle sien. Hulle aanvaar dit wat hulle gesien het as feite en oefen daar geen of baie min kritiek op uit. Hulle feitekennis word meer in die ongunstige sin as die gunstige sin vermeerder.
- (ii) Die invloed op die gedrag van die jeug is nie gunstig nie en in baie gevalle selfs beslis ongunstig.
- (iii) Die invloed op hulle ideale, hulle gesondheid en hulle gevoelslewe kan ewe min gunstig genoem word.
- (iv) Die vraag of kriminaliteit by die jeug deur die invloed van die film bevorder word, is minder eenvoudig te beantwoord. Wel kan gesê word dat die invloed van die film, gekombineer met 'n aanwesige neiging tot bepaalde misdrywe, kriminaliteit by die jeug in die hand werk. Ook hier gaan die film nie vry uit nie.¹

VII. ONS HOUDING TEENOR FILM EN BIOSKOOP

Nadat in die voorgaande die karakter en invloed van die moderne bioskoop uiteengesit is, is dit seker nodig om te bepaal wat die houding van die Christen daarteenoor moet wees. En dan kan die skrywer hiervan nie tot 'n ander konklusie kom nie as dat die gelowige die openbare bioskope en teaters nie behoort te besoek nie. Dit pas nie by die kind van die Here om hom of haar te begewe na 'n plek waar feitlik dag en nag die ryk van die duiwel bevorder word nie. 'n Besoek aan die bioskoop, selfs wanneer daar by uitsondering 'n goeie film vertoon word, beteken dat ons met ons geld die bioskoopbedryf, waardeur week na week die geeste vergiftig word, ondersteun.

Dit alles wil natuurlik nie sê dat elke film as uit die Bose beskou moet word nie. Hoegenaamd nie! Trouens, die film self moet gesien word as 'n kultuurskat, meer nog, as 'n gawe van God wat, as dit reg gebruik word, sekerlik ook sal dien tot Sy eer. Dit is 'n middel waardeur die mens se kennis oneindig verryk kan word. Daaroor kan beslis geen twyfel bestaan nie. Maar wat hier beklemtoon word, is dat die film soos gebruik in die hedendaagse bioskope en teaters, nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie en daarom moet dit deur die gelowige vermy word. Die films wat vir die Christen wel aanvaarbaar is, moet dan ook heeltemal losgemaak word van die moderne Hollywoodagtige bioskoopwese.

Christus moet as Koning erken word op alle terreine van die lewe, maar dan moet daarby in gedagte gehou word dat as dit gebeur, daar sekere "terreine" is wat geen

¹ P. Jongeling, a.w. bl. 105.

bestaansreg het nie. As Christus erken word as Koning oor die film, beteken dit nie dat die film as sodanig in die ban gedoen word nie, maar wel die aanwending van die film deur die hedendaagse bioskoopwese. Hierdie laaste "terrein" het dan geen bestaansreg nie.

Hierdie standpunt van vermyding ten opsigte van die film in die bioskope en teaters moet nie gesien word as een van raak nie, smaak nie en roer nie aan nie (Kol. 2:21), maar dit wil alleen beklemtoon wat ons doopsformulier sê, naamlik "dat ons die *wêreld moet versaak*, ons oue mens moet kruisig en in 'n godsalige lewe moet wandel". En as hierdie vermyding van die bioskope lewensverarming beteken — wat moeilik aanvaar kan word — dan kan dit van die Christen verwag word om om Christus ontwil, die offer te bring, gedagtig aan die woorde in Openbaring: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie" (Openb. 18:4).

Ook deur ons houding teenoor film en bioskoop moet ons toon dat ons *in* hierdie wêreld is, maar nie *van* hierdie wêreld nie. Daarom verwerp ons nie die film as sodanig nie, maar die verworde, wêreldse, sondige vorm wat dit in die moderne bioskoop aangeneem het.

Deur so 'n standpunt mag ons vir onself die spot en selfs die veragting van die wêreld op die hals haal, dog dit moet ons nie afskrik nie, maar eerder aanspoor om des te vaster te gryp aan Christus wat gesê het: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind" (Matt. 7:13, 14).

HOOFSTUK 25: DIE VERFILMING VAN DIE BYBEL

Dit het in die jongste tyd mode geword om Bybelverhale te verfilm. Eers het net sekere Bybelfigure soos Simson en Delila op die doek gekom. Later is daar aan God ook 'n rol verleen, al is dit dan net dat Sy stem gehoor is. Uiteindelik is daar 'n film gemaak waarin Christus self die hoofrol speel.

'n Mens voel dit gaan van kwaad na erger. As 'n mens eenmaal doelbewus die sondige weg betree het, dan werk daar geen remme meer nie. Dit gaan voort tot. . . ja, tot waar?

Hierdie verfilming van die Bybel is niks anders nie as 'n duiwelse set van Hollywood om geld te maak deur op hierdie wyse die Christene in hulle duisende en miljoene na die bioskoopsale te lok en dan nog boonop hulle gewetens te sus met die wete dat hulle nie na "gemors" gaan kyk nie, maar na 'n "Bybelprent".

Dat hierdie sogenaamde Bybelprente deurspek is met die moderne Hollywood-idees waarin afgewyk word van die waarheid van die Bybel en waarin op gruwelik-sondige wyse die laagste drifte in die mens gestreel en gekoester word, daarvoor word geswyg. So is daar in die oorspronklike film van Simson en Delila 'n tafereel waarin hierdie twee persone mekaar feitlik nakend in die water omhels. Die vraag is: Waar word grond hiervoor in die Bybel gevind? En hoekom moet hulle dit juis feitlik nakend doen?

By die Bybel word dus bygevoeg en weggelaat na eie smaak en so maak die filmbase hulle skuldig voor die Here, want in Openb. 22:18 en 19 word gesê: "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van hierdie profesie hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boeke geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die Heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."

Die naam "Bybelprent" moet ons dus nie mislei asof ons nou met iets goeds te doen het nie. Dit is niks anders nie as 'n wolf in skaapsklere waarteen Christus baie ernstig waarsku.

Die karakter van die Bybel, as Woord van God, is van so 'n aard dat hy hom net nie laat verfilm nie. En wie dit ook al doen, doen afbreuk aan sy ware betekenis en haal die oordeel van God oor hom. Deur die verfilming van die Bybel word dit immers gedramatiseer en wel op so 'n wyse dat sy waarde verlaag word tot die van 'n gewone roman. Die Bybel word dan nie meer gesien as die absoluut onfeilbare Woord van God nie, maar as nog 'n boek wat verfilm kan word net soos al die ander.

Daarom kan hierdie Bybelprente ook geen evangelisasie-waarde hê soos sommige reken nie, want vir die gewone en gereelde bioskoopganger is die Bybelprent met sy helde en skurke (soos Hollywood daarvan maak) presies net soos die ander prente met hulle helde en skurke.

Trouens, waarom gaan dit in hierdie Bybelprente? Gaan dit om die allesbeheersende saak: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word?" Is dit bedoel om ons te ontdek aan ons sondes, sodat ons uitgedryf word na Christus as Verlosser om ons lewe uit dankbaarheid vir Sy verlossing aan Hom toe te wy? Is dit die doel van die filmbase by die verfilming van Bybelverhale? Helaas nee! Hulle doel is om die mense ook deur hierdie Bybelprente te vermaak en wat hulleself betref, om geld te maak. En hierdie doeleindes kan in al hierdie Bybelprente duidelik bemerk word. En omdat dit in hierdie films nie gaan om Christus as Verlosser nie, maar om geld en genot, is dit dwaasheid om te dink dat dit evangelisasie-waarde kan hê.

Hierdie films word veral afstootlik as daarin aan Christus self ook 'n rol gegee word. Christus word so verlaag tot 'n mens, al is dit dan 'n besondere mens wat bereid was om as martelaar te ly ter wille van Sy eie beginsel. Dat Hy waaragtig God en waaragtig mens is en dat Hy die ganse tyd van Sy lewe op aarde gely het vanweë die pes-atmosfeer van die sonde wat Hom omring, daarvan merk 'n mens niks nie. Trouens, dit

is ook absoluut onmoontlik om die Godheid van Christus op 'n doek of 'n prent weer te gee. Hoogstens kan Hy as 'n wonderdoener voorgehou word. En wie wel van Christus in een of ander vorm 'n beeld wil maak, maak hom skuldig aan wat in Rom. 1:23 staan, naamlik dat hy "die heerlijkheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens."

Wie Christus bloot as mens, al is dit dan as 'n besondere mens, uitbeeld of afbeeld, gee 'n verkeerde en onskriftuurlike beeld van Hom want Hy is waaragtig God en waaragtig mens en hierdie twee nature was in Hom nooit van mekaar geskei nie.

By die maak van beelde, ook filmbeelde van Christus, het ons te doen met 'n gruwelike oortreding van die tweede gebod. Op die vraag van ons Kategismus: "Wat eis God in die tweede gebod?" word geantwoord: "Dat ons van God nooit enige afbeelding mag maak nie," en daarom ook nie van Christus nie, want Hy is ook waaragtig God.

Om hierdie rede het kerkvaders soos Clemens, Tertullianus en Augustinus hulle verset teen die maak van beelde van Christus. By die konsilie van Elvira in 306 is daar ook besluit dat daar geen skilderye in die kerke mag wees nie *sodat nie op die mure geskilder word wat 'n mens moet vereer en aanbid nie*. As die mense vandag geleef het, sou hulle sekerlik dieselfde besluit geneem het met betrekking tot die filmbeelde van Christus.

Samevattend kan ons sê dat ons in die verfilming van die Bybel met niks anders te doen het nie as 'n listige poging van Satan om die Christendom so wêreldgelykvormig te maak dat daar uiteindelik tussen kerkmens en wêreldmens geen verskil meer op te merk is nie. Dan is die kerk nie meer kerk nie, maar 'n sinagoge van Satan.

HOOFSTUK 26: STERREWIGGELARY

Onder sterrewiggelary word verstaan die bygeloof wat veronderstel dat daar 'n verband is tussen die bewegings van hemelliggame en die lot van die mense. Die aanhangers van hierdie leer trag om uit die stand van die hemelligte die toekoms te voorspel. In besonder wil hulle die lewensloop van 'n mens leer ken uit die stand wat die planete tussen die sterre by sy geboorte ingeneem het.¹

Hierdie kettery is al horingoud. Dit kom oorspronklik uit Babilonië en van daar het dit na byna alle kultuurlande versprei. Die ou Babiloniërs was daarvan oortuig dat die toekoms nie noodwendig uit die sterre bepaal kon word nie, maar net so goed uit 'n skaaplewer of uit toevallige gebeurtenisse of selfs uit 'n misgeboorte.

In die moderne tyd is daar weer mense wat die piramide van Cheops te Gizeh in Egipte beskou as 'n bybel van klip, 'n profesie van steen. Uit die verskillende dele van die gebou lees hulle dan die ingrypende gebeurtenisse van die toekoms af — so beweert hulle immers.

Nou is dit duidelik: *die mense wat van die ware God en die ware Woord van God losgeraak het, maak vir hulleself nie net 'n god in een of ander afgod nie, maar hulle maak ook vir hulleself 'n woord van god, al is dit dan uit sterre, piramides, skaaplewers, "toevallige" gebeurtenisse en misgeboortes.*

So het die mens wat sy rug op die God van die Bybel gedraai het, in die uiterste dwaashede verval op 'n wyse wat vir enige mens wat 'n bietjie logika in hom het, aanstootlik sal wees. Hulle het daartoe gekom omdat hulle die Here versaak het, Hom nie meer dien, vrees, eer en gehoorsaam nie, want die vrees van die Here is die beginsel van ware kennis en wysheid (Spr. 1:7).

Werklik, die kritiese mens van ons tyd, kan moeilik enige troos vind in sterre of klippe of iets dergeliks.

Trouens, enige mens met gesonde verstand besef tog dat die sterre, skaaplewers, klippe van die piramides, ens. stom en dood is en dat daar ook geen werklike skrif daarin is nie. En wat die uitlêers en die wiggelaars daaruit aflees, is niks anders nie as die woorde en gefantaseerde gedagtes van die uitlêers self. *Die sterre, klippe, ens. spreek alleen soos hierdie mense self wil hê dat dit moet spreek.* Maar daarom spreek die sterre deur die monde van hierdie mense soveel bog, wat daaruit blyk dat, volgens die wiggelaars, die aarde in die afgelope 2,000 jaar al etlike kere moes vergaan het en nog nooit vergaan het nie.

Omdat hierdie mense dit nagelaat het om die lewende God te raadpleeg soos Hy tot ons spreek in Sy Woord, raadpleeg hulle nou dooie dinge soos sterre, klippe en lewers. En onwillekeurig dink 'n mens in hierdie verband aan wat die Here self deur sy dienskneg, Jesaja, gesê het: "Moet 'n volk nie sy *God* raadpleeg nie; moet vir die lewendes die *dooies* gevra word?" — of dit nou dooie mense of dooie klippe of dooie sterre is (Vgl. Jes. 8:19).

Terwyl die sterre, klippe, lewers, ens. *dood* en *stom* is, is die God wat in Christus Sy liefde vir sondears geopenbaar het, die *lewende* God en in die Skrif, die Bybel, het Hy Hom geopenbaar as die *sprekende* God. En as daar dan werklik 'n sprake tot ons uitgaan van byvoorbeeld die sterre, dan kan ons dit alleen verstaan as ons dit lees deur die bril van die Bybel.

As ons dit doen, het die sterre inderdaad heelwat vir ons te sê. *Dan getuig dit van die grootheid en majesteit van God.* So lees ons in Psalm 8: "As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het — wat is die mens dat U hom besoek." Psalm 19: "Die hemele vertel die eer van God en die uitspannel verkondig die werk van sy hande." Jesaja 40: "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het

¹ Christelike Encyclopedie I, Kampen, 1956, bl. 358, 359.

hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskaare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie."

Hieruit kan bemerk word dat die sterre 'n heeltemal ander taal spreek as die wat die wiggelaars voorgee. Maar hierdie taal kan die verdwaasde wiggelaars nie lees nie, omdat hulle as gevolg van die sonde bysiende of stiksienig of blind is.

Alleen as hulle deur die bril van die Bybel na die sterre kyk, sal hulle 'n suiwere perspektief hê en die eintlike getuienis wat daarvan uitgaan, verstaan.

Dat die sterrewiggelary van begin tot end een stuk bygelowige fantasie is waaraan nie die minste waarde geheg kan word nie, blyk, behalwe uit die ervaring, ook uit wat die Skrif ons leer. Spottend spreek die Here deur middel van Jesaja tot die bygelowige en ongelowige mense soos volg: "Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red — *die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal hom*. Kyk, hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand; hulle kan hulleself nie red uit die mag van die vlam nie . . . Dit het jy aan hulle . . . met wie jy jou vermoei het van jou jeug af; elkeen dwaal sy eie koers; niemand is daar wat jou red nie" (Jes. 47:13-15).

Heilige spot word hier gedryf met sowel die *beoefenaars* van die sterrewiggelary as met *die wat ag gee* op hulle "maandelikse" voorspellings.

Die beoefenaars van hierdie beroep kon met al hulle sterrekykery en voorspellings op grond daarvan, hulleself nie red nie. In plaas van om ander te help, is hulleself deur die gerig vernietig soos droë stoppels in 'n vuur. Hulle is mos die mense wat so noukeurig kan sê wat gaan gebeur en kyk wat het nou van hulle geword!

Maar volgens die aangehaalde woorde uit die profesie van Jesaja moes ook die wat op die voorspellings van die wiggelaars vertrou het, dit ontgeld. Hulle is heeltemal in verwarring gebring. "Elkeen dwaal sy eie koers." En hoe is hierdie Bybelse waarheid nie keer op keer bevestig by diegene wat ag gee op die woorde van die sterre-mense nie!

Ter bevestiging hiervan wil ons net verwys na wat volgens koerantberigte in die dae rondom 5 Februarie 1962 plaasgevind het toe die sterrewiggelaars weer vir die soveelste keer op grond van die stand van die sterre voorspel het dat die wêreld sou vergaan. Duisende Indiërs het toe vreesbevange gesit en wag op die "noodlottige" gevolge van die sameloop van agt planete. Sekere handelondernemings het gesluit en reëlings getref om voedsel aan bedelaars en armes uit te deel om die planete te paai. Mense het die polisie gebel om uit te vind wat hulle moes doen as 'n vloedgolf hulle tref of 'n meteoriet in hulle rigting kom. Buurvroue wat met mekaar in rusie geleef het, het besluit om sakies tussen hulle reg te maak voor die einde daar is. Versekeringsagente het goeie sake gedoen. In Suid-Nepal het 100 gevangenes ontsnap omdat die wagte hulle waaksaamheid laat verslap het daar hulle gereken het dat die stand van die planete die einde van die wêreld sou beteken.

So het die bygelowige mensdom hulle deur 'n klompie sterrewiggelaars *op* loop laat jaag. Maar daar het niks gebeur nie, behalwe dat 'n groep van hierdie sterrewiggelaars in Indië toegetakel is omdat hulle valslik allerlei rampe voorspel het.

So gaan dit met 'n arme mensdom wat van die enige ware God wat Hom in Sy Woord geopenbaar het en in Christus tot ons gewend het, losgeraak het of Hom glad nie wil ken nie.

In Jes. 44:24 en 25 lees ons: "So sê die Here . . . wat die tekens van die leuenprofete vernietig en die waarsêers tot dwase maak ..." En dit is presies wat toe in Februarie 1962 ook weer gebeur het. Weer eens het die Here die leuenprofete (want dit is die sterrewiggelaars inderdaad) wat "met soveel waarheid" gesê het wat gaan gebeur, tot dwase gemaak.

Uit die Woord van God weet ons dat die einde van die wêreld sal saamval met die

wederkoms van Jesus Christus. Wanneer dit sal plaasvind, weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, net die Vader alleen (Mark. 13:32). Maar die wiggelaars reken dat hulle meer wysheid en kennis besit as die engele of die Seun. Hulle reken hulle weet net soveel as die Vader in die hemel — altans in hierdie verband. *Uit dit alles kan hulle goddelose verwaandheid duidelik gemerk word. Hulle doen en late getuig van die uiterste vermetelheid.* Hulle haal die oordeel van God oor hulleself, want God laat Hom nie bespot nie.

Hulle gee voor dat hulle weet wanneer die einde van die wêreld daar sal wees, maar die Skrif leer ons dat dit sal gebeur *juis as niemand dit verwag nie* (Matt. 24:44) — behalwe natuurlik die ware kinders van Jesus Christus wat Sy koms en einde van die wêreld elke dag moet verwag en elke uur daarvoor gereed moet wees. En daarom het al die opspraakwekkende woorde van die wiggelaars vir hulle niks te sê nie. Hulle is altyd gereed.

Die groot probleem van al die sterrewiggelaars is dat hulle een ster, ja die STER nog nooit leer ken het nie. Dit is die "blink Môrester" waarvan ons lees in Openb. 22:16. Dit is Jesus Christus! As hulle Hom leer ken het, sal hulle sien dat al hulle sterre-wysheid dwaasheid is in vergelyking met die wysheid wat hulle in en deur en by Hom verkry. As hulle hul deur die Ster laat lei, sal hulle bewaar word vir valse voorspellings en dwase teorieë en net die waarheid spreek.

Hierdie Ster bring die ware lig in die lewe van elkeen wat Hom aanneem — al is alles rondom die ene duisternis. Hy bring rus, vrede en kalmte in die lewe van elkeen wat sy lig oor hulle laat skyn — al is die wêreld rondom vol onrus en senuweeagtige gejaagdheid. Hy gee aan 'n mens die ware koers te midde van al die koersloosheid van 'n deur die sonde verwarde mensdom.

Wie Hom in die geloof aangeneem het, sal gereed wees as die einde van die wêreld aanbreek.

HOOFSTUK 27: ONS ARBEID

'n Mens hoor in ons tyd van baie werkgewers die klag dat hulle werknemers nie pligsgetrou is nie. Gedurende werksure sit hulle soms en skerts en ginnegaap of hulle is besig met hulle privaatsake.

Dit gebeur selfs dat hulle in werktyd uitglip om gou inkopies te gaan doen. Bowendien word die werk dikwels in so 'n traak-my-nieagtige gesindheid gedoen dat dit vol foute en onnoukeurighede is en baie keer die indruk van slordigheid gee. Geen kwantiteit maar ook geen kwaliteit word gelewer nie.

Wat 'n mens in hierdie verband veral baie seermaak, is dat hierdie getuienis dikwels van Christene gegee word.

Op verskillende implikasies van hierdie manier van arbeidsverrigting kan gewys word. So kan daarop gewys word dat op hierdie wyse die werkgewer se tyd en geld gesteel word. Sy tyd word gesteel as ek byvoorbeeld in die tyd wat ek wettig en volgens ooreenkoms in sy diens staan, my eie privaatsake verrig of niks verrig nie en sy geld word gesteel omdat ek aan die einde van die maand van hom volle betaling verwag ook in die tye wat ek gedurende werksure niks gedoen het nie — in elk geval nie in sy diens nie.

Verder kan daarop gewys word dat op hierdie manier baie arbeidskragte en geld verspil word. Omdat diegene wat op 'n sekere plek werk, hulle werk nie getrou doen nie, kom die werk nie klaar nie en daarom moet ekstra persone in diens geneem word, en — dit kos weer ekstra geld. Of omdat die werk op 'n traak-my-nieagtige wyse gedoen word, is dit vol foute. Om hierdie foute reg te maak moet weer 'n bykomende persoon in diens geneem word. Weer dus 'n ekstra arbeidskrag en ekstra geld wat eintlik onnodig was.

Ons kan verder daarop wys dat op hierdie wyse die Republiek van Suid-Afrika seker meer skade aangedoen word as deur al die diewe en rowers saam — bankrowers ingesluit.

So sou ons op meer implikasies die aandag kon vestig. Maar wat ons egter veral duidelik wil aantoon is dat ons hier met 'n goddelose en geheel en al onchristelike werkwyse te doen het.

God se Woord het ook oor die wyse waarop ons ons werk doen iets aan ons te sê en daarom is dit nodig dat op enkele Skrifgegewens in hierdie verband die aandag gevestig word.

In Spreuke 18:9 lees ons: "Alreeds hy wat hom slap hou in sy werk, hy is 'n broer van 'n verwoester."

Die uitdrukking: "Hy is 'n broer van 'n verwoester", wil sê dat die persoon wat hom slap hou in sy werk self 'n verwoester is. En hoeveel verwoesting deur 'n slap houding in ons werk bewerkstellig word, kan uit die praktyk van die lewe baie duidelik gesien word. Slapheid in die werk het al dikwels skade, ongelukke, vermorsing van geld, arbeidskragte, ens. veroorsaak.

Ons moet ook daarop let dat die Spreuke-digter praat van een wat hom slap hou in sy werk sonder om hierdie werk nader te kwalifiseer. Daarom geld hierdie uitspraak van enige soort van werk: my werk waardeur ek my daaglikse brood verdien in 'n kantoor of fabriek of waar ook al; verder ook my huiswerk, my skoolwerk, my kerkwerk, my arbeid in diens van die Here. Op alle werkerterreine geld dit: Hy wat hom slap hou in sy werk, hy is 'n broer (of suster) van 'n verwoester.

'n Volgende Skrifgedeelte waarop hier gelet moet word, is Pred. 9:10: "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag."

Die Prediker bedoel hier dat ek, op watter terrein ek tot arbeid geroep word in diens van kerk, staat of maatskappy, daar moet ek my allerbeste lewer.

Die woorde: ". . . doen dit met jou mag" beteken dat ek al my kragte moet inspan om die grootste kwantiteit en die beste kwaliteit te lewer.

Daarby moet ons onthou dat ons in die woorde ". . . doen dit met jou mag" nie met 'n opinie van 'n mens te doen het nie, maar met 'n *bevel van God* en Sy bevele moet gehoorsaam word.

Ons moet verder ook dink aan die woorde van Christus: "Elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam" (Matt. 5:41). Wat Christus hier wil sê, is: Doen meer as wat gevra word, doen meer as net die absolute minimum. En die ervaring het ook al getoon dat die persone wat vooruitgaan in die lewe, wat die beste presteer op skool en universiteit, nie die is wat net met die minimum tevrede is nie, maar die wat met elke myl wat hulle verplig is om af te lê, uit hulle eie nog 'n ekstra myl daarby voeg.

Eindelik moet ons hier ook let op die derde bede in Onse Vader: "Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde." In hierdie bede vra ons volgens die Kategismus (antw. 124) die Here onder andere dat Hy ons die genade moet gee sodat ons ons amp en beroep so gewillig en getrou beoefen en uitvoer as wat die engele in die hemel dit doen.

Hier word die engele van die hemel dus aan ons voorgehou as voorbeeld van getroue arbeid wat ons moet navolg. En ons bid die Here in hierdie bede om ons te help sodat ons hierdie voorbeeld werklik kan navolg. Maar nou weet ons: Bid en werk gaan altyd saam. Daarom as ons die Here hiervoor gebid het, moet ons self ook alles in die stryd werp om dit te bereik wat ons in die gebed van Hom gevra het.

Uit hierdie verskillende Skrifgedeeltes kan dus gesien word dat God self van ons eis dat ons die werk wat ons moet verrig, van watter aard of karakter die werk ook mag wees — uitgesluit natuurlik die sondige werke — pligsgetrou en roepingsbewus moet uitvoer met al ons kragte en na die beste van ons vermoë — soos die engele in die hemel.

HOOFSTUK 28: WIE IS ONS VRIENDE?

Gewoonlik word in ons tyd gereken dat die kwessie van wie ons vriende is, 'n heeltemal neutrale saak is. Daar het die kerk en die ampsdraers van die kerk niks mee te doen nie. En dikwels sê kinders aan hulle ouers dat dit hulle nie aangaan met wie hulle (die kinders) vriendskap sluit nie, en — helaas! — menigmaal luister die ouers dan na die kinders!

Ons moet egter onthou dat vriende 'n groot invloed op 'n mens het. Die Skrif self leer dit duidelik in Spr. 13:20 as gesê word: "Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met die dwase verkeer, versleg."

Hoe baie is daar nie wat van die waarheid van hierdie goddelike uitspraak in hulle eie lewens kan getuig nie. Hulle het miskien met goeie, Christus-gelowige vriende kennis gemaak. Op die wyse is hulle lewens geestelik verryk en versterk. Nuwe geloofsperspektiewe is vir hulle geopen. 'n Verheffende invloed het tot hulle uitgegaan.

Die teendeel is egter ongelukkig net so waar. Hoe baie voorbeeldige mense se lewens is nie deur die modder gesleep deur slegte vriende nie? Hoe baie gelowiges moes nie uiteindelik uitvind dat hulle vriende in hulle pad staan as hulle die weë van die Here wil bewandel en voortgaan op die smal pad nie?

Hierdie sake moet deur ons goed oordink word by die keuse van ons vriende. Tereg sê die spreekwoord: Aan jou vriende word jy geken.

Veral ons jongmense en kinders moet tydig en ontydig gewaarsku word vir die invloed van verkeerde vriende.

Watter maatstaf moet ons dan aanlê by die keuse van vriende? Hierdie een: *sorg dat u vriende ook ware vriende van God in en deur Jesus Christus is ! Anders gestel: Soek u vriende in die kring van die verbond.*

Maar, sal miskien gevra kan word, as ek as gelowige vriendskap aanknoop met 'n ongelowige, kan dit nie gebeur dat deur my toedoen die persoon ook 'n gelowige kan word nie? Ja, dit kan en dit het ook al gebeur as die gelowige 'n baie standvastige persoon is. Maar meesal vind die teendeel plaas. In plaas van dat die gelowige die ongelowige nader aan die Here bring, word die gelowige deur die ongelowige verder van die Here af weggevoer.

Daarom waarsku die Spreuke-digter: "Hy wat met die dwase verkeer, versleg." En Paulus vermaan weer: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie" (II Kor. 6:4). Ook Jakobus stel dit duidelik: "Wie dan 'n vriend van die wêreld (en van die wêreld-mense) wil wees, word 'n vyand van God" (Jak. 4:4).

Wie is u vriende?